So is daar baie woorde wat ons in ons daaglikse spraak nie absoluut idiomaties-korrek gebruik nie. As daar in 'n groot saal *net* 'n handjievol mense is, sê ons die saal is „leeg." Ons bedoel natuurlik: byna leeg. In ons taal *oordryf* ons graag. Ons sê b.v. die wolk-*krappers* in Amerika is „hemelhoog" (wat nie *heeltemal* waar is nie—al is dit in Amerika!) Dan is daar ook mense wat beweer dat die moderne vrou „kaal" rondloop, dat Heeney „so sterk is soos 'n leeu," dat 'n man „alles lieg wat hy praat," ens. Ons hele taal sit vol oordrywings en *bewerings* wat nie absoluut waar is nie; maar net *betreklik* waar.

only. exaggerate. scrapers. quite. statements. relatively.

Dink maar aan die *ontkennings* in Afrikaans. Ook hulle word *feitlik* altyd betreklik gebruik. As ons iemand soek wat ons nie kan vind nie, sê ons: Ons kan hom „nêrens" sien nie. Maar dit wil nog nie sê dat hy nie êrens is nie. Wat ons werklik bedoel is dat hy nie is waar ons hom soek nie. Ons kan hom dus „nie" vind nie, of: ons kan hom nêrens vind waar ons soek nie. So sê ons *dikwels* ook: Moenie vir Jan wag nie; hy sal „nooit" kom nie, wanneer ons nie bedoel dat hy „nooit" sal kom nie (nooit is baie lank, sê die ou *spreekwoord*), maar dat hy „nie" sal kom nie, of nie so gou as wat ons *verwag* dat hy sal kom nie. Dis volkome reg om te sê dat die son se *strale* „nooit" koud kan wees nie, maar *beslis* nie reg om te beweer dat kapt. Campbell „nooit" die *snelheid*srekord van die wêreld op Verneukpan kan verbeter nie—want hoe weet u wat kan gebeur?

negatives. practically. often. saying. expect. rays; certainly. speed.

Ons sien dus dat daar tog gevalle is wanneer niks nie heeltemal niks is nie. Laat ons *ten slotte* nog by een verdere *gedagte* oor „niks" stilstaan. In die Bybel lees ons dat God die wêreld uit „niks" *geskep* het. Ons aardbol dus, met sy miljoene en biljoene mense, met sy seë en berge en vlaktes, met sy *ontelbare* diere en *gewasse*—alles uit niks! U en ek en ons *medemens*, ons almal kom uit niks! As daar dus nie „niks" was nie, dan was die hele wêreld nie daar nie; dan was daar, *wat ons betref*, werklik „niks."

in conclusion. thought. created. uncountable. things that grow. fellow-man. as far as we are concerned

Dink u nou nog dat niks niks is nie? Is niks nie miskien alles nie?

## LES EEN-EN-TWINTIG.

### DIVERSE AANTEKENINGE.

### MISCELLANEOUS NOTES.

### A. COMPOUND NOUNS.

The vocabulary in Afrikaans is considerably increased by the use of compound words which are, as we have seen in Les 18, always written as one word (except in the case of certain compound verbs whose component parts can be separated).

In Afrikaans, nouns can be compounded as follows :—

| | | |
|---|---|---|
| (1) Noun | + noun, *e.g.* | skoolbank (school desk), inkpot. |
| (2) Verb stem | + noun, *e.g.* | eetkamer (dining-room). |
| (3) Adjective | + noun, *e.g.* | voorvader (ancestor). |
| (4) Numeral | + noun, *e.g.* | drie-uur (three o'clock), driekwart (three-quarters). |

In the examples given above, the second part of the compound is a noun, and the two words are simply joined together so as to form a new word. Though most compound nouns are formed in this easy way, sometimes a letter (or letters) is inserted between the two parts of the compound, such letters acting as connection-sounds. S and E are frequently used to connect the parts of a compound noun, *e.g.* land**s**taal (language of the country), uniwersiteit**s**kollege, volk**s**lied (national anthem), bedd**e**goed (bedding), boer**e**plaas (farm).

In rare cases other connection-sounds are used, as in : kind**er**skool (kindergarten), kalw**er**hok (pen for calves).

In this connection the student should note that where the first word ends in **s** and the second begins with **s**, we have a double **s** in the compound ; *e.g.* :—

| | |
|---|---|
| rotsspelonk | (rots + spelonk— grotto). |
| jassak | (jas + sak — coat pocket). |
| grassaad | (gras + saad — grass seed). |

Further it is important to know that **lewe** (life) and **gees** (spirit), when they form the first part of a compound, become **lewens** and **geestes** in the compound word ; thus :—

lewe + taak becomes **lewens**taak (life task).

lewe + werk becomes **lewens**werk (life work).

gees + toestand becomes **geestes**toestand (state of mind).

## B. ABBREVIATIONS.

Study the following abbreviations :—

| | | |
|---|---|---|
| (1) m.a.w. | = | met andere woorde (in other words). |
| (2) d.w.s. | = | dit wil sê (that is to say). |
| (3) o.a. | = | onder andere (inter alia). |
| o.m. | = | onder meer (inter alia). |
| (4) ens. | = | en so voort (etcetera). |
| (5) b.v. | = | by voorbeeld (for example ; e.g.). |
| (6) p.a. | = | per annum. |
| (7) p/a | = | per adres (c/o = care of). |
| (8) L.V. | = | Lid van die Volksraad (M.P. = Member of Parliament). |
| (9) L.P.R. | = | Lid van die Provinsiale Raad (M.P.C. = Member of the Provincial Council). |
| (10) get. | = | geteken (sgd. = signed). |

## C. IDIOMATIC EXPRESSIONS.

(*a*) Aansoek word gedoen om 'n vakante betrekking (application is made for a vacant post).
(*b*) 'n Poging word aangewend om iets te doen (an attempt is made to do something).
(*c*) 'n Moord word gepleeg (a murder is committed).
(*d*) Oorlog is verklaar (war was declared).
(*e*) Vrede is gesluit (peace was made).
(*f*) 'n Plan is beraam (a plan was made).
(*g*) 'n Bevel was gegee (a command had been given).
(*h*) 'n Bevel was uitgevoer (a command had been executed).
(*i*) 'n Bestelling word geplaas (an order is given—to a grocer).
(*j*) 'n Bestelling word uitgevoer (an order is executed).

## D. USES OF TOE.

The different ways in which **toe** can be used in Afrikaans are apt to confuse the student.

In Afrikaans we find **toe**—

(1) With verbs of motion towards a place (*vide* Les 18, the Hyphen) *e.g.* :—

Ek gaan na die stasie **toe.**
(or : ek gaan stasie-toe).

When used in this way **toe** is an adverb of place.

(2) As an adverb of manner, *e.g.* :—

Maak die deur **toe** (literally : Make the door shut).

(3) As an adverb used as an adjective, i.e. before the noun, *e.g.* :—

Ons het voor 'n **toe** deur gestaan.

(4) As a subordinate conjunction referring to **past time,** when it is equivalent to English "when."

**Toe** ek klaar was, het ek huis-toe gegaan.

**Toe** when used as a conjunction can only be used for past time; for the present or future **as** or **wanneer** must be used for English " when." As will be seen later, in Afrikaans extensive use is made of small words like **toe** (so-called " form-words "—vormwoordjies), by means of which we are able to express a great amount of meaning with the simplest mechanism. These „vormwoordjies" play a very important part in Afrikaans, and are an indispensable asset to the language in so far as they are the means by which this language is enabled to express those fine nuances of meaning which in other languages are expressed by inflected forms.

**Toe**, then, is always a sign of the past; so much so that, even when used with the present—as it is very frequently in narrative prose with the so-called " historic present "—it expresses past time. In other words,

**Toe** + the Present = the Past, *e.g.*

**Toe** ek **sien** dat daar vir my niks was om te doen nie, het ek huis-toe gegaan.

(When I **saw** that there was nothing for me to do, I went home.)

**Note.—Huis-toe** = (to) home.
**tuis** = (at) home.

## E. KEN AND WEET.

Both are verbs meaning " know," but followed by different constructions. **Ken** must be followed by a direct object, **weet** by a subordinate noun clause. Compare the following :—

Ek **ken** hom.
Ek **weet** wie hy is.

Ek **ken** my les.
Ek **weet** wat daarin staan.

## F. MENSE, LANDE, TALE.

Die **Duitsers** woon in **Duitsland** en praat **Duits.**
Die **Engelse** woon in **Engeland** en praat **Engels.**
Die **Skotte** woon in **Skotland** en praat **Skots.**
Die **Iere** woon in **Ierland** en praat **Iers.**
Die **Franse** woon in **Frankryk** en praat **Frans.**
Die **Hongare** woon in **Hongarye** en praat **Hongaars.**
Die **Swede** woon in **Swede** en praat **Sweeds.**
Die **Nore** woon in **Noorweë** en praat **Noors.**
Die **Dene** woon in **Denemarke** en praat **Deens.**
Die **Russe** woon in **Rusland** en praat **Russies.**
Die **Italiane** woon in **Italië** en praat **Italiaans.**
Die **Amerikaners** woon in **Amerika** en praat **Amerikaans.**
Die **Australiërs** woon in **Australië** en praat **Engels.**
Die **Kanadese** woon in **Kanada** en praat **Engels** en **Frans.**
Die **Afrikaners** woon in **Suid-Afrika** en praat **Afrikaans** en **Engels.**

Die **Spanjaarde** woon in **Spanje** en praat **Spaans.**
Die **Nederlanders** woon in **Nederland** en praat **Nederlands.**
(Hollanders) (Holland) (Hollands).
Die **Chinese** woon in **China** en praat **Chinees.**
Die **Japanners** woon in **Japan** en praat **Japannees.**
Die **Indiërs** woon in **Indië** en praat **Indies.**
Die **Indiane** woon in **Amerika** en praat **Indiaans.**
Die **Arabiere** woon in **Arabië** en praat **Arabies.**
Die **Jode** woon in **Palestina** en praat **Joods.**
Die **Grieke** woon in **Griekeland** en praat **Grieks.**

## G. COMPOUND ADJECTIVES.

Very frequently in Afrikaans we find compound adjectives like **spierwit,** etc., which express a very high degree, and consequently have no degrees of comparison. A short list of these is given below which should be studied carefully :—

| Compound Adjective. | English meaning or equivalent. |
|---|---|
| 1. Spierwit, sneeuwit | 1. Snow-white (spier=muscle) |
| 2. Pikswart, gitswart | 2. Pitch-black, jet-black |
| 3. Grasgroen | 3. Emerald-green (very green) |
| 4. Potblou | 4. Very blue |
| 5. Bloedrooi | 5. Blood-red |
| 6. Asvaal | 6. Very grey (as=ash) |
| 7. Goudgeel | 7. Golden yellow |
| 8. Stroopsoet, suikersoet | 8. Very sweet (stroop=syrup) |
| 9. Galbitter | 9. Gall-bitter |
| 10. Asynsuur | 10. Vinegar-sour |
| 11. Spekvet, varkvet | 11. Very fat (spek=bacon) |
| 12. Brandmaer | 12. Very thin or lean |
| 13. Skatryk | 13. Fabulously rich (skat=treasure) |
| 14. Brandarm | 14. Very poor |
| 15. Papnat, sopnat | 15. Soaking wet |
| 16. Kurkdroog | 16. Dry as a bone (kurk=cork) |
| 17. Hemelhoog | 17. Sky-high |
| 18. Propvol | 18. Full to overflowing |
| 19. Dolleeg | 19. Absolutely empty |
| 20. Doodmoeg | 20. Dead-tired |
| 21. Wêreldberoemd | 21. World-famous |
| 22. Yskoud | 22. Ice-cold |
| 23. Vuurwarm | 23. Glowing hot, scorching hot |
| 24. Skreeulelik | 24. Very ugly |
| 25. Wonderskoon | 25. Wonderfully beautiful |
| 26. Hemelsbreed | 26. Vast, very great |
| 27. Stokdoof | 27. Deaf as a doorpost |
| 28. Stokblind | 28. Blind as a bat |
| 29. Splinternuut | 29. Brand-new |
| 30. Stokoud | 30. Old as the hills, very old |

| | |
|---|---|
| 31. Doodgoed (see 20) | 31. Very good, too good |
| 32. Bloedweinig (see 5) | 32. Very little |
| 33. Kerngesond | 33. Sound, healthy to the core |
| 34. Doodversigtig (31, 20) | 34. Over-careful |
| 35. Doodsbleek | 35. Deadly pale |
| 36. Wawyd | 36. Very wide |
| 37. Bitterswaar | 37. Very difficult |
| 38. Papryp | 38. Over-ripe |
| 39. Doodseker | 39. Cocksure |
| 40. Doodgelükkig | 40. Quite happy |

Notice that **dood** is often used to express a very high degree, as in 40, 39, 35, 34, 31, 20; **stok** in stokblind, stokdoof, stokoud; **brand** in brandarm, brandmaer.

## Oefening 21a.

Vorm samegestelde woorde van die volgende, en gee die betekenis van die woorde wat u so gevorm het, b.v. klas + kamer = klaskamer (classroom) :—

| | | |
|---|---|---|
| os + wa | boer + plaas | lewe + krag |
| volk + lied | blik + bord | rib + been |
| volk + bond | kind + skool | spoor + weg |
| konsessie + kaartjie | skip + breuk | Waal + straat |
| raad + lid | stad + saal | gees + ontwikkeling |
| kalf + hok | lewe + skets | naturel + vraagstuk |
| Tafel + berg | Kalk + baai | Onderwys + departement |
| staat + man | werk + man | ses + uur |
| bos + wêreld | eet + tyd | koning + ryk |
| lees + stof | | |

## Oefening 21b.

Vertaal in Afrikaans :—

(1) When they saw that they could not put their trust in the government they declared war.

(2) No attempt is being made to aid the farmer.

(3) Hereby I wish to apply for the vacant post of shorthand-typiste in your office.

(4) A meeting will be held in the City Hall, Darling Street, Capetown, at eight o'clock.

(5) When the general had given the command, the soldiers fled.

(6) Mr. Steyn, M.P., for Dooiepoort, left with the early morning train.

(7) I gave you an order which has not been executed.

(8) A railway official is appointed by the Railway Board.

(9) It was clear that a cruel murder had been committed.

(10) I am not going to the bioscope as I have an appointment with the dentist.

### Oefening 21c.

(*a*) Gee die trappe van vergelyking van :—

| | | | |
|---|---|---|---|
| nuut | aantreklik | jonk | verlate |
| naak | oud | goed | moeg |
| vas | baar | | |

(*b*) Skryf voluit in woorde :—
8,744,977 ; $\frac{5}{9}$.

(*c*) Verklaar :—

| | | | |
|---|---|---|---|
| m.a.w. | d.w.s. | o.a. | asb. |
| b.v. | i.p.v. | mnre. | |

### Oefening 21d.

Gebruik in gepaste sinne :—

| | | | |
|---|---|---|---|
| weens | sedert | veral | met betrekking tot |
| volgens | indien | terwyl | al |

### Oefening 21e.

Vul in die ontbrekende voorsetsel :—

(1) Hy ly baie ...... hoofpyn.
(2) Die vader is trots ...... sy seun.
(3) Die trein vertrek ...... nege-uur.
(4) Die kinders luister ...... die onderwyser.
(5) Hy was kwaad ...... my.
(6) Vertel ons iets ...... jou reis.
(7) Ek sal jou ...... tienuur ...... die stasie kry.
(8) Ek gaan ...... voet, maar jy kan ...... trem gaan.
(9) ...... hoeveel dele bestaan die boek ?
(10) Ek verlang ...... jou.

## LEESOEFENING.

### BESTE GERT.

„Rietfontein,"
Dist. Worcester.
22 Augustus 1928.

Beste Gert,

Nou dat ek weer tuis is kan ek jou iets vertel van die wonderlike vakansie wat ek agter die rug het. Jy weet hoe moeilik dit gaan om te skrywe terwyl 'n mens met vakansie is ; dan eers *besef* 'n mens dat hoe minder jy te doen het, hoe minder wil jy doen. Ek het dikwels gevoel dat ek graag my *indrukke* van die Viktoria-waterval aan jou wou oordra, maar daar was soveel om te sien en te doen dat ek nooit so ver gekom het nie. Jy moet dus maar in hierdie *geval* die wil vir die daad aanneem en

realises. impressions. case.

compensation. regard. rest.

hierdie brief as *vergoeding beskou*. As jy met vakansie gaan, sal ek ook nie meer van jou kan verwag nie as om te skrywe nadat jy weer tot *bedaring* gekom het.

from here. boring. shorten. otherwise.

Om van vooraf te begin: ek het op 2 Augustus *hiervandaan* vertrek. Die vier dae in die trein was nie so *vervelend* soos wat ek verwag het nie. 'n Vriend het tot by Mafeking saamgery, en dit het gehelp om die tyd te *verkort*; ook was die wêreld so *anders* as hier by ons dat ek urelank by die venster kon uitkyk.

year before last. brand new. big game. itched. rifle.

Die Karo het ek geken, want ek was *voorverlede jaar* tot by De Aar; maar die Rhodesiese doringbome was vir my *splinternuut*, en alte mooi so tussen die grasvlaktes gesaai. Van tyd tot tyd het ons *grootwild* gesien, en my vingers het *gejeuk* om die trekker van 'n *geweer* te druk.

from. visit. stretch out.

By Boelawajo moes ons *vanaf* die oggend vroeg tot vyfuur vir die trein na die Victoria-waterval wag; maar dié tyd het ons goed gebruik deur 'n *besoek* aan Rhodes se graf in die Matoppos. Daar op die koppie, waarvandaan 'n mens duisende rotskoppies tot aan die horison sien *uitstrek*, voel 'n mens baie klein.

departed. at last. tumbling. volume of water.

In die agtermiddag het ons na die Waterval *vertrek*, en die volgende oggend was die end van die lang reis op hande. 'n Hele ruk voordat ons by die stasie gekom het, kon ons die miswolk, wat hoog bo die Waterval hang, al sien; en toe die trein *uiteindelik* by die stasie instoom, kon die dowwe gedreun van die *neerstortende watermassa* duidelik gehoor word.

however. waited. world-famous.

Die hotel, wat by die stasie staan, is een van die bestes in die hele land. Ons het *egter* die eerste oggend nie lank daar *versuim* nie, maar het dadelik gebad en ligte klere aangetrek—want selfs in Augustus is dit in Rhodesië warm—en daarna het ons reguit na die brug gegaan om ons eerste indruk van die *wêreldberoemde* Waterval te kry.

mad haste. rages on. calculation. within an inch. hear.

Die brug self is 'n wonderwerk: sonder 'n pilaar hang dit oor die diep kloof waardeur die bruisende stroom in *dolle vaart voortwoed*. Hulle het dit van weerskante af begin bou, en so akkuraat was die *berekening* dat die twee punte *op 'n duim na* teen mekaar gepas het. Dis interessant om te *verneem* dat die twee punte van die brug bymekaar gebring is op dieselfde dag, en byna in dieselfde uur toe die boorders mekaar in die middel van die beroemde Simplon-tonnel, tussen Italië en Switserland, ontmoet het.

vague idea.

Maar die Waterval! As ek jou maar 'n *floue denkbeeld* van die wonderlike gesig kan gee! Stel jou voor 'n stroom water, oor die duisend tree wyd, wat in 'n afgrond van vierhonderd-en-twintig voet stort: die gedonder, die

*draaikolke* daar onder in die byna *bodemlose* dieptes, die *opstygende* mis wat weer in sagte *reënbuie* op die toeskouer neerval—dit alles moet 'n mens sien om dit te glo; en dan die reënboogkleure as die son op die miswolke val!

whirlpools.
bottomless.
rising.
showers of rain.

Die *plantegroei* rondom die Waterval is tropies; en die sogenoemde Reënwoud is die *moeite* werd om te sien. Daar reën dit gedurig, want die Woud lê net onderkant die Wáterval; 'n mens moet sorg dat jy 'n *baaikostuum*, of anders ou klere met 'n reënjas bo-oor, aanhet voor jy daarin gaan.

vegetation.
trouble.
bathing costume.

Maar dit sou onmoontlik wees om alles van my reis in een brief te *beskrywe*. Later skryf ek weer iets daaroor.

describe.

Met beste groete,

Van jou vriend,

Dirk.

## TOETS VYF.

(1) Skryf 'n opstel van omtrent dertig reëls oor één van die volgende :—

(*a*) Musiek.
(*b*) Wat Tafelberg vertel.
(*c*) Verdwaal.
(*d*) Die klimaat van Suid-Afrika.
(*e*) Die mag van die pers. (30)

(2) Voltooi die volgende sinne :—

(1) Nêrens sien ons dat........................
(2) Daar hy skuldig was ......................
(3) Mits jy saamgaan .........................
(4) Ek het hom nie geslaan nie omdat ...........
(5) Ofskoon ons op hom kan reken ............. (5)

(3) Verbind die volgende sinne deur middel van die voegwoorde wat tussen hakies staan :—

(*a*) Ek sal nie gaan nie. Dit reent. (as)
(*b*) Hy het gekom. Ons was bly. (toe)
(*c*) Niemand kan sê. Hy sal kom. (of)
(*d*) Dit is nog vroeg. Ons sal maar loop. (alhoewel)
(*e*) Dit is nog vroeg. Ons sal maar loop. (al) (5)

(4) Vul in die ontbrekende voornaamwoord :—

(1) Is dit die man ...... jy vertrou ?
(2) Kinders, is die potlode ...... ?
(3) Die trein ...... ek sit gaan na J.
(4) 'n Mens moet ...... medemens help net waar ...... kan.
(5) Die vrou ...... ons gepraat het, is iemand ...... jy kan glo.
(5)

(5) (*a*) Vul in die regte vorm van die byvoeglike naamwoord tussen hakies, en vertaal :—

| | |
|---|---|
| 'n (vaag) idee. | 'n (wyd) vloer. |
| die (ander) kamer. | 'n (breed) plank. |
| 'n (wreed) barbaar. | 'n (goud) ketting. |
| 'n (vas) oortuiging. | 'n (geweldig) slag. |
| 'n (lang) dag. | 'n (beleef) man. |

(10)

(*b*) Gee die meervoud van :—

| | | | |
|---|---|---|---|
| lied | hemp | skip | gemoed |
| graaf | deug | sog | vergadering |
| genot | gebrek | | |

(5)

(6) Gebruik in sinne sodat die onderskeid in betekenis duidelik sal uitkom :—

| | | | |
|---|---|---|---|
| { sterwe / sneuwel | { ontdek / uitvind | { veldslag / slagveld | { verbied / gebied |
| { na / agter | | { ken / weet | |

(12)

(7) Voltooi die volgende sinne :—

(1) Indiërs woon in ...... en praat .......

(2) Indiane woon in ...... en praat .......

(3) In Engeland woon ...... wat ...... praat.

(4) In Frankryk woon ...... wat ...... praat.

(5) In Duitsland woon ...... wat ...... praat.

(6) In Italië woon ...... wat ...... praat.

(7) In China woon ...... wat ...... praat.

(8) In Japan woon ...... wat ...... praat.

(9) In Holland woon ...... wat ...... praat.

(10) In Suid-Afrika woon ...... wat ...... praat. (18)

(8) Voltooi die volgende sinne met byvoeglike naamwoorde wat die hoogste graad uitdruk ; b.v. Iets wat baie wit is, is spierwit.

(1) Iets wat baie swart is, is

(2) Iets wat baie groen is, is

(3) Iets wat baie soet is, is

(4) Iets wat baie suur is, is

(5) Iemand wat baie vet is, is

(6) Iemand wat baie maer is, is

(7) Iemand wat baie ryk is, is

(8) Iemand wat baie arm is, is

(9) Iemand wat baie nat is, is

(10) Iemand wat baie moeg is, is (10)

## LES TWEE-EN-TWINTIG.

### DIE WERKWOORD—THE VERB.

In this paper only those aspects of the use of the verb which we regard as being of fundamental importance from the English-speaking students' point of view will be dealt with. In subsequent chapters the Afrikaans verb will be discussed more fully (*vide* Lesse 30-33).

### 1. INFLECTION OF THE VERB.

In Afrikaans there are comparatively few inflectional changes in the verb. For instance, the form of the verb does not change to express difference in number or person. The present tense of **loop** (go, walk) would therefore be :—

ek loop, jy loop, u loop, ons loop, etc.

In other words, the form remains unchanged, and it is the noun or pronoun preceding the verb which indicates whether the verb is singular, plural, first, second or third person.

To express difference in time and mood Afrikaans makes frequent use of auxiliaries. Thus the future of **loop** is : ek **sal loop** (*i.e.* sal + present) ; the simple past : ek **het geloop** (*i.e.* het + past participle) ; the imperative : jy **moet loop** (or simply : loop !).

As has been pointed out before, the form of the verb, though it does not change when used with most auxiliaries (*e.g.* sal, wil, moet, mag, etc.), is changed in the case of **het** (which aids to form the past tense) **word, is** and **was** (when "word," "is" and "was" are used to express passive voice). Thus :—

Ek sal loop (I shall go).
Ek wil loop (I want to go).

But :—

Ek **het geloop** (I went, walked ; did go ; have gone).
Ek **word geslaan** (I am (being) beaten).
Ek **is geslaan** (geword) (I was beaten, have been beaten).
Ek **was geslaan** (I had been beaten).

**Note.**—Forms like „geloop" „geslaan," etc., are known as past participles. Though most verbs form their past participles by ge + the present, in the case of verbs that are inseparably compounded the past participle has the same form as the present (*i.e.* no **ge** is prefixed), *e.g.* :—

Ek **het** die saak **ondersoek** (I investigated the matter).
Die eksamens **het** al **begin** (not : gebegin).
(The examinations have already commenced.)

### 2. HET, WORD, IS, WAS.

The student should note that these verbs may be either **auxiliaries** (*i.e.* verbs which help other verbs to form a tense) or **finite** verbs (*i.e.* independent verbs, needing no aid). See Les 9.

### As Auxiliaries—

**Het** helps to form past tense, *e.g.*
ek **het** geslaan (I beat or have beaten).

**Word** helps to form the passive:
ek **word** geslaan (I am beaten).
ek sal geslaan **word** (shall be beaten).

**Is** helps to form the simple past passive:
ek **is** geslaan (geword) (I was, have been beaten).

**Was** helps to form the pluperfect passive:
ek **was** geslaan (I had been beaten).

### As Finite Verbs—

**Het** = to have, possess.
Ek het — ek sal hê — ek het gehad.
**Word** = to become.
Ek word, sal word, het geword.
**Is** = to be.
Ek is, was, sal wees.
**Was** = was, past tense of the finite verb **is.**

## 3. VORMWOORDJIES AND THE AFRIKAANS VERB.

The comparative paucity of inflectional forms in Afrikaans (and many modern languages) sometimes induces unthinking critics to remark on the "poverty" of the language—and such a remark would not be entirely devoid of truth if the wealth or poverty of a language depended on the number of inflected forms it can boast. As it is, a language is either "rich" or "poor," not in the abundance or scarcity of its inflectional forms, but according as it is an efficient means of expressing the thoughts and feelings of the people who speak the language. And the means by which this end is attained—whether it be a host of inflectional forms or not—is the only standard by which we can judge whether a language is "rich" or "poor."

Now most modern languages like Afrikaans make use of prepositions and other "small" words to attain an end which older languages (like Greek and Latin) reached via inflectional forms.

In Les 21, paragraph D, we have pointed out that in Afrikaans extensive use is made of so-called "*vormwoordjies*" (form-words), and we have seen that in the course of time **toe** (the conjunction) has been so strongly associated with past time that its mere presence suffices to change a verb, whose **form** is present, to the past.

To express nice differences in time these "vormwoordjies" are indispensable to Afrikaans. For example: There is in Afrikaans no difference **in form** between the present perfect (I have come), the past incomplete (I came) and the pluperfect (I had come); to express all of these we use the one form: **ek het gekom** (*i.e.* het + the past participle). Nevertheless, by using "vormwoordjies" in conjunction

with the form "het gekom," any doubt as to which of the above tenses is intended immediately disappears. Compare the following sentences :—

Present Perfect : Hy het **nou net** gekom (He has just arrived).

Past Incomplete : Hy het **gister** gekom (He came yesterday).

Pluperfect : **Toe** ek daar kom, het hy **alreeds gekom** (When I came there, he had already come.)

The student will no doubt have noticed that for the most part these "vormwoordjies" are adverbs of time which, by being constantly used in a specific context, have acquired an extraordinary syntactic importance. A few of the most common are :—

**Nou** (now), for present time.
**nou net**, **so ewe**, **so pas** } (just), for the present perfect.
**alreeds**, **reeds**, **al** } (already), for the pluperfect.
**dan** (then), **netnou** (in a moment) } for the future.
**toe** (when), for the past incomplete.

**Note.**—Very often it is clear from the context alone which action precedes and which follows, and in such cases no "vormwoord" need be used, *e.g.* in the sentence :—

"Nadat ek die man **geslaan het, het** ek **geloop**,"

"het geslaan" obviously precedes the action "het geloop"; in other words the former is pluperfect, the latter past, as is evident from the English translation : After I **had beaten** the man, I **went** away.

## 4. THE PROGRESSIVE OR CONTINUOUS TENSE IN AFRIKAANS IS :—

**Present Time.**

Ek is aan skryf
Ek is aan die skryf
Ek is aan 't skryf
Ek is besig om te skryf
} I am writing or I am busy writing.

**Past Time.**

Ek was aan skryf
Ek was aan die skryf
Ek was aan 't skryf
Ek was besig om te skryf
} I was writing or I was busy writing.

## 5. THE PASSIVE VOICE.

The student should pay very close attention to the following :—

| **Afrikaans.** | **English.** |
|---|---|
| (1) Ek word geslaan. | I am beaten (I am being beaten.) |
| (2) Ek is geslaan (geword). | I was beaten, have been beaten. |
| (3) Ek was geslaan. | I had been beaten. |

"Ek is geslaan (geword)" is the passive of the past continuous; "ek was geslaan" that of the pluperfect, *e.g.*:

Gister, toe jy **geslaan is, was** ek **geslaan,** want ek **is** eergister **geslaan.**

(Yesterday when you were beaten, I had been beaten, for I was beaten the day before.)

## 6. COMPOUND VERBS

in Afrikaans can be either separably or inseparably compounded, that is to say, in the first case the component parts of the verb can be separated, in the second not.

In Les 32 this aspect of the verb will be dealt with at some length. In the meantime the student will do well to remember the following general rules :—

If the two parts forming the compound can stand alone, it is separable; if not, inseparable. Thus **uitstel** (postpone) is separable because there is a word **uit** and a word **stel**, but **bestel** (to order) is inseparable because there is not a word **be.** All compound verbs beginning with prefixes such as **be-, ge-, er-, her-, ont-, ver-** (not the word **ver**=far) would thus be inseparable.

This is a very general rule which cannot be applied in all cases; at this stage, however, the student will find it a great aid.

A few sentences illustrating the use of compound verbs are given below. The student should refer to these when and as occasion arises.

### Separable.

Uitstel = to postpone.

**Present:** Ek stel uit.
*E.g.* Ek **stel** die vergadering **uit.**
I postpone the meeting.

**Future:** Ek sal uitstel.
*E.g.* Ons **sal** die vergadering tot môre **uitstel.**
We shall postpone the meeting till to-morrow.

**Past:** Ek het uitgestel.
*E.g.* Ons **het** gister die vergadering **uitgestel.**
We postponed the meeting yesterday.

**Infinitive:** Om uit te stel.
*E.g.* Ons het besluit **om** die vergadering **uit te stel.**
We decided to postpone the meeting.

**Imperative:** Stel uit.
*E.g.* **Stel** die vergadering **uit.**
Postpone the meeting.

### Inseparable.

Bestel=to order (place an order).

**Present:** Ek bestel.
*E.g.* Ek **bestel** die goedere.
I order the goods.

**Future :** Ek sal bestel.

*E.g.* Ek **sal** die goedere **bestel.**
I shall order the goods.

**Past :** Ek het bestel.

*E.g.* Ek **het** die goedere **bestel.**
I ordered the goods.

**Infinitive :** Om te bestel.

*E.g.* Ons het besluit **om** die goedere **te bestel.**
We decided to order the goods.

**Imperative :** Bestel.

*E.g.* **Bestel** die goedere dadelik.
Order the goods immediately.

### Oefening 22a.

Skryf die volgende sinne oor in die lydende vorm (passive voice) en vertaal :—

(1) Hy skryf 'n brief aan sy ouers.
(2) Hy sal 'n brief aan sy ouers skryf.
(3) Hy het 'n brief aan sy ouers geskryf.
(4) Ek pas die kinders op.
(5) Ek het sy aanbod aangeneem.
(6) Nadat ek die man geslaan het, het ek geloop.
(7) Jy moet die kind slaan want hy het my blomme uitgetrek.
(8) Waarom het die Kaffer die osse geslaan ?
(9) Die man wat my geslaan het, het ek gesien.
(10) Wie het my boek gesteel ?

### Oefening 22b.

Skryf die volgende sinne oor :—

(*a*) In die verlede tyd.
(*b*) In die toekomende tyd.

(1) Die student weet wat om te doen as hy in die moeilikheid kom.
(2) Die hond word deur die man geslaan.
(3) Ek doen aansoek om die vakante betrekking omdat ek nie langer wil rondslenter nie.
(4) My pa het 'n groot tuin waarin hy groente kweek.
(5) Jan is 'n soet seun.

### Oefening 22c.

Vul in die regte vorm van die samegestelde werkwoord tussen hakies en vertaal :—

(1) Ons (insluit) 'n tjek, groot £5.
(2) Ek (aanneem) die aanbod.
(3) Hiermee wens ons u (meedeel) dat u aansoek (aanneem) is.
(4) Dit spyt ons om u te berig dat ons u versoek nie kan (toestaan) nie.
(5) Die raad (oorweeg) sy versoek.

(6) Die son (ondergaan) saans vroeg.
(7) (Toemaak) die deur agter jou.
(8) Ek het toe (voorstel) om al die vriende (uitnooi).
(9) Hy (aflê) 'n eed in die hof.
(10) Hy het sy bedanking (indien).

### Oefening 22d.

Gebruik in flink sinne :—

Toe (as bywoord, byvoeglike naamwoord en voegwoord);
Baie (as bnw. en bywoord);
Sy (in drie betekenisse);
Leer (in twee betekenisse);
Lêer ; leër.

### Oefening 22e.

Gee die verkleinwoordjies van :—

Bom, boom, wa, sofa, onderwyser, pad, meid, laken, ondervinding, wurm, pot, poot, boontjie, gat.

### Oefening 22f.

(*a*) Gee die vroulike vorm van :—

Haan, vors, voog, profeet, wewenaar, swaer, sekretaris, wolf, akteur, skrywer.

(*b*) Gee die manlike vorm van :—

Niggie, direktrise, leeuwyfie, merrie, meid, meisie, heidin, gravin, tikster, sog.

## 'N GEWONE BRIEF.

„Rusoord,"
Jansenstraat 10,
Kaapstad.
26 Julie 1929.

Beste Jan,

Jy het my gevra om *die een en ander* te vertel van die *besoek* van die *Britse Genootskap* aan Suid-Afrika, omdat jy nie die kans gekry het om die *verslae* van die *verrigtings* in die koerante *dop te hou* nie. Ja, jy voel soms seker jammer dat jy so ver van die stad af op 'n plaas moet woon, maar jy moet darem onthou dat julle weer *voorregte* geniet wat ons *stedelinge* moet *ontbeer*. My mond water soms as ek aan julle heerlike vrugte, vars groente en *smaaklike* Karovleis dink.

something. visit. British Association. reports. proceedings. follow. privileges. townspeople. do without. tasty.

Maar om na die besoek van die *geleerdes* terug te kom : Ons het op die oomblik meer wêreldberoemde mense in ons midde as wat in die *afgelope* vier-en-twintig jaar die

learned men. past.

geval was, want dis nou 'n *kwarteeu* gelede dat die Britse Genootskap hul *jaarvergadering* hier gehou het. Soos jy weet bestaan die Genootskap uit geleerdes wat elke jaar op die een of ander plek bymekaar kom om *allerlei wetenskaplike* sake te *bespreek*. Soms word daar *belangrike mededelings* gemaak van *ontdekkings* wat gedurende die afgelope jaar op 'n *sekere gebied* gemaak is. Daar word *openbare lesings* gehou wanneer *tegniese onderwerpe* op 'n populêre wyse aan die *algemene publiek opgedis* word. Hierdie lesings word goed deur die publiek *ondersteun*, want almal is *gretig* om iets uit die mond van hierdie beroemde manne te leer.

quarter of a century.
annual meeting.
all kinds of scientific.
discuss.
important.
announcements.
discoveries.
certain sphere.
public lectures.
technical subjects.
general public.
presented.
supported.
eager.

Die *eintlike* tegniese besprekings van die verskillende onderwerpe word deur *afsonderlike* groepe van die Genootskap se lede gedoen. Die *geoloë*, by voorbeeld, hou aparte vergaderings waarby hulle eie onderwerp bespreek word, terwyl die *soöloë* weer oor hul eie vak *uitwei*. 'n Mens kan jou voorstel dat sulke besprekings baie *vrug* moet *afwerp*, want dikwels gebeur dit dat die grootste outoriteite bymekaar kom om hulle onderwerp te bespreek. Die Genootskap se lede word nie net tot die Britse Ryk *beperk* nie: geleerdes word uit elke land *genooi* om aan die besprekings *deel te neem*.

actual.
separate.
geologists.
zoologists.
enlarge.
bear fruit.
limited.
invited.
take part in.

Jy kan jou dus *voorstel* hoe interessant dit is om die openbare lesings *by te woon* en die verslae van die verrigtings in die nuusblaaie te volg.

imagine.
attend.

Die weer het die besoekers baie goed behandel. Dit het net voor hulle aankoms *aanhoudend* gereent, maar vandat hulle hier geland het, het ons heerlike, sonnige dae gekry. Die besoekers kan nie genoeg van die mooi weer praat nie, en vind dit moeilik om te glo dat ons nou in die hartjie van die Kaapse winter is.

continuously.

Nou ja, ek moet nog 'n hele paar ander briewe skrywe, dus moet ek maar eindig.

Bring asseblief my beste groete aan die *familiekring* oor.

family circle.

Jou vriend,

PIET.

N.S.—Ek stuur vir jou 'n *klompie* koerante waarin daar verslae verskyn van die verrigtings wat tot dusver plaasgevind het.

number of.

P.

## LES DRIE-EN-TWINTIG.

### DIE SAKEBRIEF IN AFRIKAANS.

### THE BUSINESS LETTER IN AFRIKAANS.

### 1. GENERAL REMARKS.

When compiling a business letter the student should always bear in mind the following points of fundamental importance :—

(1) Be clear.
(2) Be concise.
(3) Be methodical.
(4) Be neat.

The business man has no time to waste in deciphering an illegible scrawl or in attempting to fathom the meaning of an ambiguous phrase, neither has he the time—or inclination—to peruse matter that is confidential, prolix or verbose. It is obvious, therefore, that in a business letter one should give only such information as is absolutely essential, and that this information should be worded in as short, concise and neat a way as is compatible with clearness.

Above all, be neat. Remember that the person who reads the letter—whether he be business man or examiner—attaches much importance to the general appearance of a letter. An untidy letter, badly laid out and wrongly punctuated, leaves a very unfavourable impression on the mind of the reader, and if the reader be examiner at the same time, the consequences may be disastrously unpleasant to the writer !

### 2. LAYING-OUT OF A BUSINESS LETTER.

The following is a much-used and generally accepted way of laying out a business letter :—

Adres van skrywer.
Datum.

Naam en adres van ontvanger.
Aanhef (salutation).

Liggaam van brief.
Body of letter.

Formele slot en Handtekening

## 3. EXAMPLE OF A BUSINESS LETTER.

Hoofstraat 19,
Cradock.
20 Januarie 1928.

Die Registrateur,
Kaapse Tegniese Kollege,
Langmarkstraat,
Kaapstad.

Waarde Heer,

Daar ek van plan is om my dogter, wat aan die end van verlede jaar in die Skoolhoëreksamen geslaag het, na die Kollege te stuur met die oog op 'n opleiding as snelskrif-tikster, sal ek bly wees as u my volledige besonderhede sal stuur insake kursusse, Kollegegelde, ens.

Graag verneem ek ook van u waar ek vir haar in Kaapstad goeie losiesplek kan kry waar sy onder behoorlike toesig sal staan.

Die uwe,
P. A. OUER.

## 4. LIST OF WORDS.

A list of words frequently used in business correspondence is appended. The English words are arranged in alphabetical order, with their Afrikaans equivalents. As it is essential that the student, before attempting to write a business letter in Afrikaans, should have at his command a business vocabulary, he is advised to lose no time in becoming thoroughly conversant with these words.

| | | | |
|---|---|---|---|
| application | aansoek | according to / in accordance with | volgens |
| appointment | aanstelling | | |
| amount | bedrag | | |
| appendix | byvoegsel | advantageous | voordelig |
| accordingly | gevolglik | advantage | voordeel |
| attention | aandag | | |
| account | rekening | business letter | sakebrief |
| assets | bate | business man | sakeman |
| acceptance | akseptasie | bill | wissel |
| accept | aanneem | balance | balans, saldo |
| advise | aanraai | branch business | takbesigheid |
| agent | agent | book-keeper | boekhouer |
| authority | outoriteit | book-keeping | boekhou |
| assurance (insurance) | assuransie / versekering | behaviour | gedrag |
| | | bankrupt | bankrot |

| | |
|---|---|
| insolvent | insolvent |
| bankruptcy | bankrotskap |
| insolvency | insolvensie |
| book (seats) | (sitplekke) bespreek |
| buy, purchase | koop, inkoop |
| buyer | koper |
| buying price | koopprys |
| bargain(s) | goeie ~~inkopie~~(s) |
| consider | oorweeg |
| consideration | oorweging |
| clerk | klerk |
| consignment | besending |
| consign | afsend, afstuur, versend |
| consignment note | vragbrief |
| creditor | skuldeiser, krediteur |
| convenient | gerieflik |
| inconvenient | ongerieflik |
| compensation | skadevergoeding |
| condition(s) | voorwaarde(s) |
| commands | bevele, opdragte |
| copy (of a paper) | uitgawe |
| copy (of a testimonial) | kopié, afskrif |
| copy (of a book) | eksemplaar |
| confirm | bevestig |
| cancel | kanselleer |
| company | maatskappy, kompanjie |
| cheque | tjek |
| capital | kapitaal |
| cash | kontant |
| client, customer | klant |
| clientele | klandisie |
| customs duty | doeanereg |
| customs duties | doeaneregte |
| consume | verbruik |
| consumer | verbruiker |
| department | departement, afdeling |
| doctor | geneesheer |

| | |
|---|---|
| disappoint | teleurstel |
| disappointment | teleurstelling |
| debtor | skuldenaar, debiteur |
| debit balance | debetbalans |
| debt | skuld |
| delay | oponthoud |
| demand (verb or noun) | eis |
| duties | pligte |
| deliver | aflewer |
| delivery | aflewering |
| disadvantage | nadeel |
| disadvantageous | nadelig |
| discharge, retrench, dismiss | afdank, ontslaan |
| discount, rebate | afslag, korting |
| duly | behoorlik |
| desk | lessenaar |
| enjoy | geniet |
| experience (noun) | ondervinding |
| enclose | insluit |
| enclosed | ingesluit |
| to enquire | navraag doen |
| enquiry | navraag |
| employer | werkgewer |
| employee | werknemer |
| fair, reasonable | billik |
| unfair, unreasonable | onbillik |
| factory | fabriek |
| firm (noun) | firma |
| for the time being | voorlopig |
| freight | vraggeld |
| grant | skenk |
| goods train | goederetrein, vragtrein |
| gain | wins |
| guarantee | waarborg |
| harbour(s) | hawe(ns) |

| | |
|---|---|
| health | gesondheid |
| hereby | hiermee |
| interest | rente |
| rate of interest | rentevoet<br>rentekoers |
| in the matter of<br>re | insake |
| instruct | beveel, gelas, opdra |
| instructions | bevele, opdragte |
| inform | meedeel, berig, verwittig, in kennis stel |
| information | inligting(s) |
| in arrear | agterstallig |
| indebtedness | skuld |
| invoice | faktuur |
| interview (noun) | onderhoud |
| judge | oordeel |
| leave (noun) | verlof |
| liabilities | laste |
| loss | verlies |
| merchandise | handelsware |
| merchant | handelaar |
| manufacture (verb) | fabriseer<br>vervaardig |
| manufacturer | fabrikant, vervaardiger |
| manager | bestuurder |
| money | geld |
| negotiable | verhandelbaar |
| notice | kennisgewing |
| order (verb) | bestel |
| order (noun) | bestelling |
| offer (verb) | aanbied |
| offer (noun) | aanbod |
| outstanding | uitstaande |

| | |
|---|---|
| on account | op rekening |
| on account of | weens |
| overdraw | oortrek |
| office | kantoor |
| owe | skuld |
| on the average | gemiddeld |
| proper | behoorlik |
| postpone | uitstel |
| pay | betaal |
| payment (settlement) | betaling<br>vereffening |
| partner | vennoot |
| partnership | vennootskap |
| passenger | passasier |
| purchases | inkope |
| quotation | notering |
| represent | verteenwoordig |
| representative | verteenwoordiger |
| reply | antwoord |
| refuse | weier |
| receipt (of a letter) | ontvangs |
| receipt (quittance) | kwitansie |
| refer | verwys |
| recommend | aanbeveel |
| recommendation | aanbeveling |
| regard (verb) | beskou |
| resign | bedank |
| resignation | bedanking |
| retailer | kleinhandelaar |
| railway(s) | spoorweg<br>(spoorweë) |
| request | versoek |
| salary | salaris |
| security | borg, sekuriteit |
| secretary | sekretaris |
| shorthand | snelskrif |
| stock | voorraad |
| situation, post | betrekking |
| supervision | toesig |
| services | dienste |

| | | | |
|---|---|---|---|
| supplement | byvoegsel | typewriting | tikskrif |
| sole trader | alleenhandelaar | typing | masjienskrif |
| transfer (verb) | verplaas | testimonial | getuigskrif |
| transfer (noun) | verplasing | trust (verb) | vertrou |
| transferable | oordraagbaar | tender (noun) | inskrywing |
| telegram | telegram | | |
| telegraph | telegrafeer | undoubtedly | ongetwyfeld |
| telephone (noun) | telefoon | | |
| telephone (verb) | telefoneer | | |
| type | tik | vacant | vakant |
| typist | tikker | vacancy | vakante betrekking |
| typiste | tikster | | |
| typewriter | tikmasjien | wage (noun) | loon |
| | | wholesaler | groothandelaar |

## Oefening 23a.

Vertaal die brief in die voorafgaande les, paragraaf 3, bl. 181.

## Oefening 23b.

Vertaal in Afrikaans :—

(1) An appointment as shorthand-typist was offered to me.
(2) I shall be glad to be transferred to a branch business.
(3) Enclosed you will find a copy of our latest price list.
(4) As I have no experience as book-keeper, the manager did not recommend me for the vacant post.
(5) I trust that you will grant me a personal interview.
(6) A bill is a negotiable instrument.
(7) We shall consider your application.
(8) It will be very inconvenient for us if you deliver the goods to-day.
(9) That firm is bankrupt; its liabilities are more than its assets.
(10) The wholesaler buys from the manufacturer and sells to the retailer.

## Oefening 23c.

Vertaal in Afrikaans :—

(1) I guarantee these goods.
(2) The employer had to retrench some of his employees.
(3) The debtors of the firm are more than the creditors.
(4) I instructed my agent to pay the customs duty and freight.
(5) Wages are paid daily or weekly, salaries monthly.
(6) He did not give me a receipt when I paid my account.
(7) The General Manager, South African Railways.
(8) There are two partners in the partnership.
(9) I want to study Commerce, Shorthand, Typewriting and Book-keeping.
(10) The doctor advised me to ask the manager for a transfer to a drier climate.

### Oefening 23d.

Gee die betekenis en trappe van vergelyking van :—

Woes, wreed, kwaad, laag, moeg, belangrik, onbeskof, dood, seer, moeilik, naak, vars, warm, bietjie, lig.

### Oefening 23e.

Vul in die regte voegwoord :—

(1) Ek kan nie gaan nie — ek is siek.
(2) — jy hard werk, sal jy nie slaag nie.
(3) Ek sal gaan — jy saam met my gaan.
(4) — die opgewondenheid 'n bietjie bedaar het, kon ons hoor wat hy sê.
(5) Hy is weer gesond — swak.
(6) — dit reent, is dit nat.
(7) Ek sal gaan — is ek nie genooi nie.
(8) Ek sal gaan — dit koeler is.
(9) Hoe verder hy gaan, — moeër word hy.
(10) Jy was so soet, — sal ek jou beloon.

### Oefening 23f.

Gee die teenoorgestelde van :—

'n Duur ring; ouderwetse klere; 'n vol glas; gaar vleis; 'n versoek toestaan; vooruitbetaalde geld; 'n gerieflike huis; skuldenaar; nadeel; bate; op rekening; werkgewer; groothandelaar; vervaardiger; loon.

## LES VIER-EN-TWINTIG.

### DIE SAKEBRIEF IN AFRIKAANS (*vervolg*).

### THE BUSINESS LETTER IN AFRIKAANS (*continued*).

### 5. SOME ABBREVIATIONS USED IN BUSINESS.

| | *Afrikaans.* | *English.* |
|---|---|---|
| advt. | advertensie | adv. |
| a.s. | aanstaande | next |
| a.s. maand | | prox. |
| asb. | asseblief | please |
| Bepk., Bpk. | beperk | Ltd. |
| bl., bls., blads. | bladsy(e) | p(p). |
| b.v. | by voorbeeld | e.g. |
| dept. | departement | dept. |
| des. | deser | inst. |
| d.i. | dit is | i.e. |
| dnr. | dienaar | servant |
| dos. | dosyn | doz. |
| dr. | dokter | Dr. |
| dt. | debet | Dr. |
| d.w.s. | dit wil sê | viz. |
| Ed. | Edele | Hon. |
| e.k. | eerskomende | next |
| eks. | eksemplaar | copy |
| ens. | en so voorts | etc. |
| Gebr. | Gebroeders | Bros. |
| get. | geteken | s. or sgd. |
| H.Ed. | Hoogedele | Hon. |
| h/v. | hoek van | c/o (corner of) |
| i.p.v. | in plaas van | instead of |
| i.s. | insake | re |
| I.S.M.D. | In Sy Majesteit se Diens | O.H.M.S. |
| j.l. | jongslede | ult. |
| Kie. (Ko.) | Kompanjie | Co. |
| k.b.a. | kontant by aflewering | c.o.d. |
| k.m.b. | kontant met bestelling | c.w.o. |

| | | |
|---|---|---|
| l.l. | laaslede | ult. |
| L.V. | Lid van die Volksraad | M.P. |
| m.a.w. | met andere woorde | in other words |
| mej. | mejuffrou | Miss |
| mev. | mevrou | Mrs. |
| mnr. | meneer | Mr. |
| mnre. | menere | Messrs. |
| My. | Maatskappy | Co. |
| nl. | naamlik | viz. |
| n.m. | namiddag | p.m. |
| o.a. | onder andere | inter alia |
| p.a. | per annum | p.a. |
| p/a | per adres | c/o (care of) |
| red. | redakteur | ed. |
| S.A. | Suid-Afrika | S.A. |
| S.A.S. & H. | Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens | S.A.R. & H. |
| S.Ed. | Sy Edele | The Hon. |
| sekr. | sekretaris | secr. |
| s.s. | stoomskip | s.s. |
| tel. ad. | telegramadres | tel. add. |
| tes. | tesourier | treas. |
| u dw. dnr. | u dienswillige dienaar | your obedient servant |
| U.Ed. | U Edele | Your Hon. |
| ult. | ultimo | ult. |
| verl. | verlede | past |
| vgl. | vergelyk | cf. (compare) |
| v/h | voorheen | late |
| v.m. | voormiddag | a.m. |
| v.o.s. | vry op spoor | f.o.r. |
| waarn. | waarnemende | acting |

## 6. THE DATE.

Below the address of the writer in the right-hand top corner of the letter sheet the date in Afrikaans is always written as follows :—

**26 Desember 1927.**

The student will note :—

(1) For the day of the month a cardinal is used, not an ordinal as is the custom in English.

(2) Neither month nor year is ever abbreviated in Afrikaans.

(3) There is **no comma** after the name of the month.

The above rules apply also when the date occurs in the body of the letter or in any continuous piece of prose, *e.g.* :—

In antwoord op u brief **van 11 deser,** . . . . .

In reply to your letter of the 11th instant, . . .

Only when the day of the month is preceded by **die** do we use the ordinal form :—

In antwoord op u brief van **die 11e des,** . . . .

Met verwysing na u skrywe van **die 20e l.l.,** . .

Van Riebeek het in Tafelbaai aan wal gestap op **die 6e April** 1652 (but : op 6 April 1652).

## 7. ADRES VAN SKRYWER EN DATUM.

The address of the writer of a business letter varies according as he lives in a street, avenue, road, etc. A few specimen addresses (with the date) are given below. The student should refer to these whenever occasion warrants it.

(1) Stephenstraat 19,
Kaapstad.
1 Januarie 1928.

(2) ,,Rusoord,''
Kloofweg 15,
Kaapstad.
6 Februarie 1928.

(3) Buxtonlaan 23,
Oranjezicht,
Kaapstad.
10 Maart 1926.

(4) Kerkplein 14,
Pretoria.
11 Mei 1925.

(5) Posbus 134,
Johannesburg.
12 Junie 1927.

(6) ,,Groningen,''
Bus 71,
Smithfield.
13 Julie 1927.

(7) S.A. Spoorweë en Hawens,
Kaapstad.
14 Augustus 1927.

(8) Stuttafords,
Adderleystraat,
Kaapstad.
16 Oktober 1927.

(9) Unie-Departement van Onderwys,
Unie-gebou,
Pretoria.
15 September 1927.

**Note:** weg = Road ; laan = Avenue ; plein = Square ;
posbus (bus) = Box ; gebou = Buildings.

## 8. NAAM EN ADRES VAN ONTVANGER.

When the person to whom the letter is written is not addressed in his (her) business or official capacity, as in :—

Die Algemene Bestuurder,
S.A. Spoorweë en Hawens,
Johannesburg.

it is customary in Afrikaans (as in English) to prefix Mnr., Mej., etc., before the name, *e.g.* :—

(*a*) Mnr. J. Handelaar,
Kloofstraat 102,
Kaapstad.

(*b*) Mnre. Jansen & Kie.,
Langstraat,
Kaapstad.

(*c*) Mev. S. du Plessis,
„Gomvlei,"
P.K. Twyfelfontein,
Dist. Edenburg (O.V.S.).

The following information may be of value to the student: When writing—

(1) To a University or College, address :—
Die Registrateur.

(2) To a Government Department, address :—
Die Sekretaris (*e.g.* Die Sekr. van Onderwys);
but in the case of the S.A. Railways and Harbours, address :—
Die Algemene Bestuurder (Johannesburg).

(3) To a partnership, firm or company :—
Die Bestuurder.

(4) To a society, club, etc. :—
Die Sekretaris.

## 9. DIE AANHEF.

In the ordinary business letter, where in English the salutation **Dear Sir(s)** would be used, use in Afrikaans :—

**Waarde Heer (Here).**

Further it is of importance to know that abbreviations are always written in Afrikaans with **a small letter** when appearing in the middle of a sentence; thus, in the case of Mevr. S. du Plessis (vide 8 (*c*) above), we can use either the salutation :—

Waarde Mevrou,
*or* Waarde mevr. Du Plessis.

Similarly we would write :—

Waarde Heer but Waarde mnr. Theron;
Waarde Mejuffrou but Waarde mej. Theron.

The student should further be very careful not to use Waarde Heer when addressing a Company, except when he definitely addresses Die Bestuurder. Thus :—

| | |
|---|---|
| (*a*) Die Bestuurder,<br>Jansen & Kie.,<br>. . . . . . . . . . . .<br>Waarde **Heer,** | (*b*) Mnre. Jansen & Kie.,<br>. . . . . . . . . . . .<br>. . . . . . . . . . . .<br>Waarde **Here,** |

## 10. THE FORMAL BEGINNING.

When compiling a business letter the student will do well to remember that the introductory sentence should, as far as possible, refer to any previous correspondence or other matter to which the letter relates. For this purpose certain stereotyped forms are used in Afrikaans, *inter alia* :—

(1) Na aanleiding van (*re*) u advertensie in „Die Burger" van gister, wens ek hiermee . . . . . .
(2) Met verwysing na u brief van 10 deser, . . . . .
(With reference to . . . . . )
(3) Met betrekking tot u skrywe van 20 j.l., . . . . .
(With relation to . . . . .)
(Re . . . . .)
(4) Met referte tot u brief van 10 des., . . . . .
(5) In antwoord op u skrywe van 10 des., . . . . .
(6) In verband met u skrywe van 10 des., . . . . .
(7) Ons het u brief van 10 deser ontvang waarin . . . . .
(8) Ons wens die ontvangs van u brief van die 10e deser te erken . . . .

Business letters in Afrikaans are frequently introduced by phrases such as :—

(9) Dit spyt ons om u mee te deel dat . . . . .
(We regret to inform you that . . . . .)
(10) Met graagte deel ons u mee dat . . . . .
(We have pleasure in informing you that . . . . .)

The student is advised to combine (1) to (8) with (9) and (10) as far as possible, *e.g.* :—

Met verwysing na u brief van 10 deser, spyt dit ons om u mee te deel dat . . . . .

Met betrekking tot u aansoek van 11 deser, is dit met graagte dat ons u hiermee in kennis stel dat . . . . .

When there is no previous letter, etc., to refer to, phrases like **Hiermee wens ek (ons), Graag,** etc., are used.

Hiermee wens ek u te verwittig dat . . . . .
Graag ontvang ek van u per kerende pos die volgende boeke :—
Geliewe my die volgende boeke per kerende pos of so gou as moontlik te stuur :—
Graag verneem ek van u of dit nie moontlik sal wees om . . .
Sal u asb. so goed wees om . . . . .
Ingesluit geliewe . . . . . te vind . . . . .,

## NOTE ON WORD-ORDER.

Remember to use the inverted word-order when the principal clause is **not** introduced by the subject :—

Hiermee wens ek . . . . . (not : Hiermee ek wens).

In antwoord op u brief van 10 des., wens ek . . . (not : ek wens).

Similarly in a complex sentence, where the subordinate clause(s) precedes the principal clause, we would get the inverted word-order in the latter :—

Daar ek tot nog toe geen antwoord op my brief van 10 deser ontvang het nie, wens ek : . . . (not : ek wens . . . . .).

### Oefening 24a.

(1) Verklaar :—

des. ; L.V. ; L.P.R. ; v.o.s. ; nl. ; e.k. ; o.a. ; My. ; S.A.S. & H. ; p/a.

(2) Gee die gewone afkortings wat gebruik word vir die volgende :— Beperk ; jongslede ; kontant by aflewering ; bladsye ; kompanjie ; mejuffrou ; menere ; voormiddag ; voorheen ; dit wil sê.

### Oefening 24b.

Vertaal in Afrikaans :—

(1) On the 8th November, 1925, my little brother was born in 111, Long Street, Cape Town, at 10 o'clock p.m.

(2) Dear Sir, With reference to your letter of the 18th inst., I wish to inform you that our stock has been sold out.

(3) Enclosed please find invoice of goods consigned to you on the 26th inst.

(4) In reply to your letter of the 31st ult., we are sorry that we cannot give you a lower quotation for rice.

(5) Please forward me the following goods by return post.

(6) Re your advertisement in yesterday's "Times," I wish to apply for the vacant post.

(7) We are in receipt of your letter of the 28th ult.

(8) Dear Miss Rowl, As there are no vacancies on our staff, we regret to have to inform you that we cannot offer you a situation.

(9) 23, Reimer Avenue,<br>
Cape Town.<br>
18th March, 1926.

(10) We shall be glad to receive from you the following information.

### Oefening 24c.

Vertaal die volgende brief in Afrikaans, en voltooi dit (d.w.s. gee adres van skrywer, naam en adres van ontvanger, ens.) :—

Dear Sir,

In reply to your letter of the 15th inst., I have forwarded to you a copy of our Calendar, in which you will find all particulars *re* courses, fees, etc.

As you will notice on page 15, no student is allowed to follow a course at this University unless he has passed Matriculation.

Yours faithfully,

X...........

Registrar.

### Oefening 24d.

Skryf voluit in Afrikaans :—

I.S.M.D. ; 956; 110e ; 744 ; $88\frac{5}{21}$.

### Oefening 24e.

Vorm **drie** samegestelde woorde van elkeen van die volgende, en gee die betekenis van die woorde wat u gevorm het :—

Deel, os, gaan, stuur, tik.

### Oefening 24f.

Gebruik in sinne sodat die onderskeid in betekenis duidelik uitkom :—

Aanstelling, bestelling ; aansoek, besoek ; ondersoek, versoek ; feit, fyt ; gemiddeld, bemiddeld.

## LEESOEFENING.

### 'N SAKEBRIEF EN 'N ANTWOORD.

(Aansoek om 'n vakante betrekking.)

Hofmeyrstraat 14,
Oranjezicht,
Kaapstad.
16 Julie 1928.

Mnr. P. Handelaar,
Langstraat 94,
Kaapstad.

Geagte Heer,

| | |
|---|---|
| *Na aanleiding van* u advertensie vir 'n boekhouer in gister se „Burger," wens ek hiermee *aansoek* te doen om dié betrekking. | re. application. |
| Ek het in die Hoër Boekhou-eksamen *geslaag* en is al vir die laaste twee jaar in *diens* van mnr. P. Marx, Kloofstraat 85, na wie ek u kan *verwys* vir verdere besonderhede *insake* my *bekwaamheid* en karakter. | passed. service. refer. re ; ability. |
| Ingesluit *geliewe afskrifte* van *getuigskrifte* en sertifikate te vind. | please ; copies testimonials. |
| *Ingeval van* 'n *aanstelling* kan ek u verseker van my beste dienste. | in case of ; appointment |

Dienswillig die uwe,

P. R. BOTHA.

Langstraat 94,
Kaapstad.
21 Julie 1928

Mnr. P. R. Botha,
Hofmeyrstraat 14,
Oranjezicht,
Kaapstad.

Geagte Heer,

| | |
|---|---|
| *Met verwysing na* u skrywe van 16 des. waarin u aansoek doen om die betrekking van boekhouer in my kantoor, sal ek bly wees om 'n persoonlike *onderhoud* met u te kan hê. Laat my weet of dit vir u *gerieflik* sal wees om my Maandagoggend (24 deser) om nege-uur v.m. te kom *spreek*. | with reference to interview. convenient. see (lit. speak). |

Die uwe,
P. HANDELAAR.

# LES VYF-EN-TWINTIG.

## DIE SAKEBRIEF IN AFRIKAANS (*vervolg*).

## THE BUSINESS LETTER IN AFRIKAANS (*continued*).

### 11. FORMAL ENDING.

Before finally ending off a business letter, the prevailing custom demands that there should be some sort of concluding phrase or sentence. Here, as in the case of the beginning, certain formal expressions are used with conservative regularity. Some of the most common of these in Afrikaans are :—

In die vertroue dat my aansoek (versoek) u goedgunstige aandag sal geniet,

(Trusting that . . . . .)

Ek vertrou dat . . . . . (full-stop at end).

In die hoop dat . . . . . , (comma at end).

Ek verseker u dat . . . . . (full-stop at end).

Ons kan u verseker dat alle bestellings ons sorgvuldige aandag sal geniet.

U versekerende dat . . . . . , (comma).

In afwagting op 'n spoedige antwoord,
(Awaiting an early reply,)

U verdere orders tegemoëtsiende,
(Awaiting . . . . . ,)

U by voorbaat dankende,
(Thanking you in anticipation,)

Dankie by voorbaat.

Having reached this stage, the writer is at liberty to use the proverbial Yours truly, etc., and to sign his name. In Afrikaans

**Die uwe,**

is used except where there is occasion to use the English: Yours obediently (Your obedient servant). Then write :—

**Dienswillig die uwe,** or.

U dienswillige dienaar (dienares).

Sometimes (*e.g.* in official letters) the ending is very formal :—

Met die meeste hoogagting,
Dienswillig die uwe.

## 12. PUNCTUATION.

In a business letter be careful to use the correct punctuation. Do not use a comma where there ought to be a full-stop, and *vice versa*. If, for instance, we have an incomplete sentence by way of formal conclusion, we cannot use a full-stop, *e.g.* :—

U by voorbaat dankende,<br>
Die uwe,<br>
G. Student.<br>
(But : Dankie by voorbaat.<br>
Die uwe.)

## 13. THE BODY OF A BUSINESS LETTER.

This is by far the most important part of a business letter, and before attempting it the student should be absolutely certain as to what information he wishes to convey. The next step is to choose a suitable form in which to convey this information. The subject-matter contained in the body of the letter will naturally be different in practically every case, and the student will realise how impossible it is to prescribe any hard and fast rules as to how to set about this very important task. Here everything depends on the common-sense and ingenuity of the writer.

By way of repetition we can only remind the student to avoid ambiguous or unnecessarily high-flown expressions, to be concise, and, if necessary, to divide the letter into paragraphs of not more than six or seven lines each, taking care **not to deal with more than one point in a paragraph.** The division of the subject-matter of a letter into different paragraphs makes it so much easier for the reader to grasp the contents of the letter and to refer to the different points as they arise. If there is only one piece of information which the student wishes to convey, the letter will contain, as a rule, three paragraphs, the first and last being very short (the formal beginning and ending), while in the second the information in question will be embodied in grammatically correct language and a clear, flowing, business-like style.

## 14. MISCELLANEOUS PHRASES, ETC.

The following is a list of terms, phrases, etc., which are daily used in Afrikaans business circles and in business correspondence. An acquaintance with these will better enable the student to acquire an Afrikaans business phraseology that is idiomatically correct.

| *Afrikaans.* | *English.* |
|---|---|
| **Aansoek.** | **Application.** |
| (*a*) Aansoek word gedoen om 'n vakante betrekking. | (*a*) Application is made for a vacant post. |
| (*b*) Om 'n aansoek te oorweeg. | (*b*) To consider an application. |
| (*c*) 'n Aansoek word aangeneem. | (*c*) An application is accepted. |
| (*d*) 'n Aansoek word van die hand gewys. | (*d*) An application is not accepted. |

| Versoek. | Request. |
|---|---|
| (*a*) 'n Versoek aan iemand rig. | (*a*) To make a request to somebody. |
| (*b*) 'n Versoek toestaan. | (*b*) To grant a request. |
| (*c*) 'n Versoek weier. | (*c*) To refuse a request. |

| | |
|---|---|
| Ten gunste van. | In favour of. |
| Ten gevolge van. | As a result of. |
| Ten behoewe van. | On behalf of. |
| Ten spyte van. | In spite of. |
| Ter wille van. | For the sake of. |
| Ten opsigte van. | In respect of. |
| Uithoofde van. | On account of. |
| Weens. | On account of. |
| Met die oog op. | With a view to. |
| By ontvangs. | On receipt. |

| | |
|---|---|
| 'n Besending goedere. | A consignment of goods. |
| Onder aparte koevert. | Under separate cover. |
| Sonder versuim. | Without delay. |
| Ons onmiddellike aandag. | Our immediate attention. |
| Ons sorgvuldige aandag. | Our careful attention. |
| Ons persoonlike aandag. | Our personal attention. |

| Ondersoek. | Investigate(ion). |
|---|---|
| (1) Deeglike ondersoek. | (1) Thorough investigation. |
| (2) Om ondersoek in te stel. | (2) To investigate. |
| (3) Ondersoek is ingestel. | (3) Investigation has been made. |
| (4) Om die saak te ondersoek. | (4) To investigate the matter. |

| | |
|---|---|
| Per kerende pos. | By return post. |
| Per goederetrein. / Per vragtrein. | By goods train. |
| Per passasierstrein. | By passenger train. |
| Soos per vragbrief. | As per consignment note. |
| Per trein, trem, motor. | By train, tram, motor. |
| Volledige besonderhede. | Full particulars. |
| Om inligting te verskaf. | To provide with information. |
| Om besonderhede te verskaf. | To furnish with particulars. |

| | |
|---|---|
| Stappe is ingestel. | Steps have been taken. |
| Stappe word ingestel. | Steps are being taken. |
| Heersende pryse. | Current prices. |
| Tans geldende pryse. | Current prices. |
| Geld invorder. | To collect money. |
| Op rekening. | On account. |
| Op sig. | On appro. |
| Goedere ter waarde van. | Goods to the value of. |

| | |
|---|---|
| 'n Tjek, groot £5. | A cheque to the amount of £5. |
| Batige saldo. | Credit balance. |
| Nadelige saldo. | Debit balance. |
| Volkome bevredigend. | Quite satisfactory. |
| Verhoging van salaris. | Rise of salary. |
| Ter insage. | For perusal. |
| Na insage. | After perusal. |
| Bruto wins. | Gross profit. |
| Netto wins. | Net profit. |
| Voorradig. / In voorraad. | In stock. |
| Die jongste uitgawe. | The latest copy (paper). |
| Voordeliger pryse. | More remunerative prices. |
| Die betrokke departement. | The dept. concerned. |
| Soos vanaf. | As from. |
| Met verloop van tyd. | In the course of time. |
| Ek is genoodsaak om . . . . . | I am compelled to . . . . . |
| Ons het ons verstout om 'n wissel van £50 op u te trek. | We have been so bold as to draw (a bill) on you to the amount of £50. |
| Geliewe kennis te neem dat. | Please be informed that. |
| Ons neem kennis dat. | We note that. |
| Ingesluit geliewe tjek, groot £5, te vind, synde rente op £100. | Enclosed please find cheque to the amount of £5, being interest on £100. |
| Ons maak staat op . . . . . | We rely on . . . . . |
| Ons wens u aandag te vestig op . . . . . | We wish to draw your attention to . . . . . |
| 'n Bestelling word geplaas. | An order is placed. |
| 'n Bestelling word uitgevoer. | An order is executed. |
| Ek wens my dienste aan te bied. | I wish to offer my services. |
| Ons is nie in staat om . . . . . | We are not in a position to. . . |
| Ons kan u verwys na. | We can refer you to. |
| Ons kan nie verstaan . . . . . | We fail to understand . . . . |
| Aangeheg geliewe . . . te vind. | Attached hereto please find . . . |
| Ons merk in u brief. | We notice in your letter. |
| Ons het so pas ontvang. | We have just received. |
| Ons moet u daaraan herinner dat . . . . . | We must remind you of (the fact) that . . . . . |
| Die notering sal geld tot . . . . . | The quotation will hold good till . . . . . |
| Ons is verbaas om te verneem . . . . . | We are surprised to learn . . . . . |
| Om 'n persoonlike onderhoud te verleen. | To grant a personal interview. |
| Ek wil my plek bespreek. | I want to book my seat. |

| | |
|---|---|
| Hiermee wens ek my bedanking in te dien. | Hereby I wish to send in my resignation. |
| Die wissel verval op. | The bill matures on. |
| Ek is belas om te berig. | I am directed to state.<br>I am instructed to state. |
| Ek is versoek om te berig. | I am requested to state. |
| My is opgedra te berig. | I am informed to state. |
| Vergun ons om . . . . . | Permit us to . . . . . |
| Navraag doen. | To enquire. |
| Ter vereffening van. | In settlement of. |

### Oefening 25a.

Skryf 'n brief waarin u aansoek doen om 'n vakante betrekking.

### Oefening 25b.

Skryf 'n antwoord op u brief van 25a.

### Oefening 25c.

Vertaal in Afrikaans :—

(1) The bill, drawn by us on you, matures on the 15th instant.

(2) Permit us to remind you of the fact that we have not yet received the money in settlement of your account.

(3) We have received a consignment of goods from our agents overseas.

(4) Enquire at the office for full particulars as regards the booking of seats.

(5) I am requested to state that the Board has appointed you as lecturer at the Cape Technical College as from the 1st June, 1928.

(6) No steps have been taken to investigate the matter thoroughly.

(7) Write a letter to the department concerned and draw their attention to the unsatisfactory state of affairs.

(8) Please send me the following goods on appro.

(9) The order that I placed with you ten days ago has not yet been executed.

(10) Enclosed please find cheque to the amount of £150, in settlement of my account with you.

### Oefening 25d.

Vertaal in Afrikaans :—

With a view to; by goods train; on foot; on horseback; in stock; the money has been collected; for perusal; a debit balance; we rely on you; to grant a personal interview.

**Oefening 25e.**

Voltooi :—

(1) Met graagte deel ons u mee dat . . . .
(2) Hoe meer jy eet, . . . . .
(3) As gevolg van sy verlies . . . . .
(4) In weerwil van die droogte . . . . .
(5) Ofskoon ons op hom kan reken . . . . .

## LEESOEFENING.

### SAKEBRIEWE.

(1)

Suidstraat 22,
Kaapstad.
21 Januarie 1928.

Menere R. B. Wade & Kie.,
Noordstraat 39,
Kaapstad.

Geagte Here,

Ons het u brief van die 20ste *deser* ontvang, en ons *neem kennis* dat u *voorstel* om die 150 *lessenaars*, wat deur ons op die 31ste laaslede bestel is, vroeg aanstaande week af te lewer. — instant. note; propose. desks.

Toe ons die lessenaars bestel het, was ons egter onder die *indruk* dat u nie in staat sou wees nie om ons order uit te voer van die voorraad wat u het, en ons het gevolglik ons order geplaas 'n maand voordat ons die goed nodig het. — impression.

Hoewel dit baie *noodsaaklik* is dat ons die lessenaars nie later dan die 31ste deser ontvang nie, sal dit vir ons ongerieflik wees om dadelik aflewering te neem, daar ons geen *geskikte* pakplek het nie. Ons sal *derhalwe* baie bly wees as u die werklike aflewering sal *uitstel* tot die 28ste deser. — essential. suitable. consequently. postpone.

Die uwe,
Vir Ross & Brown Beperk,
L. Brown,
Bestuurder.

(2)

Waarde Here,

Ons wens die ontvangs van u brief van die 21ste deser te erken, en dit spyt ons dat ons rekening so lank uitstaande is.

owing to; [prolonged. collect; due; hence. delay; settlement; indebted- [ness.

*Weens* die *aanhoudende* droogte wat ons self deurgemaak het, het ons baie moeite gehad om die geld *in te vorder* wat deur ons klante aan ons *verskuldig* is, *vandaar* die *oponthoud* by die *vereffening* van ons *skuld* aan u.

Ons sluit hierby in ons tjek vir £50 op rekening, en ons hoop om u die balans te laat toekom binne dertig dae vanaf datum.

grant.

Ons vertrou dat u so goed sal wees om ons hierdie verdere uitstel te *skenk*.

Die uwe,

(3)

Waarde Here,

reference; [enclosing. order. to draw your [attention. in spite of. reminders.

Met *referte* tot u brief van die 18de deser *insluitende bestelling* vir goedere ter waarde van £45, wens ons *u aandag te vestig* op die feit dat ons vir die laaste drie maande geen betaling van u ontvang het nie, *ten spyte van* die *maanbriewe*.

amount. delay.

Daar is nou 'n debetbalans van £95 5s. 6d. op u rekening en weer moet ons u versoek om u tjek vir hierdie *bedrag* sonder *versuim* te stuur.

execute.

Dit spyt ons dat ons u bestelling nie kan *uitvoer* voordat u vorige rekening vereffen is nie, maar by ontvangs van u tjek sal ons die goedere onmiddellik afstuur.

awaiting; [esteemed.

*In afwagting op* u vereffening en u verdere *gewaardeerde* bestellings,

Die uwe,

(4)

Waarde Heer,

receipt. pleasure. [inform consignment note.

Ons het u brief van 23 deser met tjek vir £50 ontvang waarvoor ons ons *kwitansie* insluit. Ons merk in u brief dat u belowe om die uitstaande balans binne dertig dae te vereffen en dis met *genoeë* dat ons u kan *berig* dat die goedere, wat deur u op die 18de deser bestel is, afgestuur is soos per *vragbrief* hierby ingesluit, en ons vertrou dat u die goedere volkome bevredigend sal vind.

Ons het onsself *verstout* om op u te trek vir 30 dae vir die balans van u uitstaande rekening en nog 'n *wissel* vir 60 d/d *ten opsigte van* die goedere wat ons *so pas* aangestuur het. Ons sal bly wees as u so goed wil wees om u akseptasie in die loop van tyd te stuur.

In afwagting op u verdere *bevele,*

Bly ons, Waarde Heer,
U dw. dnrs.,

made bold, taken the [liberty.
bill.
in respect of;
just.
commands.

## TOETS SES.

1. Skryf 'n opstel van omtrent 35 reëls oor *een* van die volgende onderwerpe :—

   (*a*) Die voor- en nadele van die bioskoop.
   (*b*) „Eet meer vrugte!"
   (*c*) 'n Seereis.
   (*d*) Die toekoms van die lugvaart.
   (*e*) Drome.

   (35)

2. (*a*) Skryf 'n brief aan u werkgewer waarin u om een of ander rede tien dae spesiale verlof vra.
   (*b*) Skryf 'n antwoord op (*a*). (20)

3. Vul in die ontbrekende voorsetsel en vertaal :—

   Ek sal die goedere — passasierstrein stuur. Ek sal jou — sesuur — die stasie — die klok ontmoet. Met verwysing — u brief. Met betrekking — u aansoek. In antwoord — u skrywe. In verband — . — kerende pos. — spyte van. (10)

4. (*a*) Skryf die regte vorm van die byvoeglike naamwoord tussen hakies en vertaal :—

   (Braaf) mense, 'n (eg) handelsmerk, (billik) pryse, (droog) voer, 'n (mooi) meisie, 'n (koud) dag, (aangenamer) herinneringe, (Stellenbosch) studente, 'n (verniel) oes, 'n (gelap) broek. (10)

   (*b*) Gee die betekenis en trappe van vergelyking van:—
   rof, breed, baie, skaars, sag.

   (5)

5. Gebruik in gepaste sinne :—

   Gevolglik, ten gunste van, egter, dus, weens, ter wille van, met graagte, ten opsigte van, in weerwil van, geliewe. (10)

6. Gee in Engels 'n kort en saaklike opsomming (summary) van die volgende stuk :—

Vergesel van omtrent 100 setlaars—die meeste waarvan soldate en matrose was—het Van Riebeek op 6 April 1652 in Tafelbaai aan wal gestap. Hierdie setlaars was nie koloniste in die ware sin van die woord nie ; niemand van hulle was van plan om die Kaap 'n permanente tuiste te maak nie, en selfs die kommandeur het die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie versoek om na Indië verplaas te word. Vir tien jaar het die H.O.I.K. hom egter aan die Kaap gehou.

Die bevele wat Van Riebeek ontvang het was om 'n fort te bou, tuin te maak, en op vriendskaplike voet met die inboorlinge te bly. Al hierdie bevele het Van Riebeek getrou uitgevoer, hoewel laasgenoemde opdrag—om in vrede met die inboorlingstamme te lewe—blykbaar nie na sy sin was nie. Groente is gekweek om aan verbygaande skepe 'n voorraad te kan gee en om te voorsien in die behoeftes van die garnisoen self.

So is, in hierdie eeu van ontdekking, die saadjies gesaai van die eerste okkupasie van die Kaap deur Europeane. (10)

(N.B.—A summary is **not** a translation but a précis. A good précis contains only the most important points and should be not more than one-third the length of the original. Do not forget the heading. See Les 35.)

# LES SES-EN-TWINTIG.

## VERDERE AANTEKENINGE OOR BYVOEGLIKE NAAMWOORDE.

## FURTHER NOTES ON ADJECTIVES.

Afrikaans adjectives can be inflected (*i.e.* change their form) in the following three ways :—

(1) By the addition of **e** (inflected form of the positive degree), *e.g.* :—
Jan is 'n **flukse** seun (John is a diligent boy).

(2) By the addition of **er** (comparative degree) *e.g.* :—
Jan is **flukser** as Piet.
(John is more diligent than Piet.)

(3) By the addition of **ste** (superlative degree) *e.g.* :—
Jan is fluks, Piet is flukser, Gert is die **fluksste** van almal.

## A. INFLECTION WITH E.

In Part I, Les 11, this subject has been dealt with. A few further notes are given below.

**Note 1.**—As we have seen, **d** and **g** when intervocalic (between vowels) in the inflected form, invariably drop out. Thus we get :—

**breed** (broad), but inflected form **breë** (not brede).

The student will note, however, that **wreed** (cruel) has inflected form **wrede** (not wreë).

**Note 2.**—**Goed** (good) has inflected form **goeie.**
**Dood** (dead) has inflected form **dooie.**
**Oud** (old) has inflected form **ou.**

**Note 3.**—Notice the insertion of **t** in the case of the following adjectives when inflected :—

(*a*) of those ending in **s**—

**vas** has inflected form **vaste.**
**woes** has inflected form **woeste.**
**juis** has inflected form **juiste.**

Do not confound these forms with a single **s** (which are the inflected forms of the positive) with the forms with the **ss** (va**ss**te, etc.), which are the forms of the superlative degree.

(*b*) of adjectives ending in **g**, most of those that are one-syllabic with a short accented vowel, insert **t** in the inflected forms, *e.g.* :—
sleg—slegte (bad) ; sag—sagte (soft) ; reg—regte (right) ; lig—ligte (light).

These used to end (in High Dutch) in **t**, hence the **t** in the inflected forms. Where there was originally (in High Dutch) no **t**, as in log—logge (unwieldy), stug—stugge (stubborn), vlug—vlugge (speedy), we naturally do not insert a **t** in the inflected form.

**Note 4.**—The student should note that adjectives like **lang** (long), **bang** (afraid), etc., do not end in **g** but in the sound **ng.** They are accordingly not inflected (see General Rule, Les 11), e.g. :—

'n **bang** soldaat (a soldier who is afraid) ; 'n **lang** man (a tall man) ; 'n **jong** seun (a young boy).

**Note 5.**—Note the following usages :—

'n **heel** ruit (an unbroken pane).
'n **hele** ruit (a whole pane, *i.e.* not part of it).
Die **hele** dag, or **heeldag** = the whole day, all the day.
'n **seker** middel (an effective remedy, *i.e.* one that will have the desired effect).
'n **sekere** middel (a certain, indefinite remedy).

**Note 6.**—The adjective **ander** seems to be a continual source of trouble to students, especially when used substantively (as a noun).

**Ander** can be the singular or plural form (other or others), as is evident from the following :—

Party mense dink jy is reg, **ander** dink anders.
Some people think you are right, others think otherwise.

The above sentence also clearly shows the difference between **ander** (other, others) the adjective, and **anders** (otherwise) the adverb.

The adjective **ander** has an **s** after **iets** and **niks**, cf.

iets ander**s** (something else),
niks ander**s** (nothing else).

This **s** is not an indication of the plural, but is simply an old partitive genitive **s**, which we still get with all adjectives after **iets** (always) and **niks** (frequently), *e.g.* iets leliks, iets moois, iets aantrekliks, niks besonders, etc., etc.

The adjective **ander** adds an **e** in the expression
**onder andere** (inter alia).

**Note 7.**—As has been briefly pointed out in Les 11, Part I, **any adjective can inflect** (*i.e.* add **e**) :—

(*a*) When used with strong emphasis. We would thus say :—

'n **Groot** gebou (a big building), but
Wat 'n **grote** gebou ! (What a huge building !)

'n **Lui** man (a lazy man), but
Jou **luie** vabond (you lazy vagabond).

'n **Stout** kind (a naughty child), but
'n **Stoute** rakker (a naughty bounder).

(*b*) When the adjective is used figuratively. Thus :—

'n **Skoon** gesig (a clean face), but
'n **Skone** geleentheid (a golden opportunity).
'n **Diep** gat (a deep hole), but
'n **Diepe** vernedering (a great humiliation).

## B. DEGREES OF COMPARISON.

These have been dealt with in Part I, Les 12. A few further notes are appended.

**Note 1.—Kwaad** = angry (not permanently).
**Kwaai** = hot-tempered (a permanent characteristic).
The degrees are :—
kwaad, kwater, kwaadste.
kwaai, kwaaier, kwaaiste.

**Note 2.—Lang** and **jong** have a **k** (lank, jonk) only when positive degree and used predicatively. The comparative and superlative would thus be :—

langer langste
jonger jongste

**Note 3.—Groter as, groter dan.** After a comparative, **as** or **dan** may be used. **Dan** should be used only when the sentence already contains an **as.** We would thus say : Jan is groter **as** Piet ; but : **As** Jan groter **dan** Piet is, is hy baie groot (If John is bigger than Piet, he is very big), because in the latter sentence we have **as** (if), the conjunction.

**Note 4.—No degrees of comparison.** The following classes of adjectives have no degrees :—

(*a*) Those denoting material : **goue** (golden), **koper** (copper), **silwer** (silver), **glase** (glass), etc.
(*b*) Those which are already in a state of completeness, like **dood** (dead), **almagtig** (omnipotent), **ongeëwenaard** (unparalleled).
(*c*) Compound adjectives like hemelhoog, spekvet, brandmaer, etc. A list of these will be found in Part 2, Les 21, G.
(*d*) Adjectives derived from other parts of speech :—**Afrikaanse, maandelikse** (monthly), **daaglikse** (daily), **jaarlikse** (yearly), **Wellingtonse,** etc.

### Oefening 26a.

Skrywe die regte vorm van die bnw. tussen hakies, en vertaal :—

| | |
|---|---|
| 'n (hard) vloer | 'n (vas) aanbod |
| 'n (breed) plank | 'n (los) klip |
| 'n (wreed) Kaffer | 'n (dwaas) onderneming |
| 'n (wyd) sloot | 'n (woes) kêrel |
| 'n (lief) man | 'n (trots) ouer |
| 'n (muf) reuk | ons (daagliks) brood |
| 'n (massief) gebou | 'n (glad) vloer |

'n (hoog) boom
'n (laag) dak
in die (vroeg) môre
'n (droog) stomp
'n (moeg) esel
'n (sleg) vent
'n (vaag) idee
'n (stug) persoon
'n (bang) kind
'n (winderig) dag
'n (sag) kussing
'n (log) massa
die (ewig) rus
'n (skuldig) man
'n (lang) paal
'n (mooi) meisie
'n (mak) perd
'n (maklik) taak
'n (vetter) vrou
'n (beroemd) staatsman
'n (berug) moordenaar
(rein) water
die (rein) waarheid
die (groot) oseaan
'n (groot) kind
'n (arm) man
'n (arm) sukkelaar
'n (oud) huis
'n (nuut) boek
op (maatskaplik) gebied
(ru) soldate
'n (mooier) prent
'n (edel) karakter
'n (goud) horlosie
'n (dood) perd
'n (lank) man
'n (goed) student

## Oefening 26b.

Gee die betekenis en trappe van vergelyking van :—

Hoog, laag, vroeg, droog, vaag, moeg, sag, bang, sleg, log, gelukkig, moedig, wyd, breed, wreed, beroemd, baie, grasgroen, daagliks, hard, suf, baar, doof, massief, seer, onpretensieus, verlate, grof, mak, moeilik, hees, vas, kwaad, na, lank, tevrede, onaantreklik, ru, los, morsdood, goed, glad, sku, geslepe, verspot, verafgeleë, silwer, teer, losbandig, laf.

## Oefening 26c.

Gebruik elkeen van die volgende bnw. in sinne—

(*a*) eers predikatief, èn
(*b*) dan attributief.

(b.v. Die meisie is mooi—Sannie is 'n mooi meisie.)

(1) Belangrik.
(2) jong.
(3) aangenaam.
(4) duidelik.
(5) leeg.
(6) heerliker.
(7) opreg.
(8) koud.
(9) kalmer.
(10) skeef.
(11) verkeerd.
(12) krom.
(13) dringend.
(14) nuut.
(15) fatsoenlik
(16) bang.
(17) dood.
(18) vreemd.
(19) vernaam.
(20) goed.

### Oefening 26d.

Voltooi die volgende sinne met bnw. wat die hoogste graad uitdruk :—

(1) Iets wat baie wit is, is spierwit.
(2) Iets wat baie geel is, is —.
(3) Iets wat baie hoog is, is —.
(4) Iets wat baie oud is, is —.
(5) Iets wat baie nat is, is —.
(6) Iets wat baie droog is, is —.
(7) Iets wat baie vol is, is —.
(8) Iets wat baie leeg is, is —.
(9) Iets wat baie rooi is, is —.
(10) Iets wat baie vaal is, is —.
(11) Iemand wat baie goed is, is —.
(12) Iemand wat baie blind is, is —.
(13) Iemand wat baie doof is, is —.
(14) Iemand wat baie jonk is is —.
(15) Iets wat baie hard is, is —.
(16) Iets wat baie saf is, is —.
(17) Iets wat baie nuut is, is —.
(18) Iets wat baie koud is , is —.
(19) Iets wat baie blou is, is —.
(20) As dit baie donker is, is dit —.

## LEESOEFENING.

### OOR BOEKE EN LEES.

Dit sou te veel tyd *vereis* om boeke in die algemeen te *bespreek*. Ons wil hier ook nie oor die waarde van lees *uitwei* nie. Ons wil ons by die bespreking van 'n paar Afrikaanse boeke *bepaal*.

demand.
discuss.
enlarge.
limit.

Een van die mooiste boeke in ons taal is „Ampie." Dit beskrywe die toestande onder die *armblankes*. Ampie, die *hoof*figuur, is 'n seun wat in baie moeilike *omstandighede* sy pad deur die lewe moet *baan*. Ten spyte van dié moeilikhede *beur* hy stadigaan *vorentoe*. Die tweede boek, „Ampie: Die Meisiekind," is net so goed soos die eerste een. Dit beskrywe Ampie se *getroude* lewe. Die taal van albei boeke is pragtig : dit is suiwer Afrikaans. 'n Mens voel dat die skrywer, Van Bruggen, met die toestande wat hy beskrywe *bekend* is.

poor whites.
chief.
circumstances.
pave.
moves forward.
married.
known.

'n Ander boek wat die moeite werd is om te lees is Pienaar se pragtige beskrywing van 'n leeufamilie : „Uit Oerwoud en Vlakte." Hierdie boek is in Engels vertaal en dra die naam „Adventures of a Lion Family." Pienaar, wat onder die *skuilnaam* „Sangiro " skrywe, verstaan die

pseudonym.

| | |
|---|---|
| art. | *kuns* om diere van binne te beskrywe. Hierdeur word |
| meant; | *bedoel* dat hy hom in die dier se *gedagtewêreld* indink, en |
| world of [thought. | dan gee hy ons 'n beskrywing van die dier, nie soos ons dit sien nie, maar soos die dier lewe en voel. Daar is maar |
| psychological. analysis. | min skrywers wat werklik so 'n *sielkundige ontleding* van |
| undoubtedly; | die dier kan gee. Pienaar besit *ongetwyfeld* die *vermoë* om |
| ability. | dit te doen. |
| shiver. | As 'n mens regtig wil *gril*, dan *hoef* jy net Leipoldt se |
| need. | boek „Waar Spoke Speel" laat in die nag te lees as jy |
| appear. | alleen is. Leipoldt laat sy spoke nie voor jou *verskyn* nie |
| supernatural. | maar jy bly altyd sterk onder die indruk van die *bonatuurlike* |
| narrative. | element in die *verhaal*. In hierdie *opsig* verskil Leipoldt |
| respect. | se spookstorie van dié van Langenhoven. Laasgenoemde skrywer het ook 'n boek oor dieselfde onderwerp gelewer: „Geeste op Aarde", en hierin tree die spoke soms |
| directly. | *regstreeks* op. |
| | Maar al die boeke wat hierbo genoem word sou op |
| stage. | hierdie *stadium* vir die student te moeilik wees. Daar is |
| as; at the same [time. | baie ander boeke wat *ewe* interessant en *tegelykertyd* makliker is. Party van hulle word aan die end van Les 36 genoem. |
| very necessary. | Soos in genoemde hoofstuk gesê word, is dit *broodnodig* dat die student soveel moontlik sal lees; want 'n nuwe |
| only. | taal word *slegs* aangeleer as 'n mens gedurig in *aanraking* |
| touch. | daarmee bly. Die rede waarom mense 'n taal gou vergeet |
| exercise. | is omdat hulle dit nie daagliks *beoefen* nie; en die manier om 'n taal gou aan te leer is om daagliks in aanraking daarmee te bly. Een van die maniere waarop 'n mens in aanraking kan bly is om te lees. Daarom word die student |
| advised. | *aangeraai* om **elke dag** te lees. Dis veel beter om, sê, 'n halfuur per dag te lees as om die studie vir 'n paar dae |
| neglect. | heeltemal te *verwaarloos* en dan vir 'n paar uur *aanmekaar* |
| continuously. | te werk. Nee, om 'n taal aan te leer moet ons in gedurige, |
| direct. | *regstreekse* aanraking met daardie taal bly. Ons moet die taal soveel moontlik **praat, lees en skrywe**. Dan, en slegs |
| master. | dan, sal ons dit *onder die knie kry*. |

## LES SEWE-EN-TWINTIG.

### BYWOORDE—ADVERBS.

The student will have noticed that, where in Afrikaans the same word is used both as adjective and adverb, there is as a rule no difference between the form of the adjective (used predicatively) and that of the adverb. Thus **moeilik** can be the form of the adjective, as in :—

Die som is moeilik (adjective, used predicatively) ;

or the form of the adverb :—

Ek vind die som baie moeilik.

But as we have seen in Les 11, adjectives when used attributively are often inflected (*i.e.* add **e** : 'n moeilik**e** som)—in other words, their **form** changes ; whereas **the form of the Afrikaans adverb (positive degree) generally remains unchanged,** *e.g.* :—

Sy sing **mooi** (beautifully).
Ek hardloop **vinnig** (quickly).
Die son skyn **helder** (brightly).

Only in a few rare cases does the form of the adverb (positive degree) change. This usually happens when adverbs (of more than one syllable) modify adjectives (of one syllable) which are used attributively, *e.g.* :—

'n **Taamlike** groot huis (a fairly big house).
'n **Vreeslike** warm dag } A very hot day
'n **Verskriklike** warm dag } (colloquial).

In such cases—which, as we have said, are very rare—the adverb (taamlik) which modifies the attributive adjective (groot) is treated as if it (*i.e.* the adverb) were also an adjective used attributively.

### DEGREES OF COMPARISON.

Like adjectives, adverbs can be inflected for degrees of comparison : **er** for the comparative, **ste** for the superlative, *e.g*

Ek hardloop **vinnig,** jy hardloop **vinniger** as ek, en Jan hardloop die **vinnigste** van ons almal.
(I run fast, you run faster than I, and Jan runs the fastest of all of us.)

The degrees of comparison of the following adverbs are somewhat irregular and should be carefully noted :—

| **Stellende Trap.** | **Vergrotende Trap.** | **Oortreffende Trap.** |
|---|---|---|
| agter (behind) | verder agter | agterste |
| dikwels (often) | meermale | meeste |
| graag (gladly) | liewer | graagste, liewerste |
| naby (near) | nader | naaste |
| selde (seldom) | minder | minste |
| sleg, erg (badly) | erger | ergste |
| vroeg (early) | eerder<br>vroeër | eerste<br>vroegste |
| wel, goed (well) | beter | beste |

**Note.**—When it modifies a verb, **hoog** (adverb) has as superlative **hoogste** :—

Ek vlieg hoog. Piet vlieg die **hoogste.**
(I fly high. Piet flies highest.)

In all other cases the superlative form **hoogs** is used (not hoogste) : cf.

Dit is **hoogs** onwaarskynlik (highly improbable).
Ek is **hoogs** tevrede (highly, absolutely satisfied).
Ek is **hoogs** in my skik (tevrede) met my nuwe huis.

Adverbs can be divided into different classes according to their function in the sentence. *Inter alia* we get :—

## A. ADVERBS OF PLACE—BYWOORDE VAN PLEK.

These denote place or direction. Some of the most common are :—

| | | |
|---|---|---|
| Hier (here) | daar (there) | waar (where) |
| hierheen, hiernatoe (hither) | daarheen, daarnatoe, soheentoe (thither) | waarnatoe, waarheen (whither) |
| hiervandaan (hence) | daarvandaan (thence) | waarvandaan (whence) |

| | |
|---|---|
| duskant, deuskant (on this side) | anderkant (on the other side) |
| | ginds (yonder) |
| êrens, iewers (somewhere) | elders (somewhere else) |
| orals (everywhere) | nêrens, niewers (nowhere) |
| heen, weg (away) | bymekaar (together) |
| links, hot (to or on the left) | regs, haar (to or on the right) |
| ver (far) | |

In Afrikaans **prepositions often function as adverbs** of place : af (off, down) ; agter (behind) ; bo (above) ; uit (out) ; om (around) ; op (upwards), etc., etc.

**Note 1.**—**Hot** and **haar** can be used as adjectives or adverbs, *e.g.* :—

Die perd trek **hot** (adverb).
My **haar** perd is siek (adjective).

Note also the idiomatic expressions :—

**Hot en haar** = left and right ; in all directions ; in confusion.
**Hotagter kry** = to have a hard time : *e.g.* :—

Die kinders se speelgoed lê **hot en haar** op die vloer.
(The children's toys lie scattered about on the floor.)
Gedurende 'n droogte **kry** die arme boer dit maar **hotagter.**
(During a drought the poor farmer has a hard time.)

**Note 2.**—A very productive way of forming adverbs of place (to denote place whither) is by hyphenating **toe** to a noun, *e.g.*: Ek gaan **huis-toe** (home), klas-toe, Stellenbosch-toe (to Stellenbosch), bioskoop-toe, stasie-toe. etc.

The student should note, however, that **toe** is not hyphenated to the noun when the latter is preceded by **na** :—

Ek gaan **na** die stasie **toe** (but : Ek gaan stasie-toe).

Similarly :—

Ek gaan **na** Stellenbosch **toe** ; but :
Ek gaan Stellenbosch-toe.

Further it is important to note that no hyphen is used in the case of :

Boontoe (upwards), binnetoe (inwards), hiernatoe (hither), daarnatoe (thither), soheentoe (thither), waarnatoe (whither), ondertoe (downwards), vorentoe (forwards), agtertoe (backwards).

**Note 3.—Mee** is the adverb, **met** the preposition.

Ek gaan stasie-toe ; gaan jy **mee** ?
Ek gaan stasie-toe ; gaan jy **met** my ?
(I am going to the station ; are you going with me ?)

**Saam** (with) is frequently used instead of **mee** (Gaan jy saam ?) and in conjunction with **met** (Gaan jy saam met my ?)

## B. ADVERBS OF TIME—BYWOORDE VAN TYD.

Vroeg (early)
laat (late)
vroeër (earlier, formerly)
later (later on)
altoos, altyd (always)
aldag (every day)
ooit (ever)
nooit (never)
immer (always)
nimmer (never)
soms, somtyds (sometimes)
eer (ere)
eers (at first)
eersdaags (ere long)
ewig, ewiglik (eternally)
gou (quickly, soon)
gou-gou (very soon)
al, alreeds (already)
lankal, weleer, lank gelede } (long ago)
nou (now)
dan (then)
wanneer (when)
netnou (just now)

dikwels (often)
menigmaal (frequently)
telkens (repeatedly)
selde (seldom)
vandag (to-day)
more, môre (to-morrow)
gister (yesterday)
oormore, oormôre } (the day after to-morrow)
naasoormore, naasoormôre } (the day after the day after to-morrow)
naaseergister } (the day before the day before yesterday)
gelede (ago)
hedentendage, teenswoordig } (nowadays)
intussen, ondertussen, onderwyl } (meanwhile)
meteens, skielik } (suddenly)
nog (still)
weer (again)
nouliks, pas (hardly)

| | |
|---|---|
| onmiddellik, dadelik (immediately) | saans (in the evening) |
| voortaan (henceforth) | smorens, smôrens, soggens (in the morning) |
| vanmelewe (in olden times) | smiddags (in the afternoon) |
| eergister (the day before yesterday) | snags (at night) |

**Note 1.**—As has been pointed out in Les 22, **al** and **(al)reeds** are used in Afrikaans to denote pluperfect time, *e.g.* :—

When he came there, I had (already) posted the letter.
Toe hy daar kom, het ek die brief alreeds gepos.

**Note 2.**— **Teenswoordig** = nowadays, at the present time.
**Teenwoordig** = present (not absent).

*e.g.* : Teenswoordig rook meisies ook.
(Nowadays girls also smoke.)
Al die kinders was teenwoordig behalwe Jan.
(All the children were present except John.)

**Note 3.**—Note the expression **al lankal,** where **al** is repeated :—

Het jy nou net gekom ? Nee, al lankal (Have you just come ? No, a long time ago ; already long ago.)

Reduplication (*i.e.* using the same word or idea twice) is a very common phenomenon in Afrikaans, cf. nie . . . nie, nooit . . . . nie, niemand . . . nie, etc. ; saam met ; **uit** die huis **uit ; in** die huis **in ; na** die dorp **toe; al** lank**al;** etc.

## C. ADVERBS OF MANNER—BYW. VAN HOEDANIGHEID.

Adjectives are frequently used as adverbs of manner, as has been pointed out at the beginning of this Les.

Further the student's attention is drawn to the singularly easy (and very productive) way of forming adverbs of manner in Afrikaans by doubling words, *inter alia*, verbs, adjectives and adverbs, *e.g.* :—

**Sing-sing** het hy die straat opgestap.
(He walked up the street singing.)
Ons moes **rus-rus** stap.
(We had to rest at frequent intervals.)

Verbs (preferably those that have only one syllable) are frequently transformed in this way to adverbs of manner ; thus :—

eet-eet, rook-rook, rus-rus, speel-speel, draf-draf, gaap-gaap, kou-kou, gesels-gesels, lag-lag, huil-huil, etc.

In the spoken language these forms are used more frequently than in the written language, which latter often prefers to use the elegant **al** + the present participle, *e.g.* :—

Al rokende, al geselsende, al singende, etc.
(Smoking, conversing, singing, etc.)

**Note 1.**— **Anders** (otherwise, else) is an adverb of manner.
**ander** (other) is an adjective.

*e.g.*; Ek dink so, jy dink **anders.**
(I think so, you think otherwise).
Hy slaap in die **ander** kamer.
(He sleeps in the other room.)

**Andere**, the inflected form of **ander**, is found only in the expression **onder andere** (inter alia).

In expressions like **iets anders** (something else), **iets moois** (something pretty), the adjectives (ander, mooi) show an old genitive ending. After **iets** all adjectives add this **s.**

Note also: some . . . others = **party** . . . **ander.**
See also Les 26, A, Note 6.

**Note 2.**—**Rêrig** (really), which is often used in the spoken language instead of "waarlik," "regtig" is the contracted form of "reg-reg."

**Note 3.**—Many adverbs of manner in Afrikaans are diminutive forms of adjectives to which **s** has been added, *e.g.* **saggies, soetjies** (softly, steadily, slowly); **stilletjies** (quietly).

## D ADVERBS OF DEGREE——BYWOORDE VAN GRAAD.

| | |
|---|---|
| Baie (very, much) | byna, amper (almost) |
| min (little) | genoeg (enough) |
| minstens (at least) | hoogs (highly) |
| meer (more) | hoogstens (at the utmost) |
| min of meer (more or less) | heeltemal (quite) |
| omtrent (about) | skaars (scarcely) |
| so (so) | te, alte (too) |
| verreweg (by far) | taamlik (tolerably, fairly) |

**Note.**—**Baie** is used extensively in Afrikaans both as adverb and adjective :—

Dit het baie gereent (adverb) (It rained much.)
Daar was baie mense teenwoordig (adjective).
(There were many people present.)

**Veel(s)** is only found in a few standing expressions like :—

**Te veel** (too much), **veels te veel** (far too much); **veels** te kort, **veels** te lank, **veels** te hoog, etc., (much too short, long, high, etc.); **veels geluk** (hearty congratulations).

N.B.—**More** or **less** = **min** of **meer.**

## E. MODAL ADVERBS—BYW. VAN MODALITEIT.

These are adverbs which modify, not one word or a few words in the sentence, but the contents of the whole sentence. They can express :—

(*a*) **Affirmation** (bevestiging).
Ja (yes) ; seker (certainly) ; gewis (certainly, surely) ; werklik, waarlik (really) ; ongetwyfeld (undoubtedly) ; stellig (certainly) ; inderdaad (as a matter of fact) ; bepaald (definitely) ; darem (indeed).

(*b*) **Negation** (ontkenning).
Nee (no) ; nie (not) ; glad nie (not at all) ; geensins (in no wise) ; onmoontlik (impossible) ; tevergeefs, verniet (in vain) ; etc.

(*c*) **Doubt** (twyfel).
Miskien (perhaps) ; waarskynlik (probably) ; vermoedelik (presumably) ; moontlik (possibly) ; glo (perhaps) ; denklik (probably) ; altemit (perhaps) ; dalk (perhaps) ; etc.

(*d*) **A Wish** ('n wens).
Asseblief (please) ; tog (do !) ; maar (do !) ; dan (do !) ; *e.g.* :—
Kom tog ! Kom dan tog ! (Do come !).

## F. MISCELLANEOU

We shall not trouble the student with a further classification, which, as he no doubt realises by this time, is no easy task when it comes to a language like Afrikaans which is so subtly expressive notwithstanding its great simplicity. As we have pointed out before, the mastery of the very subtle Afrikaans idiom will be the privilege only of those who come in daily contact with the living spoken language.

A few miscellaneous notes on adverbs are given below.

### 1. Conjunctive Adverbs.

These are adverbs which join together sentences, in which function they are partly adverbs and partly conjunctions—hence their name (*vide* Les 28, A2, where a list of conjunctive adverbs and their uses in the sentence are discussed).

2. { **Daarom** (therefore) is a conjunctive adverb.
**darem** (indeed, nevertheless) is a modal adverb.

Dit reent, daarom sal ék maar tuis bly.
(It rains, therefore I shall stay at home.)
Jy is darem 'n luie vabond.
(You are indeed, really a lazy bounder.)
Napoleon was darem 'n groot man.
(Napoleon was indeed a great man.)

**Darem** is frequently used in conjunction with other modal adverbs like **tog, maar** :—

Ek sal dit **darem maar** doen, al is dit nie juis nodig nie.
(I shall do it nevertheless, though it is not really necessary.)

3. **Glo,** which is really a verb meaning "believe," is often found in Afrikaans as a modal adverb expressing doubt: an inclination to "dis-believe" the truth of a statement; *e.g.* :—

Dis **glo** die enigste uitweg uit die moeilikheid.
(I suppose this is the only way out of the difficulty; in other words, I am inclined to think it isn't.)

Very often **glo** is used ironically.

Jy is **glo** snaaks, nè ?
(You are not really funny, however much you may think you are; you think you are funny, eh ?)

4. Many Afrikaans adverbs cannot very well be literally translated into another language. This is the case, as we have seen, with **dan, tog,** and **maar** (vide E(*d*) above). To these can be added **mos,** which has a nasty way of baffling the student who has not had the privilege of hearing it used in the spoken language. **Mos** can perhaps be best described as a modal adverb expressing reason, with an afterthought sometimes, of selfcomplacent exultation. It is used as follows :—

Ek het jou **mos** gesê jy sal dit nie kan doen nie.
(Didn't I tell you you won't be able to do it !)
Ek kan **mos** nie gaan as my been seer is nie.
(I cannot go if my leg is sore, can I ?
How can I go if my leg is sore ?)

## Oefening 27a.

Gee die betekenis en trappe van vergelyking van :—

Dikwels, selde, vinnig, baie, erg, agter, wel, moeilik, nêrens, skaars, vroeg, interessant, helder, wys, wreed.

## Oefening 27b.

Vertaal :—

(1) Whence do you come, where do you stay, and whither are you going ?
(2) Nowadays one often sees women with frocks which are much too short, and one frequently wonders what may happen ere long.
(3) Hearty congratulations; your work has certainly not been in vain.
(4) Do come and help me with this sentence !
(5) Most probably it will rain soon; as a matter of fact, it is already raining on the mountain.
(6) I am in no wise responsible for it.
(7) It is more or less certain that henceforth no letters will be lost in the post.
(8) At the meeting which was held the day before yesterday there were about three hundred people present.
(9) I seldom come to Cape Town, perhaps because I never have much time to waste.
(10) Post the letter immediately.

### Oefening 27c.

Gebruik in sinne sodat die verskil in betekenis duidelik blyk :—

Teenwoordig, teenswoordig; mee, met; gelede, verlede, oorlede; ander, anders; sing, sing-sing.

### Oefening 27d.

Vertaal :—

(1) He is not at all sick; nobody ever saw a sick man who could eat so much.
(2) In the evening I usually do my home work.
(3) I suppose you think you are funny (use **glo**).
(4) The day before the day before yesterday.
(5) When I awake in the morning I can scarcely believe that I am really here, and not out there, far away from friend and foe.
(6) Please come immediately when you hear me shout.
(7) He was so sick that we almost gave up hope; now he is quite well again.
(8) I have warned you repeatedly.
(9) It is never too late, my friend; you can still become a famous man, if you will only learn to persevere.
(10) I was walking in the garden when suddenly I heard the dogs barking.

### Oefening 27e.

Skryf **één** van die volgende briewe, en die antwoord :—

(*a*) Waarin u aansoek doen om verplaas te word na 'n droër klimaat.
(*b*) Waarin u skadevergoeding eis omdat die trein drie van u beeste doodgetrap het.

## LEESOEFENING.

### ARACHNÉ

In die ou dae toe Griekeland nog *op sy fleur* was, het daar 'n meisie in die land gewoon wat *van kleins af* baie mooi kon *weef*; en toe sy ouer word was daar niemand in die land wat met haar kon *meeding* nie: sy kon *allerhande patrone* in die tapyte inweef, en haar naam was deur die ganse land bekend as die beste weefster wat nog ooit in Griekeland *verskyn* het.

in its prime.
from youth onwards.
spin.
compete.
all kinds of patterns.
appeared.

Dit het *egter* vir Arachné laat *hoogmoedig* word. Sy het vas begin glo dat niemand—*selfs* nie die gode nie—met haar kon meeding nie; en sy het dan ook openlik gesê dat sy gereed was om selfs met die godin Minerva te *wedywer* om te sien wie die *kroon* sou *wegdra*.

however; proud.
even.
compete.
gain the day.

Minerva was *volgens* die Grieke die *beskermgodin* van die weef*kuns*, en dit het haar kwaad gemaak dat Arachné sulke *misbruik* maak van die *gawe* wat die gode haar gegee het. Sy het dus besluit om vir die *astrante* meisie 'n goeie les te leer: sy sou vir Arachné *uitdaag* om met haar in die weefkuns te wedywer.

> according to. — patron goddess. — art. — misuse; gift. — daring. — challenge.

Arachné het *geredelik* die godin se uitdaging aangeneem, en op 'n *bepaalde* dag het die godin die berg Olympus, waarop die Griekse gode gewoon het, verlaat en aan die *verwaande* Arachné verskyn.

> readily. — appointed. — vain, impertinent.

Toe het hulle begin weef: Minerva het die geskiedenis van Troje in haar *weefsel uitgebeeld*: Arachné se patroon het die *helde*dade van Hercules in kleure beskrywe.

> tapestry. — depicted. — heroes.

Vir 'n hele tyd was daar niks te hoor behalwe die *gegons* van die spinwiele nie; albei weefsters was *te gesteld* op hulle werk om van mekaar notisie te neem.

> humming. — too absorbed.

Stadigaan het die prente onder die *vlug-bewegende* hande van albei gegroei. Sulke kleure en vorms is nog nooit vantevore op weefsels gesien nie; die weefsters het *hulself oortref*, en elkeen was *oortuig* dat haar eie werk beter sou wees as dié van die ander een.

> fast moving. — surpassed. — themselves. — convinced.

Uiteindelik het hulle klaargekry: Minerva het vir 'n tydjie voor haar eie werk bly staan: dit was ongetwyfeld die mooiste tapytwerk wat sy nog ooit geweef het: so natuurlik het sy die *tonele* gemaak dat dit gelyk het asof die persone elke oomblik uit die *doek* kon stap. Aan die linkerkant het sy die dood van Patroelus, die vriend van die Griekse held Achilles, uitgebeeld; aan die regterkant kon 'n mens sien hoe Hector, die held van Troje, wat vir Patroelus gedood het, *op sy beurt* deur Achilles *verslaan* is en om die mure van Troje *gesleep* word. In die middel het Helena, die skone Griekse vrou wat al die moeilikheid tussen die Trojane en die Grieke *veroorsaak* het, op die mure van Troje na die Griekse kamp staan en kyk. Helena was die mooiste vrou in die wêreld, en Minerva het haar *beeldskone gelaatstrekke* pragtig op die doek afgebeeld.

> scenes. — cloth. — in his turn. — vanquished. — dragged. — caused. — beautiful [features.

Hoogs tevrede met haar werk het die godin na Arachné se kant gedraai om te sien wat die arme mensekind gedoen het. Toe sy Arachné se werk sien, kon sy haar oë byna nie glo nie: Daar op die doek is in die allerpragtigste kleure die twaalf heldedade van Hercules uitgebeeld: so lewendig en natuurlik het die prente gelyk dat 'n mens nie *verbaas* sou gewees het om hulle uit die doek te sien afstap nie.

> astounded.

dumbfounded.
acknowledge.
excel.
revenge.
impudent.

Minerva het *verstom* bly staan. Al was haar eie werk baie mooi, tog moes sy *erken* dat dié van Arachné hare *oortref*. Dit was vir die godin te veel; sy het besluit om nou *weerwraak* te neem op die *astrante* meisie: „Jy het gewen," sê sy. „Jou werk is baie mooi, en ek erken dat jy my oortref het; maar omdat jy so astrant was, moet ek jou straf: jy sal van nou af gedurig aan die werk bly!"; en sy raak haar lig-weg op die skouer aan.

understand.
happened.
wrinkled.

Arachné kon nie *begryp* wat haar *oorgekom* het nie; die bome het skielik baie groot geword, en Minerva het soos 'n hoë toring oor haar gestaan. Haar klere het van haar afgeval, haar vel het *rimpelig* geword, en in plaas van twee arms en bene het sy nou agt hårige pootjies gehad.

spider.

(Minerva het haar in 'n *spinnekop* verander.)

comfort.
nowadays.

Arme Arachné! Van toe af moes sy haar maar *troos* deur gedurig te spin. Dis die rede waarom die spinnekoppe *deesdae* nog deur die geleerde mense „Arachnidae" genoem word.

time, turn.
artful.
sad.
temptation.
resist.
industriously; prove.

Volgende *keer*, dus, wanneer u 'n spinnekoppie haar *kunstige* web sien weef, kan u aan Arachné se *treurige* geskiedenis dink en die *versoeking weerstaan* om die web te breek; die spinnekoppie stam miskien regstreeks van Arachné af en spin so *ywerig* om te *bewys* dat Arachné beter kon weef as Minerva!

## LES AGT-EN-TWINTIG.

### VOEGWOORDE—CONJUNCTIONS.

Conjunctions act as connecting links, either between words (phrases or sentences), *e.g.* :—

Jan **en** Piet het gekom.
(Jan and Piet came.)
Jan het gekom, **maar** Koos het tuis gebly.
(Jan came, but Koós stayed at home.)

Though it is customary to combine sentences by means of conjunctions, the same idea can be—and is often—expressed without making use of conjunctions. Cf. the following :—

Ek kan nie gaan nie : ek is siek.
(I cannot go : I am ill.)

Here the colon (:) does the work which in the same connection could be done by **want** (for) or **omdat** (because).

Similarly :—

Jan het gekom ; Piet het tuis gebly.
(Jan het gekom maar Piet het tuis gebly.)

Instances like these, where no conjunction is used, aré however more the exception than the rule.

Conjunctions, then, are extensively used to combine sentences, and it is of primary importance that the student should know in what way conjunctions do, or do not, influence the word-order of the sentences they introduce.

**Note.**—In this chapter the term "conjunction" is used in its widest sense to include pure conjunctions (like **en, omdat, alhoewel,** etc., which only function as connecting links) as well as so-called conjunctive adverbs, *i.e.* adverbs which, besides functioning as ordinary adverbs, are also sometimes used to combine sentences. We shall discuss these, and their influence on the word-order, as and when occasion arises.

As a rule conjunctions introduce either—

(*a*) Co-ordinate clauses, or
(*b*) Subordinate clauses ;

in (*a*) we get the so-called compound, in (*b*) the complex sentence.

### A. CONJUNCTIONS IN COMPOUND SENTENCES.

These can be divided into two main classes.

1. Those which **do not affect the word-order** in the sentence—in other words, the co-ordinate clause has the same word-order as the principal clause. They are :—

**en** (and) ; Ek is moeg **en** Piet is vaak.
(I am tired, and Piet is sleepy.)

**maar** (but): Ek is groot **maar** Piet is klein.
(I am big, but Piet is small.)

**dog** (yet, still): Hy was siek **dog** hy het gegaan.
(He was sick, yet he went.)

**want** (for): Ek kan nie gaan nie **want** ek is siek.
(I cannot go for I am sick.)

**of** (or): Jy moet werk **of** jy sal druip.
(You must work or you will fail.)

**òf** . . . . **òf** (either . . . . or): **Of** jy moet gaan, **òf** ek (moet gaan).
(Either you must go or I (must go).

**nòg** . . . . **nòg** (neither . . . . nor): **Nòg** Jan het gegaan **nòg** Piet (het gegaan).
(Neither Jan went, nor Piet (went).

In all these sentences the student will note that the word-order would be unchanged if the conjunctions were omitted and the sentences introduced by them regarded as simple sentences.

2. Those which **do affect the word-order** in so far as they bring about **inversion,** *i.e.* the predicate precedes the subject. These are for the most part **conjunctive adverbs,** of which mention has been made above. Very frequently used are:—

**Dus** (therefore)
**egter** (however)
**tog** (yet)
**ook** (also)
**nogtans** (nevertheless)
**derhalwe** (therefore)
**eindelik** (at last)
**gevolglik** (consequently)
**ewenwel** (however, yet, all the same)
**daarenteen, daarenteë** (on the contrary)
**daarby** (in addition to that)
**hierby** (in addition to this)
**daarna** (after that, thereafter)
**hierna** (after this, hereafter)
**daardeur** (by that means)
**hierdeur** (by this means)
**daarom** (for that reason, hence).
**hierom** (for this reason)

EXAMPLES.

Hy het my eers geslaan; **daarna** het hy my geskop.
(He first hit me; after that he kicked me.)
Dit reent; **daarom** kan ons nie gaan nie.
(It rains; therefore we cannot go.)
Ek is siek; **derhalwe** bly ek in die bed.
(I am sick; therefore I stay in bed.)
Ons het lank gewag; **eindelik** het hy gekom.
(We waited for a long time; at last he came.)

The reason why conjunctive adverbs should bring about inversion (note that in the examples above the predicate precedes the subject) is not far to seek. The student knows that if a simple sentence (*i.e.*, principal clause) is introduced by an adverb, we get the inverted word-order, *e.g.* **Môre kom ek.**

Now, instead of introducing a principal clause, these conjunctive adverbs introduce co-ordinate principal clauses, in which they retain their old function, *viz.* to bring about inversion.

A comparison of the following examples will illustrate the difference in construction after conjunctive adverbs (Paragraph 2, which bring about inversion) and pure co-ordinate conjunctions (Paragraph 1, which do not affect the normal word-order):—

Dit reent; **dus** bly ek tuis (Conj. Adv.).
Dit reent **en** ek bly tuis (Pure Conj.).
Dit het gereent; **tog** het hy uitgegaan (Conj. Adv.):
Dit het gereent, **dog** hy het uitgegaan (Pure Adv.).

## B. CONJUNCTIONS IN COMPLEX SENTENCES.

As has been pointed out, in Afrikaans the verb (or verbs) in a subordinate clause is placed at the end, *e.g.* :—

Hy vra my **of** ek hom môre **sal ontmoet.**
(He asks me whether I shall meet him to-morrow.)
Hy sê **dat** ek dit dadelik **sal moet doen.**
(He says that I shall have to do it at once.)
Hy vertel my **dat** hy gister 'n bok **geskiet het.**
(He tells me that he shot a buck yesterday.)
Hy vertel my **dat** 'n bok gister deur hom **geskiet (geword) is.**
(He tells me that yesterday a buck was shot by him.)

Note, also, that in the subordinate clause the auxiliary **precedes an infinitive** (sal ontmoet, sal moet doen), but **follows a past participle** (geskiet het, geskiet geword is).

According to their function, subordinate clauses can be divided into :—

(1) Noun clauses
(2) Adjectival clauses } Verb (verbs) at the end.
(3) Adverbial clauses

### 1. NOUN CLAUSES

can be introduced by the conjunctions :—

**dat** (that) ; **wat** (what) ; **of** (whether) ; **waar** (where)
**watter** (which), etc.

Hy vertel ons **dat** hy sy huis **verhuur** het.
(He tells us that he has let his house.)
**Dat** hy die skaap **gesteel het,** is seker.
(That he has stolen the sheep is certain.)

Ek kan u nie sê **wat** om te **doen** nie.
(I cannot tell you what to do.)
**Wat** Piet **doen**, is goed gedoen.
(What Piet does is well done.)
Hy vra my **of** ek môre **sal saamgaan.**
(He asks me whether I shall go with him to-morrow.)
Vertel my **waar** jy al die tyd **gewees het.**
(Tell me where you have been all the time.)
Vra hom **watter** appel hy **wil hê.**
(Ask him which apple he wants.)
Vra hom **wie se** hoed dit **is.**
(Ask him whose hat it is.)

**Note** that only the second **nie** can stand after the verb in the subordinate clause.

## 2. ADJECTIVAL CLAUSES

are frequently introduced by **wat,** used for persons and things, singular or plural; translated into English by **who, which, whom,** etc., according to the sentences in which it is used , *e.g.* :—

Dis die man **wat** ek by die konsert **gesien het.**
(It's the man whom I saw at the concert.)
Mense **wat** soggens vroeg **opstaan,** is gewoonlik baie gesond.
(People who rise early in the morning, are usually very healthy.)
Die boek **wat** op die tafel **lê,** is myne.
(The book which (that) lies on the table is mine.)

As has been pointed out in Les 19 (which see), **wat,** when influenced by a preposition, changes to :—

(*a*) **Preposition** + **wie,** when referring to **persons** (op wie, etc.).
(*b*) **Waar** + **preposition**, when referring to things (waarop, etc.).

Consequently adjectival clauses are frequently introduced in Afrikaans by **op wie, in wie,** etc., or **waarop, waarin,** etc. :—

Jan is 'n man **op wie** jy **kan vertrou.**
(Jan is a man (on) whom you can trust.)
Die man **aan wie** ek die geld **skuld,** is my oom.
(The man to whom I owe the money is my uncle.)
Dit is die vrou **met wie** ons **gepraat het.**
(It is the woman with whom we talked.)
Jan is die man **sonder wie** ek nie kan lewe nie.
(Jan is the man without whom I cannot live.)
Die stoel **waarop** ek **gesit het,** is stukkend.
(The chair on which I sat is broken.)
Wys vir my die paal **waaraan** hierdie draad vas **is.**
(Show me the pole to which this thread is attached.)
Dis die klip **waarmee** hy my **gegooi het.**
(It is the stone which he threw at me ; literally : with which.)
Dis 'n boek **waarsonder** ek nie kan klaarkom nie.
(It is a book I cannot do without.)

**Note.**—Op wie, aan wie, etc. = on whom, to whom, etc.
Waarop, waaraan, etc. = on which, to which, etc.

Besides "wat" (and its amended forms "op wie," "waarop," etc.) adjectival clauses can be introduced by conjunctions like **waar** (where), **wanneer** (when), **of** (whether), *e.g.* :—

Dis 'n plek **waar** baie wild **gevind word** (qual. "plek").
(Its a place where much game is found.)
By die tyd **wanneer** ek **opstaan** is dit al laat (qual. "tyd").
(By the time when I rise it is late already.)
Die vraag **of** vrouens stemreg **behoort te kry,** is al dikwels gestel (qual. "vraag").
(The question whether women ought to get the right to vote has already been frequently put.)

## 3. ADVERBIAL CLAUSES.

There are as many different kinds of adverbial clauses as there are different kinds of adverbs, *e.g.* adverbial clauses of place, manner, time, etc.

To introduce adverbial clauses a host of conjunctions are employed, the most important of which will be found below.

Note the position of the verb(s) in the subordinate clause: at the end.

(*a*) **Adverbial Clauses of Manner** (Hoedanigheid) are introduced by :—

**asof** (as if).

Julle gaan te kere **asof** die plek julle s'n **is.**
(You are making such a row (that it seems) as if the place belongs to you.)

**soos** (as).

Julle het julle gedra **soos** klein kindertjies dit nie **sou gedoen het** nie.
(Literally : You have behaved as small children would not have done it.)

(*b*) **Adverbial Clauses of Place** (Plek).

**Waar** (where).

Ek slaap **waar** die muskiete my nie **kan byt** nie.
(I sleep where the mosquitoes cannot bite me.)

(*c*) **Adverbial Clauses of Time** (Tyd).

**As, wanneer** (when—for any time).

**As** dit **reent,** is dit nat.
(When it rains it is wet.)
Jan kan huis-toe gaan, **wanneer** die reën **opgehou het.**
(Jan can go home when the rain has stopped.)

**Toe** (when—only for **past** time).

Ek het geskrik **toe** ek die donder **hoor.**
(I was frightened when I heard the thunder.)

**Terwyl** (while).

**Terwyl ek werk**, rook ek nie.
(While I work I do not smoke.)

**Sedert** (since—time).

**Sedert** hy as bestuurder **aangestel is,** het die besigheid vooruitgegaan.
(Since he was appointed as manager, the business has progressed.)

**Voordat, voor** (before).

Ek kan nie gaan **voordat** die reën nie **ophou** nie.
(I cannot go before the rain does not stop.)

**Eerdat, eer** (before).

**Eer** ek jou **help,** moet jy my help.
(Before I help you, you must help me.)

**Nadat, na** (after).

**Nadat** die reën **opgehou het,** het ek gegaan.
(After the rain had stopped I went.)

**Totdat, tot** (till).

Hy het aangehou vra **totdat** ek hom naderhand maar **moes antwoord.**
(He continued asking until later on I had to answer him.)

(*d*) **Adverbial Clauses of Cause and Reason** (Oorsaak en Rede).

**Omdat** (because).

Ek kan nie gaan nie **omdat** ek siek **is.**
(I cannot go because I am ill.)

**Daar** (because, as).

**Daar** dit in die winter in hierdie huis te koud **sal wees,** sal ek dit nie huur nie.
(As it will be too cold in this house in the winter, I shall not rent it.)

**Deurdat** (owing to the fact that, because, as).

**Deurdat** ek my been **gebreek het**, moes ek met siekteverlof gaan.
(Owing to the fact that I broke my leg, I had to go on sick leave.)

**Aangesien** (seeing that).

**Aangesien** dit reent, kan jy maar tuisbly.
(Seeing that it is raining, you may stay at home.)

(*e*) **Adverbial Clauses of Result** (Gevolg).

**So . . . dat, sodat** (so that).

Hy was **so** siek **dat** hy 'n operásie **moes ondergaan.**
(He was so ill that he had to undergo an operation.)
Hy het hard gewerk **sodat** hy in sy eksamen **geslaag het.**
(He worked hard so that he passed his examination.)

(*f*) **Adverbial Clauses of Degree** (Graad).

**So . . . dat** (so . . . . that).

Hy was **so** siek **dat** hy 'n operasie **moes ondergaan.**

**So . . . as** (as . . . as).

Hy is **so** gesond **as** 'n mens maar **kan wees.**

(Literally: He is as healthy as a person can be.)

(*g*) **Adverbial Clauses of Concession** (Toegewing).

**Ofskoon** (although).

**Ofskoon** ek 'n bietjie siek **gevoel het,** het ek gegaan.

(Although I felt a trifle ill, I went.)

**Hoewel, alhoewel, al** (though, although).

**Alhoewel** dit **gereent het,** het ek gegaan.

**Hoewel** dit **gereent het,** het ek gegaan.

(Although it rained, I went.)

**Al reent** dit ook, sal ek gaan.

(Even though it rains, I shall go.)

N.B.—The student's attention is drawn to the fact that in the subordinate clause introduced by **al** the verb is **not at the end,** but follows immediately on **al.** In other words, we have the same inversion that we had with conjunctive adverbs (cf. p. 220).

(*h*) **Adverbial Clauses of Condition** (Voorwaarde).

**As, indien** (if).

Ek sal gaan **as** (indien) dit nie **reent** nie.

(I shall go if it does not rain.)

**Tensy** (unless, *i.e.* if not.)

Ek sal gaan **tensy** dit **reent.**

(I shall go unless it rains.)

**Mits** (provided that, on condition that).

Ek sal gaan **mits** jy met my **saamgaan.**

(I shall go provided that you go with me.)

(*i*) **Adverbial Clauses of Comparison** (Vergelyking).

**As** (than).

Hy is langer **as** ek (lank is).

(He is taller than I (am tall).

(*j*) **Adverbial Clauses of Relation** (Verhouding).

**Hoe . . . hoe** (the . . . the . . .).

**Hoe** verder hy gaan, **hoe** moeër word hy.

(The further he goes, the more tired he becomes.)

**Note 1.**—If in a complex sentence the subordinate clause precedes the principal clause, we have the inverted word-order in the principal clause (*i.e.* the subordinate clause acts as an extension to the principal clause). Thus:—

As dit gebeur, **kan ek** nie gaan nie.

(If it happens I cannot go.)

(Cf. Môre **kan ek** nie gaan nie).

The student should note, however, that if the principal clause is preceded by a clause of **indefinite concession,** the word-order in the principal clause is **not** affected, *e.g.* :—

**Wat ook al gebeur, jy moet** om tienuur daar wees.
(Whatever happens, you must be there at ten o'clock)
**Selfs al was hy my eie broer, ek sou** hom nie vergewe nie.
(Even though he were my own brother, I would not forgive him.)

**Note 2.**—Remember that it is always better from a point of view of style to let a subordinate clause precede a principal clause. By doing this the reader's (or listener's) interest is kept right up to the end. It is, for instance, better to say :—

As dit nie reent nie, sal ek kom.

than to say :—

Ek sal kom, as dit nie reent nie.

**Note 3.**—As the student will have noticed, the same conjunctions can be used to introduce different kinds of subordinate clauses. Thus :—

**Wat** and **of** can introduce :

(*a*) A noun clause.
(*b*) An adjectival clause.

**As** can introduce :

(*a*) An adverbial clause of time (when).
(*b*) An adverbial clause of condition (if).
(*c*) An adverbial clause of comparison (than).

**Waar** can introduce :

(*a*) A noun clause.
(*b*) An adjectival clause.
(*c*) An adverbial clause of place.

**Sodat** can introduce :—

(*a*) An adverbial clause of result.
(*b*) An adverbial clause of purpose.

**So . . . . dat** can introduce :—

(*a*) An adverbial clause of result.
(*b*) An adverbial clause of degree.

It is not always easy to decide when **so . . . dat** intimates result and when degree ; in some cases it can be either one or the other, according as we ask the question :—

"What was the result ?"
or "To what degree ?"

*e.g.* in the sentence :—

Hy was **so** siek **dat** hy 'n operasie moes ondergaan ;

the fact that he had to undergo an operation can be regarded either as the result of his sickness or the degree of his sickness.

## Oefening 28a.

Voltooi die volgende sinne :—

(1) Ek sal more skool-toe gaan, as . . . . . . . .
(2) Ek sal more skool-toe gaan, mits . . . . . . .
(3) Ek sal more skool-toe gaan, tensy . . . . . . .
(4) Ek sal more skool-toe gaan, want . . . . . . .
(5) Ek sal more skool-toe gaan, omdat . . . . . .
(6) Ek sal more skool-toe gaan, alhoewel . . . . .
(7) Ek sal more skool-toe gaan, al . . . . . . . .
(8) Ek sal more skool-toe gaan, en . . . . . . . .
(9) Ek sal more skool-toe gaan, dus . . . . . . .
(10) Ek sal more skool-toe gaan, nadat . . . . . . .

## Oefening 28b.

Voltooi onderstaande sinne :—

(1) Hoe meer ek eet, hoe . . . . .
(2) My ouers kan nie verstaan dat . . . . .
(3) Hy vra my of . . . . .
(4) Toe ek tuis kom . . . . .
(5) Kyk bietjie na Jan terwyl . . . . .
(6) Die leerling het hard gewerk, dog . . . . .
(7) Die leerling het hard gewerk; tog . . . . .
(8) Ofskoon ons op hom kan reken . . . . .
(9) Hy het nie gekom nie; daarom . . . . .
(10) Jan is nie slim nie, inteendeel . . . . .

## Oefening 28c.

Verbind die volgende sinne met behulp van die voegwoord tussen hakies :—

(*a*) Dit het eers gereent. Dit het gehael (daarna).
(*b*) Jy moet tuis bly. Jy is stout (want).
(*c*) Jy moet tuis bly. Jy is stout (omdat).
(*d*) Dit het gereent. Ek moes uitgaan (maar).
(*e*) Dit het gereent. Ek moes uitgaan (nogtans).
(*f*) Dit het gereent. Ek moes uitgaan (dog).
(*g*) Dit het gereent. Ek moes uitgaan (tog).
(*h*) Sy been is gebreek. Hy moet hospitaal-toe gaan (derhalwe).
(*i*) Vertel my die storie. Hy het dit vir jou vertel (wat).
(*j*) Hy gedra hom. Hy is heer en meester (asof).
(*k*) Dit begin reent. Dit is gewoonlik donker (voordat).
(*l*) Hy het vet geword. Hy het 'n operasie ondergaan (sedert).
(*m*) Dit reent nie. Ek sal kom (indien).
(*n*) Hy was siek. Hy kon nie kom nie (daar).
(*o*) Hy vra my. Ek gaan op Simonstad woon (of).

## Oefening 28d.

Gebruik in goeie volsinne :—

Voordat; omdat; nadat; eerdat; totdat; sodat; deurdat; so . . . . as; so . . . . dat; nòg . . . . nòg; hoe . . . hoe; aangesien; gevolglik; daarenteen; òf . . . òf.

### Oefening 28e.

Vul in die regte voegwoord :—

(1) Piet kon nie kom nie — hy was siek.
(2) — jy gou maak, sal jy laat wees.
(3) Die tafel — die boek lê is stukkend.
(4) Die tafel — daar staan is stukkend.
(5) Hy is 'n man — jy kan vertrou.
(6) Hy is 'n man — jy kan reken.
(7) Hy het gedruip — hy dit nie verdien het nie.
(8) Hy het gedruip — het hy dit nie verdien nie.
(9) — ek hom gesien het, het ek hom dadelik herken.
(10) Ek is sterker — Jan, maar nie so sterk — Piet nie.
(11) Jy was so soet, — sal ek jou 'n present gee.
(12) Môre kan julle vakansie kry — julle vandag soet is.
(13) Jy moet — gaan — bly.
(14) Hy is al op — hy is nog swak.
(15) Kom saam met my — ek jou kan wys — ek nou woon.

## LEESOEFENING.

### NARSISSUS.

In die ou dae, toe die wêreld nog jonk was, het daar in Griekeland 'n volk gewoon wat baie lief was vir die natuur, en vir alles wat mooi was.

Hulle het dus ook baie van mooi mense gehou; en dis *verstaanbaar* dat 'n mooi mens trots was op sy *skoonheid*.

understandable. beauty.

Narsissus was 'n seun wat van sy kinderjare af baie mooi was. Hy was egter nie *trots* daarop nie, want in daardie dae was daar nog geen *spieëls* nie, en niemand het ooit vir hom vertel hoe mooi hy was nie.

proud. mirrors.

Eendag *het* hy alleen in die veld *rondgedwaal*. Dit was 'n pragtige somerdag; *orals* het daar blomme hulle gesiggies tussen die groen gras deur gesteek; die bye het *lomerig* heen en weer *gegons*; die sakkies op hul *agterpootjies* was swaar gelaai met *blommeel*, en dit het gelyk of selfs dié *vlytige* goedjies slaperig gevoel het in die hitte van die middagson.

wandered round. everywhere. dreamily. hummed. hind-legs. pollen. industrious.

Narsissus het ook begin *vaak* voel. Hy het al genoeg bessies gepluk, en selfs die miere wat sulke wonderlike dinge doen dat 'n mens ure na hulle kan kyk *het* hom begin *verveel*. Hy voel nou lus om in 'n koel plekkie op die sagte groen gras te gaan lê; maar eers sal hy water drink, want die somerson het hom *dors* gemaak.

sleepy. bored. thirsty.

Tussen 'n klompie bome deur vloei daar 'n helder stroom water. Narsissus ken dit goed; hy weet dat die *bron* in die hart van die bome *skuil*, en dat die water daar die koelste is.

fountain, source. hides, is sheltered.

Toe hy daar kom, gaan hy op die *rand* van die poel lê en buig vooroor om die water by te kom. Dit was die eerste keer dat hy sy oë oophou terwyl sy rooi lippe die soet, koel water *insuig*. Hy het skaars die eerste sluk gegee of hy ruk *orent* en staar *aandagtig* na die water onder hom. Net *onderkant* die *oppervlak* sien hy 'n pragtige gesig wat reguit na hom kyk. Soiets het hy nog nooit *vantevore* gesien nie en dit was vir hom baie mooi. Hy lag, en die vriendelike persoon daar in die water lag saam met hom.

edge. suck in. upright. attentively. underneath; surface. before.

Narsissus wil nou nader *kennis* maak met die kêrel: hy steek sy hand uit oor die water—en kyk! Die seun daar onder steek sy hand ook uit; maar toe Narsissus sy hand in die water druk om die ander 'n *handdruk* te gee, word die water troebel en het die beeld *verdwyn*.

acquaintance. handshake. disappeared.

Arme Narsissus! Die gedagte dat hy sy nuwe *speelmaat* verloor het, was vir hom te veel, en hy *het* in trane *uitgebars*. Toe hy weer sien, het die water stil geword—en daar huil sy maat saam! Hy het seker ook sleg gevoel dat hulle mekaar uit die oog verloor het.

playmate. burst out.

Narsissus kon nie wegkom van die poel nie: hy het op sy eie beeld *verlief geraak* en het gelê en kyk in die water.

fell in love.

Dae, weke het verbygegaan, maar hy wou nie weggaan nie. Sy maat het saam met hom *getreur*, want die gesig daar onder hom het *maer* en bleek geword.

sorrowed. lean.

Niemand het geweet wat van Narsissus geword het nie. Hulle het hom orals gesoek, maar daar was geen *spoor* van die seun te kry nie.

trace.

Eindelik het sy moeder na dieselfde bron gestap waar Narsissus vir die eerste keer sy eie gesig gesien het. Treurig het sy langs die kant van die helder water gaan sit en huil. Haar trane het op 'n pragtige *roomwit* blom geval, wat 'n lieflike *geur* rondom die poel *versprei het*. Sy het nog nooit dié soort blom gesien nie, en buk om die geur beter in te asem. Tot haar *verbasing* hoor sy die blom *fluister*: „Ek is Narsissus. Die gode het my in 'n blom laat verander toe hulle sien hoe maer en bleek ek geword het hier langs die poel waar my maat in bly. Ek is gelukkig; julle moet nie oor my treur nie, want nou kan ek my geur *gedurig* oor die water sprei."

creamy. scent. spread. astonishment. whisper. continually.

Van dié tyd af is die roomwit blom wat in *trossies* op een *stingel* pryk, nog altyd *bekend* as die Narsissus-blom.

clusters. stem. known.

## LES NEGEN-EN-TWINTIG.

### VOORSETSELS—PREPOSITIONS.

Like conjunctions, prepositions act as connecting links between nouns (pronouns) and the rest of the sentence. A preposition is said to "govern" such a noun or pronoun, in conjunction with which it serves to express a relation of time, place, circumstance, etc.; *e.g.* in the sentence :—

Ek staan **voor** die boom **in** die tuin;
(I stand in front of the tree in the garden);

"voor" and "in" act as connection-links (joining "boom" and "tuin" to the rest of the sentence), while at the same time they denote my relation (ek staan) to the tree, and the tree's relation to the garden.

In so far as they connect words in a sentence, prepositions are thus closely related to conjunctions. As close—if not closer—is the relation between prepositions and adverbs; as a matter of fact, many prepositions were originally pure adverbs. The use of the same word as preposition as well as adverb is thus no uncommon or startling phenomenon; cf. :—

Ek staan **voor** die boom (preposition, qualifying "boom").
Ek loop **voor**, Jan agter (adverb, modifying "loop").
(I am walking in front, Jan is following.)
Ek loop **oor** die brug (preposition, qualifying "brug").
(I walk over the bridge).
Die dam loop **oor** (adverb, modifying "loop").
(The dam is overflowing.)

A list of the most common prepositions (with their usages) is appended. The student will, however, realise how impossible it is to give exhaustive rules for the usages of prepositions, as many of them have different meanings in different contexts. The preposition, more than any other part of speech, aids to give a language its own characteristic "idiom," and it is only by careful observation and constant use that one can hope to master the subtle preposition in its idiomatic context.

AAN.

(*a*) **At** : Ons sit **aan** tafel.
Hy studeer **aan** die uniwersiteit.
(He is studying at the university.)

(*b*) **To** (instead of **aan, vir** can be used in this connection):
Gee die blomme **aan** (vir) jou moeder.
(Give the flowers to your mother.)
Ek skrywe 'n brief **aan** (vir) Jan.
(I write a letter to Jan.)

(*c*) **On** (suspension, *i.e.* a hanging to) :—
Die portret hang **aan** die muur.
(The picture hangs on the wall.)

(*d*) **Aan** is further used to form the so-called present continuous or past continuous tense :—

Ek is (was) **aan** skrywe (aan die skrywe, aan 't skrywe).
(I am (was) writing).

(*e*) In idiomatic expressions, *inter alia* :—

Dit kom daar nie op **aan** nie (It doesn't matter).
Ek **dink aan** jou (I think of you).
Dit **behoort aan** my (It belongs to me).
**Herken aan** (recognise by).
**Hou vas aan** (hold on to).
**Ly aan** (suffer from).
**Geheg aan** (attached to).
**Verloof aan** (engaged to).
**Getrou aan** (loyal, true to).
**Te danke aan** (to thank for)
**Te wyte aan** (to blame for).

AANGAANDE (concerning).

**Aangaande** my en my huis, ons sal die Here dien.
(Concerning me and my house, we shall serve the Lord
My **aangaande**, ek bly by die huis.
(As regards me, I am staying at home.

AGTER (behind—of place)

Hy sit **agter** my op 'n stoel. (He sits behind me on a chair.)
Note that { **agter** is used for **place.**
{ **na** is used for **time.**
**agter** die skool = behind the school (building).
**na** skool = after school (is out).

ANDERKANT (on the other side).

Ons woon **anderkant** die berge (rivier).
(We live on the other side of the mountains (river).)

BEHALWE (except).

Almal was teenwoordig **behalwe** Jan.
(All were present except Jan.)

BENEWENS (besides, above).

In expressions like :—
**Bo en benewens** dit, . . . . .
(Over and above this, . . . .

BETREFFENDE (concerning).

Ek het hom alle informasie **betreffende** die saak gegee.
(I gave him all information concerning the matter.)

BINNE.

(*a*) **Within** (time):
Ek sal jou **binne** 'n maand betaal.
(I shall pay you within a month.)

(*b*) **Inside** (place):
Ek was **binne** die huis toe dit begin reent het.
(I was inside the house when it commenced to rain.)

BINNEKANT (inside).

Ek was **binnekant** die huis toe dit begin reën het.

BO.

(*a*) **Above:**
Kinders **bo** ses jaar moet volprys betaal.
(Children above six years must pay full price.)

(*b*) In idiomatic expressions:—
Ek verkies melk **bo** water (I prefer milk to water).
Dis **bo my vuurmaakplek** (I can't do (understand) it).

BOKANT (above—place).

Die een plaas lê **bokant** die ander plaas.
(The one farm is situate above the other farm.)

BO-OP (on top of).

Die plaas lê **bo-op** 'n berg (The farm lies on top of a mountain).

BUITE(KANT)—(outside).

Ek was **buitekant** die huis toe dit begin reent het.

BUITEN (except).

Almal kan gaan **buiten** Jan. (All can go except Jan.)

BY.

(*a*) **At** (often to denote nearness of place):—
Ek het 'n vakansie **by** die see deurgebring.
(I spent a holiday at the sea.)
Ek sal jou **by** die kafee ontmoet.
(I shall meet you at the café.)

(*b*) **By** (with, by):—
Kom sit hier **by** my (Come and sit here by me).
Wie was **by** jou in die kamer? (Who was with you in the room?)

(*c*) **By** (nearness of time):
**By** die end van die maand. (By the end of the month.)
(cf. **aan** die end van die maand = at . . . .).

**Note.**—**By** is never used in Afrikaans to express agency (English = by); use **deur.**

Die boek is **deur** Langenhoven geskryf.
(The book was written by Langenhoven.)

DEUR.

(*a*) **Through** (place):
Steek jou hand **deur** die draad.
(Put your hand through the wire.)

(*b*) **By** (agency):
„Ampie" is **deur** Van Bruggen geskryf.

(*c*) **Throughout** (time):
Jy moet hard werk **deur** die jaar as jy wil slaag.
(You must work hard throughout the year if you want to pass.)

DEUSKANT (on this side of).

Hy woon **deuskant** die rivier.
(He lives on this side of the river.)

DIGTEBY (near, close to):

Kom staan **digteby** my.
(Come and stand close to me.)
Die steke moet **digteby** mekaar wees.
(The stitches must be close to each other.)

**Note.**—**Digteby** is, perhaps, even nearer than **naby**, which is more often used.

GEDURENDE (during).

**Gedurende** die Groot Oorlog het baie soldate gesneuwel.
(During the Great War many soldiers fell.)

IN

(*a*) **In** (place where):
Ons woon **in** die dorp (We live in the town).
Hy staan **in** die reën (He stands in the rain).

(*b*) **At** (a large place):
Daar was 'n groot brand **in** Kaapstad.
(There was a big fire at (in) Capetown.)

**Note.**—**In stand hou** = to keep in place, in position; to maintain uphold.

IN . . . . IN (into—motion into a place).

Hy gaan **in** die huis **in** (He goes into the house).

IN PLAAS VAN (instead of).

Jan het gekom **in plaas van** Piet (Jan came instead of Piet).

IN WEERWIL VAN (in spite of).

**In weerwil van** die reën het ons gegaan.
(In spite of the rain we went.)

LANGS, LANGES (alongside of, beside).

**Lang(e)s** die rivier staan 'n ry bome.
(Beside the river there is a row of trees.)

**Note.**—The combination **al lang(e)s** is frequently used :—
Al lang(e)s die rivier

MET (with).

Ek speel **met** die bal.
(I play with the ball.)
Gaan jy **met** my na die bioskoop
(Are you going with me to the bioscope ?)
In the last type of sentence **saam** is often used in conjunction with **met** (*vide* saam met).

**Note** the expressions { **met opset** (on purpose) ; **getroud met** (married to).

NA (after—time).

**Na** vyfuur is die winkels toe (After five o'clock the shops are closed).
**Na** is frequently used in idiomatic expressions :—

Ek **verlang na** jou (I long for you).
Hy **streef na** rykdom (He strives after wealth).
Jy **aard na** jou pa (You take after your father).
Jy **lyk na** jou pa (You look like, resemble your father).
**Met** verwysing **na** (with reference to).
**Op drie na** (with the exception of three).
Dis **na** my sin (It is to my liking).

NA, NA . . . . . TOE (to, towards—place).

Ek gaan **na** die bioskoop (I am going to the bioscope).
To emphasize the idea of motion towards a place, **toe** is frequently used with **na** :—

Ek gaan **na** die bioskoop **toe.**
Kom **na** my **toe** (Come to(wards) me).

The same idea can be expressed by **toe** alone, which is hyphenated to the noun when not preceded by **nå** :—

Ek gaan kerk-toe, bioskoop-toe, etc. (see Les 27, A, Note 2.)

NABY (near).

Hy woon baie **naby** ons (He lives very near us).
Dis al **naby** tienuur (It is already near, close to ten o'clock).

NAAS, NAAS-AAN (next to).

Hy woon in die huis **naas(aan)** ons.
(He lives in the house next to us.)

NAMENS (in the name of).

**Namens** my vrou wens ek u almal hartlik te bedank.
(In the name of, on behalf of my wife I wish to thank you all sincerely).

NIETEENSTAANDE (notwithstanding).

Ons het gegaan **nieteenstaande** die reën.
(We went notwithstanding the rain.)

OM.

(*a*) **At** (time):
Die trein vertrek **om** sesuur (The train leaves at six o'clock).

(*b*) **Round** (place):
Hy loop **om** die huis (He walks round the house).

(*c*) **For the sake of:**
Hy doen dit **om** geld (He does it for the sake of money).

(*d*) In idiomatic expressions :—
**Om jou ontwil** (for your sake).
(Similarly : om my ontwil, om ons ontwil, etc.).
Iemand **om die lewe bring** (to kill somebody).
**Om die lewe kom** (to die).
**Al om die ander dag** (every other day).
**Ek gee nie daarvoor om nie.**
(I don't care for it.)

OMTRENT, OMSTREEKS, ONGEVEER (about).

Daar was **omtrent** seshonderd mense (There were about 600 people).
**Ongeveer** tien jaar gelede was ek daar (About ten years ago I was there).

ONDANKS, TROTS (in spite of).

**Ondanks** (trots) die reën het ons gegaan (In spite of the rain we went).

ONDER.

(*a*) **Under(neath)**:
Ek staan **onder** die boom (I stand underneath the tree)

(*b*) **Among**:
Hy is koning **onder** die studente.
(He is king among the students.)
o.a. = **onder** andere (inter alia).
o.m. = **onder** meer (inter alia).

OOR.

(*a*) **Over:**

Ons loop **oor** die brug (We walk over the bridge).

(*b*) **About:**

Ons praat **oor** die saak, die droogte, ens.
(We are discussing the matter, the drought, etc.)

(*c*) Idiomatic expressions :—

**Vandag oor 'n week** (to-day week).
**Oor tien dae** (in ten days' time).
Ek **dink oor** (aan, om) jou (I think of, about you).
Ek **lag oor** die grap (I am laughing at the joke).
Ek is **onrustig oor** jou
Ek **bekommer** my **oor** jou
Ek is **bekommerd oor** jou
} I am anxious about, worried about you.
**Verheug oor** (rejoiced at).
Ek **ontferm my oor** (I take pity on).
**Kla oor** (complain about).

OP.

(*a*) **On, upon** (place) :

Die boek lê **op** die tafel (The book lies on the table).

(*b*) **On** (time) :

Kom weer **op** 'n ander dag (Come again on another day).

(*c*) **At** (place) :

Ek sal jou **op** die stasie ontmoet (I shall meet you at the station).
Ons leer baie dinge **op** skool (We learn many things at school).

**Note.—Op** (at) a small place.
**In** (at) a large place, *e.g.* :—
Ek woon **op** Lady Grey, maar **in** Kaapstad.
(I live at Lady Grey, but in Capetown.)

(*d*) In idiomatic expressions :—

**Vertrou op** (rely on).
**Reken op** (rely on).
**Maak staat op** (rely on).
**Verlief op** (in love with).
**Jaloers op** (jealous of).
**Trots op** (proud of).
**Hoop op** (trust in, rely on).
**Op kantoor** (at the office).
**In antwoord op** (in reply to).
**Op die koop toe** (by way of bargain, over and above).

PER (by—instrument).

Ek reis **per** trem, trein, motor, skip, ens.
(I journey by tram, train, etc.)
(but : **te** voet, **te** perd.)
(on foot, on horseback.)

**Note.—Per ongeluk** } by accident,
**Per abuis** } mistake.

REG-OOR (opposite).

Hulle woon in die huis **reg-oor** ons.
(They live in the house opposite us.)

RONDOM (around, round about).

**Rondom** die plaas is doringdraad.
(Around the farm there is barbed wire.)

SAAM MET (with, together with).

Gaan jy **saam met** my ? (Are you going with me ?)

SEDERT, SINDS (since).

**Sedert** 1908 was ek nog nie weer siek nie.
(Since 1908 I have not been ill again.)

SONDER (without).

Jy kan nie **sonder** 'n hoed gaan nie.
(You cannot go without a hat.)

TE (by—instrument).

Ek loop **te** voet of ry **te** perd.
(I walk on foot or ride on horseback.)

TEEN.

(*a*) **Against** (place) :
Ek leun **teen** die muur (I lean against the wall).

(*b*) **To** (against) :
Tien **teen** een (Ten to one).

(*c*) **By** (nearness of time) :
**Teen** die end van die maand (or : **by** . . . ).
(By the end of the month.)

(*d*) **At** (price or rate) :
Appels word **teen** tien shillings 'n kissie verkoop.
(Apples are sold at 10s. a box.)
**Teen** 'n rentevoet van 6 persent (at a rate of interest of 6 per cent.).
**Teen** pari (at par).

(*e*) In idiomatic expressions :—
Ons is nie **bestand teen** die vyand nie.
(We are not a match for the enemy.)
Hy is **gekant teen** die voorstel.
(He opposes the motion.)

TEENOOR.

(*a*) **Towards** (here **jeens** can also be used):
Hy was vriendelik **teenoor** (jeens) my.
(He was friendly towards me.)

**Note.**—Jeens = towards.
Weens = on account of.

(*b*) **Over against:**
Ek stel my aanbod **teenoor** syne.
(I put my offer over against his.)

TEN SPYTE VAN (in spite of).

**Ten spyte van** die reën het ons gegaan.
(In spite of the rain we went.)

TER WILLE VAN (for the sake of).

Ek doen dit **ter wille van** my vader.
(I do it for the sake of my father.)

TEN BEHOEWE VAN (on behalf of).

Ons het geld gekollekteer **ten behoewe van** die armes.
(We collected money on behalf of the poor.)

TOT.

(*a*) **Till, until** (time):
Jy sal moet wag **tot** Maandag.
(You will have to wait until Monday.)

(*b*) **To:**
Ons gaan van huis **tot** huis. (We go from house to house).
Van tyd **tot** tyd (from time to time).
Van dag **tot** dag (from day to day).

**Note.**—**Tot by** = **to** (right up to).
Hierdie trein gaan tot by Stellenbosch.
(The train goes as far as Stellenbosch.)

(*c*) In idiomatic expressions:—
**Tot wederom** / **Tot siens** } Adieu, till we meet again.
**Geneig tot** (inclined to).
**Met betrekking tot** / **Met referte tot** } re, with reference to.
Iets **tot stand bring** (to bring about something).

TUSSEN (between).

Ek staan **tussen** twee nooiens (I stand between two girls).

**Note**—Tussen = between (two things).
Onder = among (more than two).

TYDENS (at the time of, during).

**Tydens** my siekte was ek baie swak.
(During my sickness I was very weak.)

UIT.

(*a*) **Out of** (place):
Hy kom **uit** die huis (He comes out of the house).

(*b*) **Because of** (as a result of):
Hy doen dit **uit** vrees, liefde, etc.
(He does it because of fear, love, etc.)

(*c*) In idiomatic expressions :—
**Bestaan uit** (consist of).
Vertaal **uit** Engels **in** Afrikaans.
(Translate from English to Afrikaans.)

UIT . . . . . UIT (out of).

To emphasize the idea of motion out of a place, **uit** is often repeated:—
Hy kom **uit** die huis **uit** (He comes out of the house).
(cf. Hy gaan in die huis in.)

VAN.

(*a*) **Of** (possession):
Die boek **van** Jan (The book of Jan).
In this connection **se** could be used :—
Jan **se** boek (Jan's boek).

(*b*) **From** (time):
**Van** sesuur tot tienuur (from six to ten o'clock).

(*c*) **From** (place) in conjunction with **af:**
Ek kom **van** die skool **af** (I come from school).

(*d*) In idiomatic expressions, etc. :—
**Vandeesweek** (this week).
**Vandeesjaar** } this year.
**Vanjaar** }
**Vandag** (to-day)
**Vanmôre, vanoggend** (this morning).
**Hou van** (like, love, be fond of).
**Voorsien van** (provide with).
**Na aanleiding van** (with reference to, as a result of).
Dit **hang af van** jou (It depends on you).

VIR.

(*a*) **With the Indirect Object** (dative case) even where in English no preposition is used :—
Gee **vir** my die boek (Give me the book).
Ek het **vir** hom 'n storie vertel (I told him a story).

(*b*) **With the Direct Object,** though rarely; usually only to avoid ambiguity; for instance, in :—

Die man het Gert geslaan;

it can be taken that the man hit Gert or *vice versa*; to avoid all ambiguity it is customary to say :—

Die man het **vir** Gert geslaan; or
Gert het **vir** die man geslaan.

(*c*) **For** (time):

Dit het **vir** tien uur gereent (It rained for ten hours).

(*d*) **For** (purpose):

Hy werk **vir** geld (He works for money).

(*e*) In idiomatic expressions :—

Ek is **kwaad vir** jou (I am cross with you).
Ek is **lief vir** jou (I am fond of you).
**Dag vir dag** (day after day).
**Een vir een** (one by one).
**Stap vir stap** (step by step).

VERBY (past, beyond).

Hy het **verby** die plek geloop, waar ek gestaan het.
(He walked past the place where I stood.)

VOOR.

(*a*) **In front of** (place):

**Voor** die deur (in front of the door).

(*b*) **Before** (time):

**Voor** tienuur; **voor** Maandag (before ten; before Monday).

VOLGENS (according to).

**Volgens** Sangiro het wilde diere ook 'n siel.
(According to S. wild animals also have a soul.)

WEENS (on account of).

**Weens** die reën moes ons tuis bly.
(On account of the rain we had to stay at home.)

From what has been said above it will be clear that to use the preposition correctly in Afrikaans is by no means an easy task. The student is therefore strongly advised to pay special attention to this chapter, and at all times to **beware of a too literal translation.** For instance :—

TO can be translated, *inter alia* by **na** or **aan**, But it would be wrong to use **na** where **aan** ought to be; or *vice versa, e.g.* :—

(1) Kom **na** my toe (not : aan).

(2) Ek gee die brief **aan** Jan (not : na).

The student ought to find the following general rule useful :—

Use **aan** (for English " to ") only when it can be replaced by **vir**
Valuable notes in this connection will be found in Part I, Les 16.

## Oefening 29a.

Vul in die ontbrekende voorsetsels, en vertaal :—

(1) Die vyand skiet — ons.
(2) Pas op — die trein as jy — die spoor ry.
(3) As jy — moeilikheid kom sal ek jou aanraai om altyd — my te kom.
(4) Toe ek — die poskantoor gegaan het, het ek hom — die straat — die kafee ontmoet.
(5) Die saak is nou ope — bespreking.
(6) Die saak is nog — bespreking.
(7) Ek skaam my — jou gedrag — jou pa.
(8) Hy wys my — my foute.
(9) Ek is bang — Jan, kwaad — Piet, geheg — Gert en jaloers — Klaas.
(10) Vandat sy — my getroud is, was sy nog altyd getrou — my.
(11) Die moeder was baie bekommerd — haar seun, maar nou dat hy veilig — die huis is, is sy verheug — die feit dat hy veilig is.
(12) Jan is lief— Sannie, verlief — Bettie en verloof — Annie.
(13) Ek sal jou — vyfuur — die stasie — die klok ontmoet.
(14) — vyfuur is die winkels — Langstraat toe.
(15) Hy staan — die stoel — 'n kissie.
(16) — ses maande was die groot, sterk man, wat — tering gely het, 'n wrak.
(17) — vyf — was al die kinders teenwoordig ; gister was almal aanwesig — Jan.
(18) Jan lyk — sy pa en aard — sy ma.
(19) Jy kan — hom vertrou want hy is getrou — sy beginsels.
(20) Ek verkies 'n reis — motor — 'n uitstappie — voet.

## Oefening 29b.

Gebruik in goeie sinne :—

Leen aan, leen van ; hou van, hou op, hou uit ; stuur vir, stuur na, stuur oor, stuur met ; praat oor, praat met, praat van ; bo ses jaar, binne ses jaar, na ses jaar.

## Oefening 29c.

Vertaal in idiomaties korrekte Afrikaans, en gebruik soveel voorsetsels as moontlik :—

(1) I was writing a letter when he came to consult me about the matter.
(2) Every other day he is in love with another girl, notwithstanding the fact that he is married to Annie.
(3) About ten years ago a man was killed by a native on a farm near De Aar.
(4) To-day week I shall not be at Hutchinson, but at Capetown.

(5) With the exception of three all the students were present at the meeting.
(6) You are to blame for it that I failed my examination after two years' hard work and notwithstanding two years' hard work.
(7) Everything depends on you.
(8) Translate from English to Afrikaans.
(9) „Uit Oerwoud en Vlakte" consists of three hundred pages; it was written by Sangiro when he was a student at the University of Stellenbosch.
(10) I recognised him by the mole on his face; we always used to tease him about it.
(11) He is very attached to the man who suffers from consumption: he visits him every second day at eleven o'clock.
(12) It doesn't matter whether you did it by accident or on purpose.

## Oefening 29d.

Vul in die regte voorsetsel en vertaal:—

Na aanleiding —; met verwysing —; in antwoord —; met betrekking —; ter wille —; — jou ontwil; ten behoewe —; — andere; — die koop toe; maak staat —; — drie —; ek ontferm my — jou; — stand hou; — stand bring; kwaad —.

## Oefening 29e.

Maak sinne met die volgende voorsetsels:—

Aangaande, betreffende, benewens, namens, trots, omstreeks, tydens, volgens, weens, jeens.

## LEESOEFENING.

### 'n Opstel oor Vurke.

„Wat 'n *snaakse* onderwerp vir 'n *opstel*." Is dit nie die eerste *denkbeeld* wat u kry as u die *opskrif* van hierdie opstel lees nie? Dit sou interessant wees om 'n klas jongetjies en meisies te vra om 'n opstel oor hierdie onderwerp te skryf, en te sien wat hulle oor so 'n *geringe* artikel te sê het. Miskien sou hulle begin deur te sê: „'n vurk is iets wat 'n mens by maaltye gebruik om die *kos* van die *bord* na die mond te bring," en hulle sou maar *weinig* meer te sê hê.

Om die waarheid te sê is dit baie moeilik vir *enigeen* van ons om oor iets waarvan ons baie *min* weet, te skryf. Dis gewoonlik *in verband met* die geringste *dingetjies* dat ons kennis *ontbreek*.

curious; essay.
idea; title.
insignificant.
food.
plate; little.
any one.
little.
in connection [with.
things.
lack.

*Tog* het so 'n geringe artikel soos 'n vurk *ook* sy eie *geskiedenis.*

yet ; also. history.

*Hoewel* lepels en messe in die ou dae in *algemene* gebruik was, is vurke nie voor omtrent die begin van die sewentiende eeu gebruik nie.

although ; common.

Ons weet dat die vurk gebruik is om die kos *op* te *skep,* en ook vir kombuis-*doeleindes* vir miskien 'n eeu voor daardie tyd, maar vir indiwiduele gebruik was dit in Engeland voor die *regering* van Koningin Elizabeth seker nog nie *bekend* nie. Ons moet tot die *gevolgtrekking* kom dat mense voor daardie tyd hulle vingers gebruik het om die kos na hulle monde te bring.

dish up. purposes. reign. known. conclusion.

Dit word *beweer* dat Thomas Coryat, wat vroeg in die sewentiende eeu in Italië op reis was, die vurk uit Italië na Engeland toe gebring het. *In elk geval,* hy het huis-toe geskryf en vertel van die snaakse gewoonte.

asserted. at any rate.

Hy vertel :—

„Die Italiane, en ook die meeste *vreemdelinge* wat Italië besoek, gebruik 'n klein vurkie as hulle vleis eet. Met hulle mes, wat hulle in een hand hou, sny hulle die vleis in die *skottel.* Hulle *maak* die vurk, wat hulle in die ander hand hou, op dieselfde skottel *vas.* As een van die *geselskap* die vleis met sy vingers *aanraak,* sal hy die geselskap *beledig.* Die *rede* vir hierdie snaakse gewoonte moet ons soek in die feit dat die Italiaan dit nie kan *verdra* dat sy kos met die vingers aangeraak word nie, want al die mense se vingers is nie *ewe skoon* nie. Ook ek het gemeen dat dit goed sou wees om die Italiaanse *mode* te volg, nie net in Italië nie, maar ook in Duitsland, en selfs in Engeland."

foreigners. dish. maak vas = fasten. company; touch. offend ; reason. endure. equally ; clean. fashion.

Gedurende die sewentiende eeu *blyk* dit dat tafelvurke met twee *tande* gemaak is. Hulle is gewoonlik van 'n stukkie *plat* silwer gemaak, en dis interessant om te *weet* dat in daardie dae die *agterkant* van die vurk net so dik was as die res van die *hef.* Soms het dit selfs 'n klein *knoppie* gehad.

appears, seems. teeth, prongs. flat ; know. end. handle ; knob.

Die agterkante van lepels en vurke, waaraan ons nou so *gewoond* is, is maar eers in die agtiende eeu platgemaak. Aan die end van die sewentiende eeu is vurke hier en daar met drie en vier tande gemaak, maar eersgenoemde was baie in gebruik, miskien omdat hulle makliker was om uit die metaal te *kap.*

accustomed. cut.

Ons moet onthou tot in die middel van die agtiende eeu het hul *meesal* silwerware op tafel gebruik. Hierdie metaal, hoewel baie *duur,* was makliker om mee te werk, en het natuurlik mooier gelyk. Die *armer* mense het artikels

mostly. expensive. poorer.

gebruik wat van yster en staal en ander metaal gemaak is. Ryker mense, egter, het silwer tot in die middel van die agtiende eeu gebruik.

Dit was omtrent 1743 toe 'n werksman in Sheffield uitgevind het dat 'n laag silwer op koper *gesmelt* (fused.) kon word, en artikels wat op dié manier gemaak was, is „ Sheffield plate " genoem. Dit is vir omtrent 'n honderd jaar in die plek van silwer gebruik. Om sekere *redes* (reasons.) kon hierdie proses vir die maak van lepels en vurke nie *bevredigend toegepas* (successfully [applied.) word nie. Dit was maar in die middel van die neëntiende eeu dat die elektrosilwer-proses uitgevind is.

Na hierdie datum—omtrent *taggentig* (eighty.) jaar gelede—is lepels en vurke versilwer deur middel van die elektriese proses, en in hierdie vorm word vandag miljoene vurke gemaak.

## TOETS SEWE.

1. Skryf 'n opstel van ongeveer 35 reëls oor **éèn** van die volgende onderwerpe :—
   (*a*) Hoe om gesond te lewe.
   (*b*) Aardbewings.
   (*c*) Die waarde van tweetaligheid.
   (*d*) As ek die Prins van Wallis was.
   (*e*) „Wees sterk ! " (35)

2. Skrywe **éèn** van die volgende briewe, en die antwoord :—
   (*a*) Waarin u kla oor die slegte behandeling wat u op 'n onlangse treinreis ontvang het. Gee ook die antwoord.
   (*b*) Waarin u om besonderhede vra insake kursusse, gelde, ens., aan die Kaapse Tegniese Kollege. Gee ook die antwoord. (20)

3. (*a*) Skryf die regte vorm van die bnw. tussen hakies en vertaal :—(Ingewikkeld) probleme, 'n (laf) grap, 'n (seldsaam) gebeurtenis, (bitter) vyande, 'n (fris) seun.
   (*b*) Gebruik elkeen van die volgende bnw. eers predikatief en dan attributief :—
   (b.v. Sannie is **mooi**. Sy is 'n **mooi** vrou.)
   Lang, bang, edel, nuut, maklik. (10)

4. Vul in die ontbrekende voorsetsel :—
   (*a*) Dis — my vuurmaakplek.
   (*b*) Ek sal jou — tienuur — die stasie — die klok ontmoet.
   (*c*) Daardie boek behoort — my.
   (*d*) Die hond is baie geheg — sy baas.
   (*e*) Tien — een sal hy nooit kom nie : jy weet 'n mens kan nie — hom staat maak nie.
   (*f*) — my ontwil het hy dit maar gedoen, al was dit — sy sin. (5)

5. Voltooi die volgende sinne :—
   (*a*) Ek gaan môre Kaap-toe, indien . . .
   (*b*) Ek gaan môre Kaap-toe, mits . . . . . .
   (*c*) Ek gaan môre Kaap-toe, alhoewel . . . . .
   (*d*) Ek gaan môre Kaap-toe, al . . . . .
   (*e*) Ek gaan môre Kaap-toe, want . . . . .

(5)

6. Gebruik in gepaste sinne :—
   Nogtans, dus, in weerwil van, aangesien, behalwe. (10)

7. Gee die teenoorgestelde van :—
   (*a*) **Met opset** het hy dit gedoen.
   (*b*) 'n **Valse** vriend.
   (*c*) Altyd ; links ; vanmelewe.
   (*d*) Voordat ; te danke aan.
   (*e*) Leen aan ; moontlik ; waarskynlik.

(5)

8. Vertaal in goeie Afrikaans :—
   (*a*) In ten years' time I shall perhaps be a rich man, though that is hardly probable.
   (*b*) I don't care whether he comes or not.
   (*c*) Isn't it strange how, when one suddenly becomes poor, one's friends leave one, one by one.
   (*d*) According to Shakespeare all men are liars.
   (*e*) On account of the drought butter is now sold at 3s. a pound.

(10)

## LES DERTIG.

### DIE WERKWOORD—THE VERB.

In Les 22 (which see) we have discussed some of the fundamental aspects of the Afrikaans verb; in this chapter and the following chapters the verb will be dealt with more fully.

### 1. DIFFERENT KINDS OF VERBS.

For the sake of convenience verbs can be divided into different classes, *inter alia* :—

(*a*) **Simple and Compound Verbs** (Enkelvoudige en Samegestelde Werkwoorde), *e.g.* :—

{ loop = go, walk.
{ deurloop (deur + loop) = walk through.

{ stel = place, put.
{ samestel (same + stel) = put together, compound.

{ kom = come.
{ aankom (aan + kom) = arrive.

Compound verbs can be separably or inseparably compounded (see Les 32).

(*b*) **Finite Verbs and Auxiliary Verbs** (Selfstandige ww. en Hulpwerkwoorde) *e.g.* :—

loop, deurloop — sal, wil, het, word.

Some verbs appear both as finite and auxiliary verbs. Thus **word**, when verb finite, means " become " (Jan word onderwyser), while **word** as auxiliary aids to form the passive voice in Afrikaans (Jan word geslaan—see Les 22, paragraph 4).

Similarly **het**, the finite verb, means " have " or " possess " (Ek het 'n boek), while **het**, the auxiliary, aids to form past tense (Ek het vir Jan geslaan) ; **is,** the finite verb, means " be " (Ek is 'n man), while **is**, the auxiliary, aids to form the past continuous passive (Ek is geslaan = I was beaten).

Further notes on auxiliary verbs and their usages in Afrikaans will be found in Les 22, to which the student is referred.

Note also that in Afrikaans **sal** is used to express future time, whereas **wil** expresses a desire, intention or wish.

Compare the following sentences :—

{ Ek sal môre gaan (I shall go to-morrow).
{ Ek wil môre gaan (I want to go to-morrow
I intend going to-morrow).

To express determination, **sál** (*i.e.* sal with the accent) is used :

Ek sál more gaan (I will go to-morrow.)

(*c*) **Transitive and Intransitive Verbs** (Oorganklike en Onoorganklike Ww.).

The former are followed by a direct object, the latter not, *e.g.* :—

Jan **kook** kos (Transitive)—(Jan cooks food).
Jan **kook** (Intransitive)—(Jan cooks.)

(*d*) **Reflexive Verbs** (Wederkerende ww.).

Verbs are said to be "reflexive" when the subject and the direct object are one and the same person, *e.g.* :—

**Ek** was **my** (I wash myself).
**Hy** verwonder **hom** (He is amazed).
**Hulle** skaam **hulle** (They are ashamed of themselves.)

There are two classes of reflexive verbs in Afrikaans :—

(1) Verbs like **was, klee** (clothe), etc., which are **not always reflexive,** *e.g.* :—

Ek was my (reflexive)—(I wash myself).
Ek was Jan (not reflexive)—(I wash Jan.)

(2) Verbs which as a rule are **only used reflexively.**

Some of the most common of these are :—

**Bedink** (bethink) :
Ek het my bedink.
(lit. : I bethought me, *i.e.* I restrained myself.)

**bekommer** (be anxious about) :
Jan bekommer hom baie oor sy werk.
(Jan is very anxious about his work.)

**haas** (make haste) :
Jy moet jou haas (You must make haste).

**herinner** (recollect) :
U sal u nog herinner hoe ons saam gewerk het.
(You will recollect how we worked together.)

**misgis** (be mistaken, make a mistake) :
Piet het hom lelik misgis toe hy die sterkte van die man onderskat het.
(Piet made a great mistake when he underestimated the strength of the man.)

**ontferm** (take pity on) :
Ons sal ons oor jou ontferm.
(We shall take pity on you.)

**skaam** (be ashamed) :
Ek moet my altyd vir jou skaam.
(I must always be ashamed of you).

**verbeel** (imagine) :
Hy verbeel hom hy is heer en koning.
(He imagines he is lord and king.)

**vergis** (be mistaken) :
Julle vergis julle as julle dink Afrikaans is 'n arm taal.
(You are mistaken if you think Afrikaans is a poor language).

**verspreek** (make a mistake in speaking, make a slip of the tongue):
Gert het hom verspreek toe hy voor die predikant gevloek het.
(Gert made a slip of the tongue when he swore in front of the minister.)

**verstout** (be bold, make bold):
Ons het ons verstout om 'n wissel op u te trek ter vereffening van die agterstallige bedrag.
(We have been so bold as to draw a bill on you in settlement of the amount in arrear.)

**verwonder** (be amazed):
Ek verwonder my oor jou gedrag.
(I am amazed at your behaviour.)

**vestig** (settle down):
My oom het hom in Kaapstad gevestig.
(My uncle settled down in Capetown.)

**voorberei** (prepare):
'n Mens moet jou goed voorberei vir die eksamen.
(One must prepare oneself well for the examination.)

**Note** that "verwonder," "bekommer" and "ontferm" are always followed by the preposition **oor.**

(*e*) **Impersonal Verbs** (Onpersoonlike ww.).

These are verbs with **dit** as subject. Some verbs can be used impersonally or otherwise, *e.g.* :—

Dit is mooi weer (impersonal)—(It is fine weather.)
Jan is 'n mooi man (personal)—(Jan is a handsome man.)

The following verbs are as a rule only **used impersonally** :—

(1) Verbs which express "natuurwerkinge," *e.g.* :—
**Dit hael, dit reent, dit sneeu, dit donder.**
(It hails, rains, snows, thunders.)

(2) The following verbs :—

**Betaam** (become):
Dit betaam ons nie om te hard te kritiseer nie.
(It does not become us to criticize too harshly.)

**behaag** (please):
Dit het die Goewerneur-Generaal behaag om die doodvonnis te verander.
(It has pleased the G. G. to change the death sentence.)

**geluk** (succeed):
Dit het Jan nie geluk om in die eksamen te slaag nie.
(Jan did not succeed in passing the examination.)

**skeel** (mind, affect):
Dit kan my absoluut nie skeel wat jy doen nie.
(It does not in the least affect me what you do. I do not mind, care in the least what you do.)

**Spyt** (be sorry):

Dit spyt ons om u mee te deel dat u aansoek van die hand gewys is.
(We are sorry to inform you that your application has not been accepted.)

**vrystaan** (be at liberty):

Dit staan hom vry om te doen wat hy wil.
(He is at liberty to do what he wants to.)

**Note.**—Strictly speaking, only verbs like **reent**, **hael,** etc. (see (*e*) (1) above) where no definite person or agent (*i.e.* subject) can be pointed out, are called impersonal.

Verbs like **betaam, behaag,** etc. (see (*e*) (2) above), are not strictly impersonal, as **dit** in these cases is **not the real subject** but the so-called **provisional subject,** the real subject being a clause or phrase which follows later on in the sentence. Thus, in the sentence:

Dit betaam ons nie om te hard te kritiseer nie,

**dit** is the provisional subject, the real subject being ,,om te hard te kritiseer."

(*f*) **Weak and " Strong " Verbs** (Swak en ,,Sterk " Werkwoorde).

With the exception of a few " strong " past tenses (mentioned below) and a number of so-called " strong " past participles (for which see Les 32, paragraph 17), **all the verbs in Afrikaans are weak**, *i.e.* they do not change the root-vowel to form the past tense and past participle, *e.g.*:—

Ek ry — ek het gery (cf. I ride — I rode.)
Ek swem — ek het geswem (cf. I swim — I swam.)

The following " strong " past tenses are, however, still found in Afrikaans:—

**Dag** (past tense of dink—think).
**kon** (past tense of kan—can).
**mog** (past tense of mag—may).
**was** (past tense of is—is).
**wou** (past tense of wil—want to).
**had** (past tense of het—have).
**moes** (past tense of moet—must).
**wis** (past tense of weet—know).
**sou** (past tense of sal—shall, will).

Instead of **dag, wis, had** (finite verb) we may also use: **het gedink, het geweet, het gehad.**

## 2. INFLECTION OF THE VERB.

In Afrikaans there are comparatively few inflectional changes in the verb, as has been pointed out in Les 22 (which see). Verbs can be inflected for voice (vorm), person (persoon), mood (wys) and tense (tyd).

3. VOICE (Vorm).

In Afrikaans, as in English, we have the active voice (bedrywende vorm) and passive voice (lydende vorm). To form the passive voice the auxiliaries **word** and **is** are used in Afrikaans, as we have seen. The following examples will illustrate the way in which the different voices are expressed in Afrikaans :—

| **Active Voice.** | **Passive Voice.** |
|---|---|
| (1) Ek skryf 'n brief. (I write a letter.) | (1) 'n Brief word deur my geskryf (A letter is (being) written by me.) |
| (2) Ek sal 'n brief skryf. (I shall write a letter.) | (2) 'n Brief sal deur my geskryf word. (A letter will be written by me.) |
| (3) Ek het 'n brief geskryf. (I wrote, have written a letter.) | (3) 'n Brief is deur my geskryf (geword). (A letter was, has been written by me.) |
| (4) Ek sal (sou) 'n brief geskryf het. (I shall (should) have written a letter.) | (4) 'n Brief sal (sou) deur my geskryf geword het. (A letter will, would have been written by me.) |

As we have pointed out in Les 22, paragraph 4 :—

'n Brief was geskryf = A letter had been written.

4. PERSON (Persoon).

The verb in Afrikaans does not change to express difference in person (see Les 22, paragraph 1).

5. MOOD (Wys).

As in English, so also in Afrikaans we have :—

(*a*) **The Indicative Mood** (Die aantonende wys), which expresses an actuality, *i.e.* something which actually happens or which is almost certain to happen, *e.g.* :—

Ek sal my werk doen (I shall do my work).
Ek doen my werk (I do my work).

(*b*) **The Imperative Mood** (Die gebiedende wys), which is the form by means of which we express, *inter alia*, a command, *e.g.* :—

Doen jou werk (Do your work).
Moenie so raas nie (Do not make such a noise).
Gaan haal jou boek (Go and fetch your book).

To express negative commands "moenie" is frequently used in Afrikaans.

(*c*) **The Subjunctive Mood** (Die aanvoegende wys) which we use to express an action we regard as possible, impossible, desirable, probable, etc. We have no certainty that the possibility, etc., will be fulfilled (if we had, we would use the indicative), *e.g.* :—

Dit mag more reent (It may rain to-morrow).
Mag jy suksesvol wees in die eksamen (May you be successful in the examination).
U wil geskiede ! (Thy will be done !)

(*d*) **The Infinitive Mood** (Die onbepaalde wys), which, as its name already indicates, tells us nothing finite or definite, but simply names the action, *e.g.* :—

(1) Ek het besluit **om te gaan** (I decided to go).
(2) Ek kan dit **doen** (I can do it).
(3) U behoort u **te skaam** (You ought to be ashamed of yourself)

As is obvious from the above examples, the infinitive in Afrikaans is found :—

(1) With " om te."
(2) Alone.
(3) With " te."

It is no easy matter to use the infinitive correctly in Afrikaans ; practice alone and attentive reading and listening will enable the student to use the infinitive correctly.

A few general rules for the different usages of the infinitive are appended.

(1) **With om te.**—This is the most common form of the Afrikaans infinitive, and the great majority of verbs have the infinitive with " om te," *e.g.* :—

Dis aangenaam **om** mense **te** besoek.
(It is pleasant to visit people.)
Hy weet wat **om te** doen.
(He knows what to do.)
**Om** perd **te** ry is gesond.
(To ride a horse is healthy.)

(2) **Alone.**—The infinitive stands alone (*i.e.* without " te " or " om te ") only **after auxiliaries** like kan, sal, mag, moet, wil, etc., *e.g.* :—

Hy **wil** dit nie **doen** nie. (He does not want to do it).
**Mag** u alle sukses **hê.** (May you be successful).

(3) **With te.**—The infinitive with " te " is found (*inter alia*) after :—

**hoef** (need) : Jy hoef nie **te gaan** nie (You need not go).
**behoort** (ought) : Jy behoort jou plig **te doen.**
(You ought to do your duty.)
**skyn** (seem) : Hy skyn dit **te geweet het.**
(He seems to have known it.)
**blyk** (appear, seem) : Hy blyk dit **te gehoor het.**
(He seems to have heard it.)

**Note.**—Infinitives like " te danke," " te wyte," " te wagte," etc., which end in **e**, are remnants from High Dutch. They are used in Afrikaans in certain stereotyped expressions.

Dis aan jou **te danke** dat ek vandag ryk is.
(You are to thank for it that to-day I am rich.)

Dis aan jou **te wyte** dat ek vandag arm is.
(You are to blame for it that to-day I am poor.)
My gesondheid laat veel **te wense** oor.
(My health is not what it ought to be.)
Dis **te hope** dat dit gou sal reent.
(Let us hope that it will rain soon.)
Ek was jou vroeër **te wagte.**
(I was expecting you earlier.)
Hy het my soveel **te kenne** gegee.
(He made me understand as much.)

**Note** also the preposition :—
Te danke **aan.**
Te wyte **aan.**

### Oefening 30a.

Skryf die volgende sinne oor in die lydende vorm, en vertaal :—

(1) Jan sal môre 'n brief aan sy ouers skryf.
(2) Jan het gister 'n brief aan sy ouers geskryf.
(3) Nadat Jan die brief geskryf het, het hy die brief gepos.
(4) Jy moet die kinders oppas.
(5) Wie het ,,Ampie" geskryf ?
(6) Dié middele bevorder nie die gesondheid nie.
(7) Ek sal aansoek doen om die vakante betrekking.
(8) Waarom het u u werkgewer kennis gegee ?
(9) Jy moet by dié geleentheid die volkslied speel, want dit doen die mense altyd.
(10) Die doel heilig nie altyd die middele nie.

### Oefening 30b.

Vertaal in Afrikaans :—

(1) You ought to be ashamed of yourself.
(2) He never seems to worry about the future (gebruik : lyk, bekommer).
(3) It seems as if he intends settling down in Cape Town.
(4) If it rains one must make haste if one does not want to become wet.
(5) Can you still remember how we went to school together ? (gebruik : herinner).
(6) I am sorry, but I have not prepared myself for the occasion.
(7) You are to blame for it that I made a mistake in speaking.
(8) It behoves us to take pity on our neighbours (gebruik : betaam, bekommer).
(9) If it does not rain too hard, you are at liberty to go or stay.
(10) After the letter had been written, it was posted.

### Oefening 30c.

Skryf die volgende sinne oor :—

(*a*) in die verlede tyd,
(*b*) in die toekomende tyd :—

(1) Ek skaam my omdat jy jou nie oor die arme bedelaar ontferm nie.
(2) Ek dink nie so nie.
(3) U misgis u, meneer, as u so dink.
(4) Hy moet hom haas.
(5) Jan is jaloers op Piet.
(6) Ek het 'n versoek en wil dit aan u rig.
(7) Hy vertel my 'n storie.
(8) Die man weet wat hy moet doen.

### Oefening 30d.

Vul in **te** of **om te** of niks :—

(1) Hy het nie geweet wat — doen nie.
(2) Jy behoort jou — skaam.
(3) Die kind is bang — gaan.
(4) Hy het besluit — bly.
(5) Jan hoef nie meer — kom nie.
(6) Ek kan hierdie sin nie — doen nie.
(7) Hy blyk dit — geweet het.
(8) Dit staan my vry — doen wat ek wil.
(9) Ek sal bly — sien dat alles goed gaan.
(10) Hy skyn dit — geweet het, nogtans wou hy dit nie — doen nie.

### Oefening 30e.

Vul in 'n voornaamwoord wat pas en vertaal :—

(1) Dit spyt — om — te berig dat ons voorraad uitverkoop is.
(2) Verwonder u — oor al die skoonheid ?
(3) — staan — vry om — te vestig waar — my behaag.
(4) Die generaal het — misgis.
(5) As 'n mens wil slaag, moet — hard werk.
(6) — betaam — nie om — nie te bekommer oor ons bure nie.
(7) As die studente — goed voorberei sal hulle — nie hoef te skaam oor die resultate nie.

### Oefening 30f.

Vul in 'n voorsetsel wat pas :—

(1) Dis — jou te wyte dat ek nou — swak gesondheid ly.
(2) Ontferm u — ons, o Heer !
(3) Die vader is trots — sy seun.
(4) Ek verwonder my — jou gedrag.
(5) Dis te danke — jou dat ek — my eksamen gekom het.
(6) „Ampie " is — Van Bruggen geskrywe.
(7) Hy bekommer hom te veel — sy werk.
(8) Ek kan u verwys — die bestuurder.
(9) Hy het veel — stand gebring.

## LEESOEFENING.

### WAAROM DIE STERRE VERSKIET.

Baie eeue *gelede* het daar 'n volk in Griekeland gewoon wat daarvan gehou het om stories te vertel. Hulle was 'n volk wat baie lief was vir *skoonheid*: skoonheid van natuur en van die mens; en so het daar *'n menigte* stories *ontstaan* omtrent mooi-geboude, fris helde wat allerhande wonderdade *verrig* het.

Hercules was die grootste van hierdie *helde*, en daar word baie stories van hom vertel. So sterk was hy dat hy as 'n babetjie twee slange *verwurg* het wat hom in sy *wieg* wou kom byt!

Toe hy *vol uitgegroei* was, kon niemand in die hele Griekeland met hom *wedywer* nie; en hy het van sy *krag* gebruik gemaak om goed te doen.

Hercules het 'n neef gehad wat nie baie van sy sterk *bloedverwant* gehou het nie, en dit het so gekom dat Hercules moes belowe om vir sy neef, wat 'n koning was, twaalf *take* te verrig.

Hierdie take was almal baie moeilik. So moes hy o.a. die *veelkoppige* Hidra, wat 'n sekere *streek verwoes* het, *om die lewe bring*. Hercules het die monster onbevrees aangeval, maar het gevind dat daar elke slag twee koppe uitgroei as hy een afkap. Die enigste manier waarop hy toe 'n einde aan die monster kon maak was om die wond te brand elke keer dat hy 'n kop afgekap het. Daarna het die koppe nie weer uitgegroei nie.

Die moeilikste werk wat Hercules vir sy neef moes verrig was om drie goue appels uit die tuin van die Hesperides te gaan haal. In hierdie tuin het daar 'n boom gestaan wat goue appels dra. Baie mense het probeer om van dié appels te pluk, maar die *draak* wat om die boomstam gekrul gelê het, was te sterk en te *waaksaam* om dit toe te laat. *Bowendien* is die draak gehelp deur drie nimfe wat gedurig om die boom gedans het.

Hercules het vol moed die moeilike taak onderneem. Op pad na die tuin het hy baie *awonture* deurgemaak, maar ons sal nou liewers nie van hulle vertel nie.

Net voor hy by die tuin moes aankom, het hy 'n *reus* op 'n hoë berg sien staan. Dit was Atlas, wat die lug op sy skouers moes dra. 'n Mens kan begryp dat hy baie stil moes staan, *veral* in die nag, anders sou party van die sterre miskien uit hulle plek *geskud* word.

Atlas was baie vriendelik en het vir Hercules die pad na die tuin toe aangewys; hy het ook vir Hercules *aangeraai* om sy naam te noem wanneer hy met die nimfe

ago.
beauty.
a large number.
originated.
done.
heroes.
strangled.
cradle.
fully developed.
compete.
strength.
relative.
labours.
many-headed.
area.
devastated.
kill.
dragon.
vigilant.
moreover.
adventures.
giant.
especially.
shaken.
advised.

gesels; want Atlas was die nimfe se oom, en hulle het baie *ontsag* vir hom gehad. Atlas het dit alles met 'n *doel* gedoen, want hy het geweet dat Hercules weer van die tuin af by hom sou moet verbykom.

respect. purpose.

Alles het dan ook goed afgeloop in die tuin. Die nimfe was baie vriendelik toe hulle hoor dat Hercules deur hulle oom *aanbeveel* is, en hulle het *toegestem* om die draak aan slaap te maak op *voorwaarde* dat Hercules nie meer as drie goue appels pluk nie.

recommended. agreed. condition.

So gesê, so gedaan. Die draak het *gesnork* dat die berge dreun onderwyl Hercules die appels pluk, maar die held *het hom* nie daaraan *gesteur* nie, want hy wis dat die drie nimfe die monster sou *bedwing* totdat hy uit die tuin was.

snored. took notice. check.

Hercules het die vriendelike nimfe vir hulle hulp bedank, en toe het hy met die terugreis begin. Toe hy by Atlas kom, het hy hom ook bedank vir die *raad* wat hy gegee het, en vir die reus gevra of hy vir hom 'n *guns* kon bewys.

advice. favour.

Dit was net waarna Atlas verlang het.

„Ja," sê hy, „ek staan al soveel eeue hier dat my skouers begin *deurskawe* soos die lug daarop druk. As jy net vir 'n oomblik my *las* wil dra, sal ek weer *in staat wees* om dit op te neem. Jy is die enigste ander persoon wat soiets kan doen."

chafe. burden. be able.

„Is dit al wat jy vra?" sê Hercules terwyl hy sy appels en wapens neerlê. „Dit sal ek baie graag vir jou wil doen. Kom, sit dit op my rug."

„Ja, maar ons moet baie *versigtig* wees," sê Atlas. „Die kleinste *beweginkie* kan bes moontlik die sterre uitskud, en dan skrik die mense daar onder vir hulle lam."

careful. little movement.

Versigtig het hulle *omgeruil*, maar selfs toe kon hulle nie *verhoed* dat 'n paar sterre uitval en die *bewoners* van die aarde die skrik op die lyf ja nie.

changed round. prevent. inhabitants.

Eers was dit vir Hercules 'n *aardigheid* om die lug so op sy skouers te dra, maar na 'n rukkie het hy begin haastig word om huis-toe te gaan. Atlas het met 'n *snaakse uitdrukking* na hom staan en kyk, en het nie *aangebied* om weer sy taak op te neem nie.

novelty. peculiar expression. offered.

Hercules was 'n *beleefde* kêrel, maar na 'n tydjie word hy so *ongeduldig* dat hy vra: „Het jy nou genoeg gerus? Dit word tyd dat ek verder gaan."

polite. impatient.

Nou dreun die lug soos Atlas *skaterlag*.

laughed uproariously.

„Mooi gevang, boetie! Dink jy ek gaan weer daardie las op my skouers neem? Moenie glo nie; dis nou jou *beurt* om vir 'n paar duisend eeue daar te staan."

turn.

Toe Hercules sien hoe hy *beètgeneem* is word hy so *briesend* dat hy byna die lug van sy skouers afgooi, maar die gedagte aan die mense daar onder het hom laat *bedaar*. Hy begryp dat hy maar moes mooipraat:

caught. furious. calmed.

„Jy vergeet dat ek nie *onsterflik* is soos jy nie; en as ek te oud word om die las te dra, sal die lug op die arme mensdom neerval en hulle *verpletter*."

immortal. crush.

„Daarvoor moet Jupiter maar sorg," sê Atlas, en hy begin wegstap.

Meteens dink Hercules aan 'n plan.

„Nou ja, ek sien daar is niks aan te doen nie," sê hy; „maar voor jy vertrek wil ek jou 'n guns vra."

„Seker," sê Atlas, want hy was nogal goedhartig—en dom daarby. „Die lug begin nou al my skouers te skawe. Hou net vir 'n oomblik vas totdat ek my leeuvel oor my rug kan gooi, dan sal dit makliker gaan."

Weer ruil die twee versigtig om, en weer kyk die mense verskrik op toe 'n paar los sterre so deur die lug vlie.

„Is jy klaar?" vra Atlas, 'n bietjie onrustig toe hy sien dat Hercules nie net sy leeuvel optel nie, maar ook sy wapens en goue appels.

„Ja—vir die terugreis," sê Hercules en weer dreun die lug, maar hierdie keer is dit die held wat lag, terwyl die reus lelik *op sy neus staan en kyk*.

cut an awkward [figure.

Toe Hercules 'n hele ent die pad afgeloop het, draai hy om: daar staan die arme Atlas op die berg, skerp teen die lug *afgeteken*, sy skouers gebuk onder die las van die lug; maar julle hoef hom nie jammer te kry nie, want Jupiter het hom so gestraf vir die misdade wat hy in die ou dae *gepleeg* het.

defined. committed.

En nou nog, as daar 'n ster of twee verskiet, dan sê die mense: „Dis Hercules en Atlas wat die lug omruil."

## LES EEN-EN-DERTIG.

### DIE WERKWOORD (*vervolg.*)—THE VERB (*continued*).

### 6. TENSE (Tyd).

In Afrikaans there are the following tenses :—

(*a*) Present Incomplete (Onvoltooid teenwoordige tyd) :
Ek kies, jy kies, ens. (I choose, etc.).

(*b*) Present Perfect (Voltooid teenwoordige tyd) :
Ek het gekies, jy het gekies, etc. (I have chosen).

(*c*) Past Incomplete (Onvoltooid verlede tyd) :
Ek het gekies, jy het gekies, etc. (I chose).

(*d*) Past Perfect, *i.e.* Pluperfect (Voltooid verl. tyd) :
Ek het gekies, jy het gekies, etc. (I had chosen).

(*e*) Future Incomplete (Onvoltooid toekomende tyd) :
Ek sal kies, jy sal kies, etc. (I shall choose).

(*f*) Future Complete (Voltooid toekomende tyd) :
Ek sal gekies het, etc. (I shall have chosen).

(*g*) Past Future Incomplete (Onvoltooid verlede toek. tyd) :
Ek sou kies, jy sou kies, etc. (I should choose).

(*h*) Past Future Complete (Voltooid verl. toekomende tyd) :
Ek sou gekies het (I should have chosen).

Besides these tenses, we also have the so-called Present and Past Continuous Tenses in Afrikaans, for which see Les 22, paragraph 3. In Les 22 (par. 2) we drew the student's attention to the great part played in Afrikaans by so-called "vormwoordjies," and at this stage the student will do well to revise the notes on " vormwoordjies " in Les 22, paragraph 2. The verb in Afrikaans would be incomplete as well as poor **without** these little " form " words ; **with** them we are able to express fine differences in time. To know the verb we must therefore know these " vormwoordjies."

### 7. EK HET GAAN SLAAP.

The Past Tense in Afrikaans is formed, as we know, by het + past participle, *e.g.* :—

Ek het gekom (I came, have come.)

But when the past participle is followed by an infinitive, the past participle as a rule also becomes an infinitive. Thus we say :—

Ek **het gaan slaap** (not : Ek het gegaan slaap).
(I went to sleep.)
Ek **het** hom **sien gaan** (I saw him go).
Hy **het** dit nie **durf doen** nie (He did not dare do it.)
**Het** u die kanon **hoor skiet**? (Did you hear the cannon shoot?)

## 8. SKRYF, SKRYWE ; BELOOF, BELOWE, ETC.

Some verbs in Afrikaans have two recognised forms, both or either of which may be used. So we get :—

beloof and belowe (promise).
behoor and behoort (belong).
dryf and drywe (drive).
kleed and klee (dress).
laaf and lawe (help one to recover from a swoon).
leef and lewe (live).
skryf and skrywe (write).
sorg and sôre (look after).
sterf and sterwe (die).

## 9. IRREGULAR VERBS (Onreëlmatige ww.).

There are very few irregular verbs in Afrikaans. The following verbs are somewhat irregular, and should be noted :—

| | **IS.** | **HET.** |
|---|---|---|
| Present : | ek is, jy is, etc. | ek het, jy het, etc. |
| Past : | ek was, jy was, etc. | ek had (ek het gehad). |
| Future : | ek sal wees. | ek sal hê. |
| Present Participle : | synde (being). | hebbende (having). |
| Past Participle : | gewees (been). | gehad(had). |
| Infinitive : | wees, te wees, om te wees. | hê, te hê, om te hê. |

## 10. CONJUGATION OF THE VERB : **KIES** (choose).

### Indicative Mood.

| | *Active Voice.* | *Passive Voice.* |
|---|---|---|
| Present Incomplete : | ek kies. | ek word gekies. |
| Present Perfect : | ek het gekies. | ek is gekies (geword). |
| Past Incomplete : | ek het gekies. | ek is gekies (geword). |
| Pluperfect : | ek het gekies. | ek was gekies. |
| Future Incomplete : | ek sal kies. | ek sal gekies word. |
| Future Complete : | ek sal gekies het. | ek sal gekies geword het. |
| Past Future— | | |
| Incomplete : | ek sou kies. | ek sou gekies word. |
| Complete : | ek sou gekies het. | ek sou gekies geword het. |

### Imperative Mood.

| | | |
|---|---|---|
| Second Person : | kies, jy moet kies. | word gekies, jy moet gekies word. |
| Third Person : | laat hom kies, hy moet kies. | hy moet gekies word. |

**Subjunctive Mood.**

| | | |
|---|---|---|
| Present Tense : | ek sou, mag, kies. | ek sou, mag, gekies word. |
| Past Tense : | ek sou, mag, gekies het. | ek sou, mag, gekies geword het. |

**Infinitive.**

| | | |
|---|---|---|
| Present : | kies, te kies, om te kies. | (om) gekies te word. |
| Past : | (om) te gekies het. | (om) gekies te geword het. |

**Participles.**

| | | |
|---|---|---|
| Present : | kiesende. | —— |
| Past : | —— | gekies. |

## 11. NOTES ON THE CONJUGATION OF VERBS.

**Note 1.**—In the above table (conjugation of " kies "), only the form of the first person is given, as the form of the verb (as we have seen), does not change to express difference in person (see also Les 22, paragraph 1). Thus :—

ek kies, jy kies, hy kies, sy kies, ons kies, julle kies, u kies, hulle kies.

**Note 2.**—Though there is no difference **in form** between the Present Perfect, Past Incomplete or Pluperfect (ek het gekies), when these tenses are used in conjunction with " vormwoordjies " like " nou net," " alreeds," etc., it is quite obvious which tense is implied (see Les 22, paragraph 2).

**Note 3.**—There are many other ways (besides those mentioned above) of expressing the subjunctive mood in Afrikaans, *e.g.* :—

Miskien sal hy nog kom (Perhaps he will still come).
Was ons almal maar eerlik ! (Were we all but honest !)
Dit gaan jou goed ! (May you have good luck).
U wil geskiede ! (Thy will be done !)

## 12. PARTICIPLES (Deelwoorde).

As we have seen, Afrikaans has two participles :—

Present and Past : kiesende (choosing) ; gekies (chosen).

The present participle expresses an action occurring in the present, *i.e.* an action which is not yet completed (*e.g.* spelende kinders = playing children) ; the past participle expresses an action which has occurred in the past and which is completed (*e.g.* geslypte messe = sharpened knives ; gespeelde musiek = played music).

As is evident from the above examples (spelende kinders, etc.), participles are often used as adjectives, used attributively. As a matter of fact, we call them " part-iciples " because they are " partly " of the nature of verbs, and " partly " of the nature of other parts of speech like nouns, adjectives, etc.

## 13. PARTICIPLES USED NOT AS VERBS.

Besides attributive adjectives, participles are in Afrikaans also used as :—

(*a*) **Nouns (selfstandige naamwoorde)**, *e.g.* :—

Present Participle :

Help die **noodlydendes** (Help the poverty-stricken people).
Hy gaan te kere soos 'n **rasende** (He acts like a madman).

Past Participle :

Al die **geleerdes** van die land het byeengekom.
(All the learned men of the land congressed.)
**Ondergetekende** kan hiermee getuig dat . . . .
(The undersigned can hereby certify that . . .)
Mej. Theron is my **verloofde** (Miss T. is my fiancée).
Ek het nog nie al die **gegewens** nie.
(I have not yet got all the data.)

(*b*) **Adverbs (Bywoorde)** :—

Dit het **aanhoudend** gereent.
(It rained incessantly.)
Almal het **belangstellend** na hom geluister.
(All listened to him in an interested manner.)
Dis **ongetwyfeld** 'n goeie plan.
(It is undoubtedly a good plan.)
Jy moet **gereeld** jou werk doen.
(You must do your work regularly).

(*c*) **Prepositions (Voorsetsels)** :—

**Gedurende** die winter reent dit baie.
(During the winter it rains much.)
**Nieteenstaande** die reën het ons gegaan.
(Notwithstanding the rain we went.)

When participles are frequently used as prepositions, they have a tendency to lose their character as participles. This is the case with the following prepositions, which were originally participles but are now no more felt as such :—

Gedurende (during) ; betreffende (concerning) ; aangaande (concerning) ; nieteenstaande (notwithstanding).

**Note.**—The use of the participles as parts of speech other than verbs is a common phenomenon also in English. Think of prepositions like "during," "concerning," etc., which once used to be present participles ; or of instances like :—

The undersigned (past participle used as a noun).
The accused (past participle used as noun).

## 14. THE PRESENT PARTICIPLE (teenwoordige deelwoord) is formed

by adding **ende** to the infinitive, *e.g.* :—

kies—kiesende ; lees—lesende.
(choose—choosing ; read—reading).

In the case of the following verbs (and their compounds) the present participle is formed by adding **de** (not ende) to the infinitive :—

doen—doende (doing).
gaan—gaande (going).
sien—siende (seeing).
slaan—slaande (beating).
staan—staande (standing).

In Afrikaans the present participle, though frequently found in the written language, is used rarely in the spoken language, which prefers to use adjectival clauses instead. Thus we would ordinarily say :—

"kinders wat sing" instead of "singende kinders";
"kinders wat speel" instead of "spelende kinders";
"mense wat sit" instead of "sittende mense";
"studente wat skryf" instead of "skrywende studente."

## 15. THE PAST PARTICIPLE (verlede deelwoord)

**is** formed by prefixing **ge** to the root-word (*i.e.* the form of the present tense), *e.g.* :—

staan—gestaan ; kies—gekies.
(stand—stood ; choose—chosen.)

In the case of verbs which are separably compounded (see Les 32), the **ge** stands between the two component parts ; thus :—

oppas—opgepas ; meedeel—meegedeel.
(mind—minded ; inform—informed.)

Verbs inseparably compounded (see Les 32) as a rule do not take **ge** in the past participle ; in other words, the form of the past participle is exactly the same as that of the present tense, *e.g.* :—

Ek gebruik—Ek het gebruik (I use—I used).
Ek misgis my—Ek het my misgis (I make a mistake—I made a mistake.)

Some verbs of two or more syllables ending in **eer** have two forms of the past participle : one **with ge** and one **without ge** :—

Hy het regeer or geregeer.
(He ruled.)
Ek het die gevaar realiseer or gerealiseer.
(I realised the danger).

## 16. USE OF PAST PARTICIPLE.

In Afrikaans the past participle is used :—

(1) **After the auxiliaries het, word, is** and **was** to complete the verb, *e.g.* :—

Jan **het** sy les **geleer**.
(Jan studied his lesson.)
Die les **word** deur Jan **geleer**.
(The lesson is being studied by Jan.)

Die les **is** deur Jan **geleer**.
(The lesson was studied by Jan.)
Nadat die les **geleer was,** het Jan gaan slaap.
(After the lesson had been studied, Jan went to bed.)

(2) **As attributive adjectives,** *e.g.* :—

**-de.**

(l) betaalde skulde (paid debts)
(m) 'n verdoemde man (a doomed man)
(n) 'n geleende bril (borrowed spectacles)
(ng) gemengde tabak (mixed tobacco)
(r) 'n geleerde man (a learnéd man)
(vowel) gesaaide saad (sown seed)
(f) die beloofde prys (the promised prize)
(g) die gebuigde tak (the bent branch)
(s) 'n verbaasde man (an amazed man)

**-te.**

(p) geslypte messe (sharpened knives)
(k) gebakte brood (baked bread)
(f) gesifte meel (sifted meal)
(g) geagte heer (dear sir)
(s) 'n gelaste lap (a patched piece of cloth)

**-e.**

(t) 'n gewitte muur (a whitewashed wall)
(d) gebrande gras (burnt grass)
'n geslepe vent (a cunning fellow)
met gespanne aandag (with fixed attention)

(3) **As predicative adjectives,** *e.g.* :—
Die man is baie geleerd (The man is very learnéd).
Die messe voel geslyp (The knives feel sharpened).
Die vent is geslepe (The fellow is cunning).

(4) **As nouns and adverbs.**
See paragraph 13 above.

**Note on (1).**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Het | + | past participle | = | past tense. |
| Word | + | past participle | = | present tense, passive. |
| Is | + | past participle | = | past incomplete, passive. |
| Was | + | past participle | = | past complete, passive. |

**Note on (2).**

From the examples given above under (2), it is obvious that past participles, when used as attributive adjectives, can end in :—
**-de, -te,** or **-e.**

The student will find the following general rules useful :—

**-de.**

(*a*) Verbs ending in **l, m, n, ng, r** or a vowel.
(*b*) Verbs in **f, g, s,** when the **f, g, s** are preceded by a long vowel or diphthong.

**-te.**

(*a*) Verbs ending in **p, k.**

(*b*) Verbs in **f, g, s,** when the **f, g, s** are preceded by a short vowel.

**-e.**

(*a*) Verbs ending in **d, t.**

(*b*) Past participles like geslepe, geswore, etc., which we took over from High Dutch. Most of these are formed by internal vowel-change, *e.g.* :—

slyp — geslepe.
sweer — geswore.

**Note on (3).**

Note the difference between :—

Die les is **geleer.** (The lesson has been learnt.)
Die man is **geleerd.** (The man is learnéd, *i.e.* He is a learnéd man.)
Hy het my **teleurgestel.** (He disappointed me.)
Ek voel **teleurgesteld.** (I feel disappointed.)
Jan het sy skuld **beken.** (Jan acknowledged his guilt.)
Die man is baie **bekend.** (The man is well-known.)
Die kamer is **gemeubileer.** (The room has been furnished.)
Die kamer is **gemeubileerd.** (The room is a furnished one.)

In all these cases the student will note that the form without **d** (*i.e.* geleer) is part of the verb, and helps to form the whole verb (is geleer) ; while the form with **d** (geleerd) is an adjective, qualifying a noun (man).

## Oefening 31a.

Vul in die regte vorm van die ww. tussen hakies, en vertaal :—

(1) Hy het (sê) dat hy môre op die vergadering teenwoordig sal (is).

(2) Hy het hoofpyn (het), en het dus dadelik (gaan) slaap.

(3) As ons bid, betaam dit ons om te (sê) : U wil (geskied) !

(4) (Insluit) geliewe tjek, groot £5, te vind, (is) rente op £100.

(5) Sedert hy as voorsitter (aanstel) is, het die vereniging baie (vooruitgaan).

(6) Dit mag so (is), maar vir my lyk dit of hy nie die klok (hoor) lui het nie.

(7) Ek sal sestig pond (het) as my erf kan (verkoop) word.

(8) Ek het die brief (ontvang) wat Jan verlede week aan my (skryf) het.

(9) Ek sou (kies) geword het as ek teenwoordig kon (is) het.

(10) Nadat die brief geskryf (is), het ek dit (gaan) pos.

## Oefening 31b.

Gee (*a*) die verlede deelwoord, en (*b*) die teenwoordige deelwoord van :—

Sing, bestaan, leer, is, rebelleer, pak, het, doen, verstaan, teleurstel, oppas, beslaan, begin, hou, deel.

## Oefening 31c.

Vul in die regte vorm van die verlede deelwoord van die ww. tussen hakies, en vertaal, b.v. (betaal) skulde—betaalde skulde ; (paid debts) :—

(Geag) heer ;
'n (boor) gat ;
(stoof) patats ;
(tap) wyn ;
(sif) meel ;
'n (ploeg) land ;
(brei) kouse ;
(ryg) krale ;
'n (laai) roer ;
(radbraak) Afrikaans ;
(steel) vrugte ;
(rys) brood ;
(gis) wyn ;
(slyp) messe ;
(bak) brood ;
(brand) hout ;
'n (droom) droom ;
(kartel) hare ;
'n (slyp) vent ;
'n (kruis) tjek.

## Oefening 31d.

Vertaal in Afrikaans :—

(1) I, the undersigned, hereby wish to certify that I have known Mr. X for more than ten years.
(2) When we went by motor to East London, it was raining incessantly.
(3) During my last holidays, I bathed regularly in the sea.
(4) Notwithstanding the rain we decided to go.
(5) If I am engaged to a girl she is my fiancée.
(6) After the house had been furnished, it was furnished.
(7) He disappointed me and consequently I am disappointed.
(8) They all listened in an interested manner when he made a speech.
(9) Seeing that you have not learnt your lesson, you will have to stay after school.
(10) Some are green, others red.

## Oefening 31e.

In „Die Burger" (15 Maart 1928) verskyn die volgende advertensie:—

GEVRA.

Boekhouer ; tweetalig ; ondervinding 'n aanbeveling. Doen dadelik aansoek — en meld salaris wat u verlang — by : Jansen & Kie., Adderleystraat 102, Kaapstad.

(*a*) Skrywe nou 'n brief waarin u aansoek doen om die betrekking

## LES TWEE-EN-DERTIG.

### DIE WERKWOORD (*vervolg*).

### 17. SO-CALLED "STRONG" PAST PARTICIPLES.

As we have seen in Les 30, paragraph 1 (*f*), practically all the verbs in Afrikaans are "weak," that is to say, they form their past tense and past participle without changing the internal vowel.

But certain verbs have "strong" past tenses (see Les 30, paragraph 1 (*f*), while others have "strong" past participles, *e.g.* :—

kies — gekose (compare the "weak" form : gekies).

Most of these strong past participles are remnants from High Dutch. They frequently occur in Afrikaans as attributive adjectives, as will be evident from the few examples given below, which must be memorised :—

| | | |
|---|---|---|
| Aanbeveel | die aanbevole kandidaat | the candidate recommended |
| bederf | 'n bedorwe kind | a spoilt child |
| bedrieg | 'n bedroë persoon | a deceived person |
| begin | die begonne taak | the task begun |
| beskryf | beskrewe wette | written laws |
| bespreek | besproke plekke | booked seats |
| bind | 'n gebonde lewe | a chained life |
| breek | gebroke Afrikaans | broken Afrikaans |
| buig | met geboë hoof | with bowed head |
| doen | gedane sake | deeds done |
| dwing | gedwonge onderwys | compulsory education |
| kies | gekose komitee | chosen committee |
| lê | 'n afgeleë dorp | a remote town |
| ly | gelede onreg | suffered wrong |
| | verlede maand | last month |
| | die oorlede man | the deceased man |
| | die oorledene | the deceased |
| neem | 'n genome besluit | a decision come to |
| | 'n aangenome kind | an adopted child |
| ry | die berede polisie | the mounted police |
| sing | gesonge liedere | hymns sung |
| skep | 'n geskape mens | a created person |
| slyp | 'n geslepe vent | a cunning, sly fellow |
| suip | 'n besope Hottentot | a drunken Hottentot |
| sweer | geswore vyande | sworn enemies |
| trek | betrokke lug | overcast sky |
| | die betrokke departement | the department concerned |
| verberg | verborge skatte | hidden treasures |
| verbuig | verboë vorme | inflected forms |
| verkry | verkreë vryheid | obtained liberty |
| verslyt | verslete klere | threadbare clothes |

| | | |
|---|---|---|
| wen | opgewonde mense | excited people |
| win | 'n gewonne saak | a won matter |
| | herwonne vryheid | regained liberty |

Apart from these strong past participles with internal vowel-change, we have in Afrikaans others (mostly remnants from High Dutch) with past participles ending in **e**, but showing no internal vowel-change, *e.g.* :—

| | | |
|---|---|---|
| Gee | op 'n gegewe oomblik | at a given moment |
| | gegewens | data |
| lees | die gelese rapport | the report read |
| | 'n belese man | a well-read man |
| meet | gemete lengte | measured length |
| sien | 'n ongesiene vyand | an unseen enemy |
| span | met gespanne aandag | with fixed attention |
| vang | 'n gevange dief | a caught thief |
| verlaat | 'n verlate huis | an abandoned house |

**Note 1.**—Where in Afrikaans a verb has two past participles (a strong and a weak one) both of which are used as adjectives in front of nouns, the strong past participle is as a rule used with figurative meaning and the weak one with literal meaning ; compare the following:—

| | | |
|---|---|---|
| Slyp | 'n geslepe dief (a cunning thief) | geslypte messe (sharpened knives) |
| breek | 'n gebroke hart (a broken heart) | 'n gebreekte been (a fractured leg) |
| buig | met geboë hoof (with bowed head) | 'n gebuigde tak (a bent branch) |
| opwen | opgewonde mense (excited people) | 'n opgewende horlosie (a wound up watch) |

**Note 2.**—Strong past participles are never used to form the past tense—use the weak form ; thus :—

Ek het gebuig, geslyp, opgewen, etc.
(I bent, sharpened, wound up, etc.)

## 18. COMPOUND VERBS.

The Afrikaans vocabulary is considerably increased by the use of compound verbs. As we have seen in Les 22, verbs can be **compounded either separably or inseparably.** In the case of separably compounded verbs the two parts can be separated, *e.g.* :—

oppas (take care) : Ek pas op ; ek het opgepas.

In the case of inseparably compounded verbs the two parts cannot be separated, *e.g.* :—

misbruik (abuse) : Ek misbruik.
Ek het misbruik.

In Les 33 lists of verbs (separably and inseparably compounded) will be found.

## 19. VERBS SEPARABLY COMPOUNDED

(1) Have the **accent** on the **first part,** *i.e.* on the prefix (óppas, áanstel—take care, appoint).
(2) Take **ge** in the past participle, the **ge** appearing between the two parts of the verb which is written as one word (opgepas; aangestel).
(3) The two parts of the verb are always separated excepting in the infinitive form without **te**, in the present participle, and in the subordinate clause (present tense) ; *e.g.* :—

Ek pas op ; ek het opgepas ;
but : Ek sal oppas ; oppassende ;
Hy sê dat hy die skape oppas.

In Les 22 a few compounded verbs are used in sentences. The student will do well to revise those at this stage.

## CONJUGATION OF OPPAS (take care).

All separably compounded verbs are conjugated like "oppas," viz. :—

| | |
|---|---|
| Present Tense : | ek pas op (I take care). |
| Future Incomplete : | ek sal oppas (I shall take care). |
| Future Complete : | ek sal opgepas het (I shall have taken care). |
| Past Tense : | ek het opgepas (I took care). |
| Past Future Incomplete : | ek sou oppas (I should take care). |
| Past Future Complete : | ek sou opgepas het (I should have taken care). |
| Imperative : | pas op, laat hom oppas (take care, let him take care). |
| Subjunctive : | ek sou, mag, oppas (I should, may, take care). |
| | ek sou, mag, opgepas het (I should, may, have taken care). |
| Infinitive : | oppas, (om) op te pas (to take care). |
| | (om) op te gepas het (to have taken care). |
| Present Participle : | oppassende (taking care). |
| Past Participle : | opgepas (taken care). |

See also Les 22, paragraph 6

## 20. VERBS INSEPARABLY COMPOUNDED

(1) Have the **accent** on the **second part,** *i.e.* on the verb (misbrúik).
(2) **Never take ge** in the past participle, *i.e.* the past participle has the same form as the infinitive and present tense (misbruik : not : misgebruik).
(3) The two parts are, naturally, never separated.

EXAMPLES

**aanváar** (to begin, enter upon).
Ek het my nuwe betrekking aanvaar.
(I entered upon my new situation.)

**misbrúik** (abuse).
Hy sal sy voorregte misbruik.
(He will abuse his privileges.)

**ondermyn** (undermine).
Dis genoeg om enige mens se gesondheid te ondermyn.
(It is sufficient to undermine anybody's health.)

See also Les 22, paragraph 6.

**Note 1.**—Inseparably compounded verbs include all verbs beginning with the prefixes :—

**be-, ge-, er-, her-, ont-, ver-.**

Such verbs do not, therefore, take **ge** in the past participle :—

Ek het begin (not : gebegin). (I began.)
Ek het herhaal (not : geherhaal.) (I repeated.)
Ek het ontvang (not : geontvang). (I received.)
Ek het vergeet (not : gevergeet). (I forgot.)

**Note 2.**—Verbs which are no longer felt as compounded verbs are treated as non-compound verbs, *i.e.* are conjugated like **kies** (see Les 31, paragraph 10), *e.g.* :—

| **Verb.** | **Past Participle.** |
|---|---|
| antwoord (answer) | geantwoord |
| glimlag (smile) | geglimlag |
| herberg (shelter) | geherberg |
| seëvier (triumph) | geseëvier |
| waarborg (guarantee) | gewaarborg |
| waarsku (warn) | gewaarsku |
| wanhoop (despair) | gewanhoop |

## 21. VERBS SEPARABLE AND INSEPARABLE.

The most important factor in connection with separably or inseparably compounded verbs is the **accent.** That this is so is proved by the fact that some verbs, compounded of the same two parts, are separable if the accent is on the first part, and inseparable if the accent is on the last part. The meanings are, of course, different in these cases. Compare the following :—

**óndergaan** (go under).
Die son gaan saans onder. (The sun sets in the evening.)

**ondergaán** (to undergo).
Hy het 'n operasie ondergaan. (He underwent an operation.)

**ónderhou** (hold under).
Hou sy kop onder die water. (Hold his head under the water.)

**onderhóu** (support).
Jan het sy ou moeder onderhou. (Jan supported his old mother.)

**vóorkom** (appear).
Dit kom my voor dat jy siek is. (It appears to me that you are ill.)

**voorkóm** (prevent.)
Om alle ongelukke te voorkom moet jy stadig ry.
(To prevent all difficulties, you must ride slowly.)

**vóorspel** (spell out).
Spel jy die woord voor, dan sal ek dit agterna spel.
(You spell out the word, I shall spell it after you.)

**voorspél** (predict).
Hy het voorspel dat dit sou reent.
(He predicted that it would rain.)

## Oefening 32a.

Vul in die regte vorm van die verlede deelw. tussen hakies, en vertaal:—

'n (bederf) kind
(geslyp) messe
(gekies) lede
(verly) maand
(bespreek) plekke
'n (gebreek) koppie
'n (opgewen) skare
(verbuig) vorm
(geskep) water
(gesweer) vriende
'n (verlaat) huisie
'n (aanbeveel) maatreël
'n (volgeskink) koppie
'n (bedrieg) persoon
my (gegee) woord
(gedoen) sake
'n (geslyp) vent
(gely) onreg
'n (geneem) besluit
'n (gelees) brief
(gebreek) Afrikaans
'n (opgewen) horlosie
'n (gebuig) tak
'n (geskep) mens
met (gespan) aandag
'n (begin) taak
die (bery) polisie
'n (beskink) Hottentot
(gedwing) onderwys

## Oefening 32b.

Vul in die regte vorm van die ww. wat tussen hakies staan:—

(1) Hy het my (gelukwens) toe ek as boekhouer (aanstel) is
(2) Gert (misslaan) die bal.
(3) Jy het nie op my vraag (antwoord) nie.
(4) Jan (liefhê) sy ouers, en (oppas) dat hy hulle nie (seermaak) nie.
(5) Ek het sy kop (onderhou).
(6) Hy het sy moeder (onderhou).
(7) Ons (insluit) 'n tjek ter vereffening.
(8) Hy het (voorkóm) omdat hy nie die ongeluk (voorkom) het nie.
(9) (Neersit) die koppie op die tafel.
(10) Hy het oor sy vyand (seëvier) deur hom (ondersit).

## Oefening 32c.

Gee die betekenis en verlede deelwoorde van die volgende ww. (b.v. roep = call — geroep) :—

| | | |
|---|---|---|
| Vóorspel | gebeur | opvoer |
| voorspél | óordryf | vrystel |
| begaan | oordrýf | bestel |
| gaan | voorsien | aanstel |
| haal | glimlag | bedra |
| herhaal | verstaan | dra |
| soek | versoek | gedra |
| besoek | ondersoek | aandra |
| ónderdruk | aankom | waarborg |
| onderdrúk | voorkóm | wanhoop |

## Oefening 32d.

Verbeter die volgende sinne :—

(1) Ek het u brief nog nie geontvang.
(2) As die trein inkom, het ek hom gesien glimlag.
(3) Toemaak die voor deur as jy kom in.
(4) Hy het ons waargeborg dat ons nie 'n winderig dag sou hê.
(5) My skoon vader het ons op die stasie geontmoet en huis-toe neem.
(6) Dis moeilik om te se of hy die kerk klok gehoor gelui het.
(7) Ek het so 'n vaë idee wat daar gegebeur het.
(8) Die man het 'n ernstig operasie in die boonstehospitaal ondergegaan.

## Oefening 32e.

Skrywe 'n brief aan u werkgewer waarin u hom om verhoging van salaris vra.

Gee ook die antwoord.

## LEESOEFENING.

### OOR KOERANTE.

Vir ons wat koerante leer ken *sodra* ons kan lees, is dit moeilik om te begryp hoe dit in die ou dae moes gewees het toe daar nog geen koerante was nie. Die *wêreldnuus* word nou maklik deur middel van telegrafiese en *draadlose berigte* versprei ; binne vier-en-twintig uur weet ons wat op die ander kant van die *aardbol* plaasgevind het ; en dis eers wanneer 'n mens, om die een of ander rede, verhinder word om koerante te lees, dat jy *besef* hoe *afhanklik* jy van hulle is.

- as soon as.
- world's news.
- wireless [messages.
- earth.
- realize.
- dependent.

'n Mens moet besef dat jy deel is van die *samelewing* en dat jy *pligte* teenoor die samelewing het. Een van die pligte is om *op hoogte van sake te bly* met wat om jou gebeur; en dit kan jy slegs *deur middel van* koerante doen.

society. duties. to remain au [fait. by means of.

Dis baie interessant om deur 'n groot koerantkantoor te stap en te sien wat alles gebeur voordat die *nuusblad uiteindelik* die lig sien. Eers gaan ons na die *redaksiekamers*, waar al die berigte ontvang word en die artikels geskryf word. Hier moet al die *ingesonde bydraes persklaar* gemaak word. Die *tegniese redakteur* lees die artikels deur om te *beslis* of hulle 'n plek in die koerant *verdien*, en dan word die kopié deur die sub-redakteurs persklaar gemaak.

newspaper. eventually. editorial. contributed. articles. ready for the [press. technical editor. decide. deserve.

In die aand is daar 'n redakteur wat spesiaal moet sorg vir die telegraaf- en *kabelberigte* wat deurgestuur word *totdat* die koerant ter perse gaan. Hierdie redakteur kies nie net die *geskikte* berigte uit nie, maar help ook, saam met *medewerkers*, om hulle persklaar te maak.

cable messages. until. suitable. fellow-workers.

Die hoofredakteur het niks met hierdie werk te doen nie. Hy skryf sy *hoofartikel* en *verteenwoordig* die blad by *openbare geleenthede*.

leading article. represents. public occasions.

Die kopié wat persklaar gemaak is, word na die *setters* geneem. In die masjienkamer is alles *in rep en roer*: die *setmasjiene*, wat soos reuse-tikmasjiene dreun, *giet* die loodletters wat later in vorms *opgestel* word. Een vir een word die bladsye van die koerant in lood gegiet, en dan moet elke vorm 'n hele paar prosesse deurmaak voordat dit eindelik op die groot pers, wat die koerant druk, geplaas word. Hierdie wonderlike masjien druk koerante met twaalf, veertien, selfs vier-en-twintig en meer bladsye, volgens dit *gestel* word. Netjies *opgevou* val die koerant aan die ander kant van die masjien uit, om dadelik na 'n *naburige* kamer vervoer te word. Hier word die *omslae* om die opgevoude koerant geplaas—omslae waarop die name en adresse van *intekenaars* klaar gedruk staan. Dit neem dus nie lank nie voor die koerant poskantoor-toe geneem word deur die *motorwaens* wat vir dié doel klaarstaan. Ook die vroeë treine dra *vragte* van die *nuutgedrukte* blad weg, en as die leser in die *voorstede* om agtuur sy koerant aan die *ontbyt*tafel oopvou dan dink hy nie aan die *ingewikkelde* prosesse wat dit moes deurgaan voordat dit hom kon *bereik* nie.

setters. in a state of [commotion linotypes. mould. arranged. regulated. folded. neighbouring. covers. subscribers. lorries. loads. newly printed. suburbs. breakfast. complicated. reach.

Ons voel almal dat die pers 'n groot *mag* het. Die meeste koerantlesers dink nie vir hulleself nie, hulle sluk maar die *menings* van die joernaliste heel in. Dis dus

power. opinions.

| | |
|---|---|
| public. to exercise. unscrupulous. excited. eagerly. hear. | moontlik om deur middel van die pers 'n groot invloed op die *openbare* mening *uit te oefen*. Partykeer word hiervan deur *gewetenlose* mense misbruik gemaak—veral in tye wanneer dit maklik is om die volk *opgewonde* te maak. As 'n mens 'n goeie voorbeeld van die mag van die pers wil hê dan hoef jy net aan oorlogstyd te dink: dan lees elkeen *gretiglik* die koerant, nie net om die nuus te kry nie, maar ook om die koerant se menings te *verneem*. |
| nowadays. actions. civil servants. searchlight. perform. | *Teenswoordig* het die koerante die reg om hul menings vry uit te spreek. Hulle kan, by voorbeeld, die *handelwyse* van 'n Minister kritiseer as hulle nie daarmee eens is nie. Dit is goed, want die *publieke amptenare* besef dat hulle onder die *soeklig* sal gebring word as hulle nie hulle plig *betrag* nie. |
| ago. to dance to the [tune of. | Die pers het nie altyd die reg gehad om sy menings vryelik uit te spreek nie. 'n Paar honderd jaar *gelede* moes die pers *na die pype* van die regering *dans*. Dink maar net aan die Suid-Afrikaanse geskiedenis: Pringle en Fairbairn wou die reg hê om alles te sê wat hulle wou sê, en het dus gou in die moeilikheid gekom by Lord Charles Somerset; maar uiteindelik het hulle dit tog reggekry, en vandag geniet die pers 'n vryheid waarvan hulle voorheen nooit gedroom het nie. |

## LES DRIE-EN-DERTIG.

### DIE WERKWOORD (*vervolg*).

### 22. LIST OF SEPARABLY COMPOUNDED VERBS.

(Accent on **First** part.)

Some separably compounded verbs are given below. The student will notice that extensive use is made of prepositions like **aan, agter, deur, om, oor, saam, uit, af, by, in, op, teen, voor,** etc., and that in many cases the same verb has many meanings.

**BLY** (remain, stay, live).

| | |
|---|---|
| aanbly | continue, remain on. |
| afbly | keep off, leave alone. |
| agterbly | remain behind. |
| bobly | remain above. |
| bybly | keep pace with, stay with. |
| inbly | remain in, stay after school. |
| oorbly | remain (over). |
| onderbly | remain under. |
| opbly | remain up, sit up. |
| saambly | stay with. |
| uitbly | remain (stay) out. |
| voorbly | remain ahead. |

**BRING** (bring).

| | |
|---|---|
| afbring | bring down, reduce. |
| bybring | afford. |
| deurbring | spend, pass, squander. |
| ombring | kill. |
| oorbring | convey, deliver, transport. |
| opbring | bring up, realise, yield. |

**GAAN** (go, move, walk).

| | |
|---|---|
| aangaan | enter upon, concern, proceed. |
| afgaan | go down, descend. |
| deurgaan | go through. |
| ingaan | enter, go in. |
| omgaan | go round, associate. |
| oorgaan | go over, desert proceed. |
| ondergaan | go under. |
| opgaan | go up, ascend. |
| saamgaan | go with, accompany, agree. |
| uitgaan | go out. |
| voorgaan | go before, precede. |

| | |
|---|---|
| **GEE** (give). | |
| aangee | hand to, pass, mention. |
| afgee | give off, hand over, deliver. |
| ingee | give in, inspire. |
| omgee | give round, care. |
| voorgee | pretend, maintain. |
| **HAAL** (fetch). | |
| aanhaal | quote, cite, draw tighter. |
| omhaal | persuade. |
| etc. | |
| **HANG** (hang, suspend). | |
| aanhang | follow, adhere to, hang on to. |
| afhang | depend upon, hang down. |
| etc. | |
| **HOU** (hold, keep, contain, fulfil). | |
| aanhou | continue, insist, persevere. |
| afhou | keep off, withhold. |
| byhou | keep up with, keep pace. |
| teenhou (teëhou) | hinder, check. |
| uithou | bear, stand, endure, keep back. |
| etc. | |
| **KOM** (come). | |
| aankom | arrive, get at. |
| afkom | come down, descend, happen. |
| agterkom | discover, find out. |
| bykom | reach, recover. |
| deurkom | get through, escape. |
| inkom | come in, enter. |
| omkom | perish, come round. |
| oorkom | come over, befall, happen. |
| opkom | come up, rise, occur. |
| saamkom | come together, accompany. |
| teenkom (teëkom). | meet. |
| uitkom | come out, appear. |
| voorkom | appear, occur. |
| **KYK** (look, see). | |
| aankyk | look at. |
| afkyk | look down, observe, spy, copy. |
| deurkyk | look over, skim, peruse. |
| omkyk | look back, look round, attend to. |
| **LEI** (lead, conduct, guide, preside). | |
| aanlei | lead to, induce. |
| aflei | deduce, infer, derive, lead down. |
| inlei | lead in, introduce, preface. |
| oplei | instruct, educate, train. |

**MAAK** (make).

| | |
|---|---|
| aanmaak | prepare, mix. |
| afmaak | kill, finish. |
| oormaak | do over again, bequeath. |
| ópmaak | dress, make up. |

**NEEM** (take).

| | |
|---|---|
| aanneem | accept, adopt, assume, admit. |
| afneem | take away, derive, take a photo. |
| voorneem | resolve, make up one's mind. |

**SÊ** (say).

| | |
|---|---|
| aansê | announce, inform. |
| afsê | sack, countermand. |
| opsê | recite, dismiss, give notice. |
| vóórsê | prompt. |

**SIEN** (see).

| | |
|---|---|
| aansien | look at, behold. |
| afsien | give up, abandon, see off. |
| uitsien | look forward to. |

**SKRYF** of **SKRYWE** (write).

| | |
|---|---|
| aanskryf | notify, summon. |
| afskryf | copy, cancel, sack. |
| inskryf | inscribe, subscribe, enter, tender. |
| voorskryf | prescribe. |

**STAAN** (stand).

| | |
|---|---|
| aanstaan | please, like. |
| afstaan | yield, give up, cede. |
| bystaan | support. |
| deurstaan | endure, suffer, bear. |
| instaan | guarantee. |
| uitstaan | endure, bear, withstand. |
| voorstaan | advocate. |

**SLUIT** (close, lock, shut).

| | |
|---|---|
| aansluit | join, follow, connect. |
| afsluit | close, shut off, fence in, disconnect. |

**STEL** (fix, draw up, put).

| | |
|---|---|
| aanstel | appoint, pretend, behave. |
| uitstel | postpone. |
| instel | introduce, establish. |
| opstel | plan, compose. |
| voorstel | propose, move, introduce. |

**VOER** (feed, conduct, wage).

| | |
|---|---|
| aanvoer | supply, mention, command. |
| invoer | introduce, import. |
| opvoer | perform, act, fatten. |
| uitvoer | execute, do, perform, export. |

## 23. LIST OF INSEPARABLY COMPOUNDED VERBS.

(Accent on **Second** part.)

| | |
|---|---|
| agtervólg | follow, pursue. |
| agterhaál | overtake. |
| misbrúik | abuse. |
| mishandel | maltreat. |
| misléi | mislead. |
| misluk | fail. |
| omring | surround. |
| onderdruk | oppress. |
| ondergaan | undergo. |
| onderhou | support. |
| ondermyn | undermine. |
| onderneem | undertake. |
| ondersoek | examine. |
| ondersteun | support. |
| onderteken | sign. |
| onderwérp | subjéct. |
| oordryf | exaggerate. |
| oortref | excel. |
| oorweeg | consider. |
| volhard | persevere. |
| voltooi | complete. |
| voorkom | prevent. |
| voorsê | predict, prophesy. |
| voorsien | provide, furnish. |
| voorspel | predict, prophesy. |

Besides these, verbs beginning with the prefixes **be-**, **ge-**, **er-**, **her-**, **ont-**, and **ver-** are also inseparable.

**BE-** (1) Often makes an intransitive verb transitive

(2) Sometimes means "to provide with."

| | |
|---|---|
| beantwoord | answer. |
| bedank | thank, decline, refuse. |
| bedek | cover, conceal, hide. |
| bedra | amount to. |
| begaan | commit, perpetrate, make. |
| begryp | understand, comprehend. |
| behaal | obtain, get, win. |
| behandel | treat, deal with. |
| beken | confess, own up, acknowledge. |

| | |
|---|---|
| beloon | reward, remunerate. |
| beloof (belowe) | promise |
| bely | confess, avow. |
| benoem | nominate, appoint. |
| bereik | reach, attain. |
| besit | possess, have. |
| beskryf (-we) | describe, depict. |
| bespot | ridicule, mock, deride. |
| bestaan | exist, live, consist. |
| bestel | order, arrange, appoint. |
| bestuur | govern, manage, direct. |
| betref | concern, relate to. |

Note the idiomatic expressions :—

Om 'n fout te begaan = To make a mistake.
Bestaan uit = Consist of.
Wat my betref = As far as I am concerned.

**GE-** (originally meant " with " ; Latin co-, cum-).

| | |
|---|---|
| gebeur | happen. |
| gebruik | use, employ. |
| gehoorsaam | obey, submit. |
| genees | cure, heal. |
| geniet | enjoy, possess. |
| gesels | chat, talk, converse. |

**ER-** (There are only a few).

| | |
|---|---|
| erken | acknowledge, own, admit. |
| erlang | obtain, acquire. |
| ervaar | experience. |

**HER-** means " again," English **re-**).

| | |
|---|---|
| herdruk | reprint. |
| herhaal | repeat. |
| herinner | remember. |
| herken | recognise. |
| herkies | re-elect. |
| hernuwe | renew. |
| heropen | re-open. |
| herroep | revoke, repeal, annul. |
| hersien | revise, re-consider. |
| herstel | recover, rectify. |
| hervat | resume, repeat, begin again. |
| herwin | regain, recover. |

**ONT-** (usually has the meaning " away from," " deprived of " ; English **un-** or **dis-**).

| | |
|---|---|
| ontbind | dissolve, separate. |
| ontbyt | breakfast. |
| ontdek | discover. |

| | |
|---|---|
| ontgaan | escape, forget. |
| onthoof | behead, execute. |
| onthou | remember. |
| ontken | deny. |
| ontkom | escape. |
| ontmoet | meet, encounter. |
| ontneem | deprive, take away. |
| ontsluit | unlock, open. |
| ontsnap | escape. |
| ontstaan | begin, originate. |
| ontvang | receive. |
| ontvlug | escape, flee. |
| ontvoer | abduct, kidnap. |
| ontwapen | disarm. |
| ontwikkel | develop, evolve. |

**VER-** (a prefix used very often in inseparably compounded verbs, usually with the meaning "to cause to be" or "to bring to a state of").

| | |
|---|---|
| verarm | become poor. |
| verban | banish, exile. |
| verbeter | correct, improve, mend. |
| verblind | dazzle, blind. |
| verbrand | burn. |
| verbrysel | smash, crush. |
| verbuig | inflect, decline, bend. |
| verdaag | postpone, adjourn. |
| verdeel | divide, distribute. |
| verdien | earn, deserve. |
| verdor | wither. |
| verdra | bear, endure, tolerate, suffer. |
| verdruk | oppress. |
| verdryf (-we) | expel, drive away. |
| verdwyn | disappear, vanish. |
| vereffen | settle, balance, adjust. |
| vergaan | perish, decay, be wrecked. |
| vergader | meet, assemble. |
| verdraai | distort, misinterpret. |
| verdrink | drown, be drowned. |
| verduidelik | elucidate, explain. |
| verduister | embezzle, defalcate. |
| vereer | honour, respect. |
| verenig | unite, connect. |
| verewig | immortalise. |
| verfraai | embellish, decorate. |
| verfrans | frenchify, gallicise. |
| verfris | refresh. |
| vergaar | collect, lay up. |

| | |
|---|---|
| verhaal | narrate, tell. |
| verhinder | prevent, hinder. |
| verjaar | celebrate one's birthday. |
| verhuur | let, hire. |
| verken | reconnoitre, spy. |
| verklein | lessen, diminish, belittle. |
| etc. | |

## Oefening 33a.

Vul in onderstaande sinne die regte ww. aan, met die nodige voorvoegse, en vertaal :—

**Staan.**

(1 Ek kan jou nie — nie.
(2) Hy het vanmore vroeg —.
(3) Alle goeie dinge — uit drie.
(4) Hoe het die brand — ?
(5) Sy gesig het my nie — nie.
(6) Ek kan — vir wat hy sê.
(7) Ek moes baie pyn —.

**Ken.**

(1) Ek wens die ontvangs van u brief te —.
(2, Vroeër het ons mekaar goed —, maar hy het so verander dat ek eerlik moet — dat ek hom nie dadelik — het nie.
(3) Dis beter om jou skuld te —, en dit nie te — nie.

**Hou.**

(1) Jan het bo-op my gesit en my —.
(2) Hy het sy arm moeder —.
(3) Ek kan nie — waar ek hom gesien het nie.
(4) As jy — sal jy wen.
(5) Jy moet nou —.

**Gaan.**

(1) Jy het 'n fout — : jy moes nie nou al die operasie — het nie.
(2) Die son het vroeg —.
(3) Die skip het met man en muis —.
(4) Ek het met hom 'n ooreenkoms —.
(5) Hy het in die huis —.
(6) As jy — sal ek agterna kom, maar ek wil nie alleen — nie.

## Oefening 33b.

Soos vorige oefening :—

**Soek.**

(1) Ek het hom gaan —.
(2) Hy het my — om in te kom.
(3) Ons het die saak deeglik —.
(4) Hy het al die mooiste blomme —.

**Stel.**

(1) Ek is — as boekhouer.
(2) Het jy die goedere al — ?
(3) Na sy siekte het hy baie gou —.
(4) Die vergadering is — tot Dinsdag.
(5) Hy het my aan sy vrou —.

**Haal.**

(1) Jan het net 20 persent —.
(2 Sal jy asb. — wat jy gesê het ?
(3) Hy het 'n mooi storie — .
(4) Ek het Shakespeare —.
(5) Ons het die heuningnes —.

**Neem.**

(1 Ek het sy voorstel nie — nie.
(2) Hy het hom — om nooit weer te rook nie.
(3) Wie het my boek — ?
(4) Hy het my kos —.
(5) Ek het 'n maandkaartjie —.
(6) Waar het jy jou laat — ?

## Oefening 33c.

Skryf neer die betekenis en verlede deelwoord van :—

Is, hê, geniet, ervaar, verlang, erlang, gelukwens, gebeur, bestuur, misbruik, verhuur, bystaan, verstaan, ontdek, toedek, genees, verdwyn, deurbring, glimlag, verhinder, inlei, verlei, bestaan, voorstaan, wanhoop.

## Oefening 33d.

Vorm, met behulp van voorvoegsels, **drie** samegestelde ww. van elkeen van die volg. ww., en gee die betekenis en verlede deelwoord :—

(b.v. haal : verhaal — relate — verhaal.
inhaal — catch up — ingehaal.
aanhaal — quote — aangehaal).

Gaan, hou, dra, skryf, kom.

## Oefening 33e.

Gebruik in sinne sodat die onderskeid in betekenis duidelik blyk :—

| | | | |
|---|---|---|---|
| óordryf | oorwéeg | | vóorkom |
| oordrýf | óorweeg | | voorkóm |
| ónderdruk | | invoer | |
| onderdrúk | | uitvoer | |

## LEESOEFENING.

### PERSEPHONE.

Die Grieke het vas geglo dat daar een godin was wat spesiaal vir die *plantegroei* moes sorg. Sy moes elke jaar die graan op die regte tyd laat uitskiet, het gesorg dat die vrugte nie te vroeg ryp word nie, en dat die groente verskyn wanneer dit die nodigste was.

vegetation.

Hierdie godin se naam was Demeter. 'n Mens kan *begryp* dat sy in die oë van die Grieke, wat van vrugte en groente gehou het, 'n baie *belangrike* persoon was. Hulle het gedurig offers aan haar altaar gebring sodat die *oeste* goed kon wees.

understand. important. harvests.

Demeter—of Ceres, soos party mense haar genoem het—het net een kind, Persephone, gehad. Sy was 'n lieflike meisie, en almal het van haar gehou. Dikwels het sy saam met haar maats, die *woudnimfe*, in die veld gaan blomme pluk, en dan het hulle 'n ruk daar gespeel voor hulle weer huis-toe gaan; want Demeter het heeldag rondgegaan om te sorg dat dit met die aarde se *opbrengs* goed gaan, en Persephone het nie daarvan gehou om alleen tuis te bly nie.

wood nymphs. output.

Eendag het Persephone al verder en verder van haar maats *afgedwaal*, en toe kom sy op 'n pragtige bos af, waarvan die blomme alte fraai gelyk het. Sy het dadelik haar ander blomme weggegooi en die bos probeer uittrek; maar tot haar *verbasing* kon sy die bos nie *beweeg* nie, hoewel hy baie klein was. Sy het gepluk en getrek, en skielik ruk sy die bos met wortel en al uit; maar tot haar verbasing het die gat in die grond, waar sy die bos uitgetrek het, al groter geword totdat dit soos 'n *spelonk* gelyk het.

wandered off. amazement. move. cave.

Terwyl Persephone nog na die gat staan en kyk, hoor sy skielik 'n *gerommel* wat al harder word. Nou kon sy duidelik perdepote hoor, en voor sy 'n voet kon *versit* kom daar vier pikswart *rosse*, met 'n goue kar agterna, uit die opening. In die kar het iemand gesit wat 'n goue kroon dra. Sonder om 'n woord te praat het hy uit die kar geleun en vir Persephone opgevang, die perde omgedraai en weer die *ingewande* van die aarde *ingeja*. Daarna het die gat *verdwyn*.

rumbling. move. horses. bowels. dashed in; disappeared.

Dit was Pluto, Koning van die Onderwêreld. Hy het al baie van Persephone se *skoonheid* gehoor, en het besluit om haar sy koningin te maak.

beauty.

Demeter het laat die aand eers tuisgekom, want die koringoeste het al haar aandag *in beslag geneem*. Gewoonlik het Persephone haar al van ver af tegemoet gegaan, maar

took up.

sign ; see. abandoned. uneasy. finally. despairingly. wandered round

daar is geen *teken* van haar te *bespeur* nie. In die huis is dit alles donker en *verlate*. Die moeder het dadelik *onrustig* geword. Orals het sy rondgesoek, en *uiteindelik* het sy in die veld haar dogter se maats gekry. Die arme meisies het nog altyd *wanhopig* daar *rondgedwaal* waar hulle laas vir Persephone gesien het.

raved.

Demeter *was rasend*. Sy kon nie rus voor sy haar dogter nie gevind het nie en het dag en nag in die veld rondgedwaal.

any sign. interest. result.

Maande het verbygegaan, en nog was daar geen *taal of tyding* van Persephone nie. Demeter het haar *belangstelling* in die aarde se opbrengs heeltemal verloor, met die *gevolg* dat niks wou groei nie. Die mense het begin onrustig word, want sonder Demeter se hulp kon hulle nie lewe nie.

demented [person. beg. force. obey.

Toe die een maand na die ander verbygaan en Demeter nog soos 'n *waansinnige* ronddwaal, het die mense by Jupiter, die Vader van die Gode, gaan *smeek* om tog vir Persephone terug te gee aan haar moeder. Jupiter het gesien dat dinge nie so kon aangaan nie en het dus belowe om vir sy broer Pluto te *dwing* om die meisie weer na die aarde terug te laat gaan ; want Jupiter was sterker as Pluto, en die Koning van die Onderwêreld moes sy broer *gehoorsaam*.

condition. subject.

Daar was egter een *voorwaarde* : as Persephone iets geëet het terwyl sy in die Onderwêreld was, dan kon selfs Jupiter nie vir haar weer daar uitkry nie ; want sodra 'n mens iets in die Onderwêreld eet, word jy Pluto se *onderdaan*.

entrance. messenger. descended. imagine ; anxious. succumbed. temptation. picture. portrays. is carried. beloved. sobs ; joy.

Demeter het by die *ingang* tot die Onderwêreld bly wag terwyl Hermes, die *boodskapper* van die Gode, na Pluto *gedaal het*. Ons kan ons *voorstel* hoe *benoud* die moeder moes gevoel het. Sou haar kind al die maande daar sonder kos kon gebly het ? Of het sy *beswyk* aan die *versoeking* om iets te eet, hoewel sy geweet het wat die gevolge sou wees ? Daar is 'n bekende *skildery* wat *voorstel* hoe Persephone deur Hermes na die ingang *gevoer word*, waar haar moeder met ope arms staan en wag. Hoe bly moes Demeter nie gewees het nie ! Daar het sy weer haar *beminde* dogter in haar arms, en Persephone *snik* uit pure *blydskap* op haar skouer.

in order. pomegranate [pips.

Maar alles was nie *in die haak* nie. Persephone het so honger geword in die Onderwêreld dat sy een môre ses *granaatpitjies* geëet het ; en daarom het Pluto die reg gehad om haar by hom te hou ; en selfs Jupiter kon niks daaraan doen nie.

Die Vader van die Gode was nou in die moeilikheid. Demeter het *geweier* om haar pligte weer te *aanvaar* tensy haar dogter by haar bly ; die mense het hom *gesmeek* om tog 'n plan te *beraam* om Persephone op die aarde te hou—*anders* sou hulle nooit weer 'n oes kon hê nie.

refused. resume. entreated. form. otherwise.

Uiteindelik het hy vir Pluto *oorgehaal* om vir Persephone net vir ses maande by hom te hou—een maand vir elke pitjie wat sy geëet het.

persuaded.

En so het dit gekom dat Demeter vir ses maande in die jaar *afstand* van haar dogter moet doen. Gedurende daardie ses maande treur sy, en wil sy geen werk doen nie ; maar as Persephone terugkeer, dan sorg sy dat alles op die aarde *herleef*.

leave. revives.

Op hierdie manier het die Grieke die *oorsaak* van die verskillende *jaargetyè* verklaar. As Persephone weg is, dan word dit *herfs*, en later laat Demeter in haar *droefheid* alles sterf, maar as sy haar dogter terugvind dan sorg sy daarvoor dat alles weer groei—en dan is dit *lente*.

cause. seasons. autumn. sorrow. spring.

Dis maar goed dat Persephone nie twaalf granaatpitjies geëet het nie !

## TOETS AGT.

1\. Skryf 'n opstel van omtrent 35 reëls oor één van die volgende :—

(*a*) Elektrisiteit.
(*b*) As die winter kom.
(*c*) 'n Donderstorm.
(*d*) Wat gaan ons met ons armblankes maak ?
(*e*) Ko-operasie. (30)

2\. U huis het afgebrand. Doen aansoek by die maatskappy waar dit verassureer is om u uit te betaal volgens die skade wat u gely het. Skryf ook die antwoord.

Of—

Skrywe 'n brief aan die Spoorwegdepartement waarin u vra of hulle nie 'n handsak gevind het wat u in die trein laat lê het nie. Gee ook die antwoord. (22)

3\. Skryf die volgende sinne oor :—

(*a*) in die teenwoordige tyd ;
(*b*) in die verlede tyd ; en
(*c*) in die toekomende tyd.

(1) Ek (voorneem) my om vroeg op te staan.
(2) Hy (opsê) sy les.
(3) Die son (ondergaan) saans vroeg.
(4) Hy moet 'n operasie (ondergaan).

(5) Hy (onderhou) sy kop die water.
(6) Hy (onderhou) sy arm vader.
(7) Die kind (uitval) die trein.
(8) Hoeveel geld (saambring) jy ?
(9) Hy (misbruik) sy voorregte.
(10) Ons (oorweeg) u aansoek.
(11) Ek (oorweeg) die vleis.
(12) Die boere (uitvoer) hulle vrugte.

(12)

4. Vertaal :

(*a*) You ought to be ashamed of yourself.
(*b*) You need not describe how disappointed you were when you reached your destination.
(*c*) The law was repealed to prevent trouble.
(*d*) Though he denied yesterday that he was guilty, to-day he confessed his guilt.
(*e*) If an Englishman speaks broken Afrikaans one ought not to laugh at him.
(*f*) Last month the deceased enjoyed perfect health.
(*g*) An unseen enemy is a danger which it is difficult to avoid.
(*h*) He predicted that compulsory education would check the natural development of the country.
(*i*) Deeds done cannot be recalled.
(*j*) The matter has been thoroughly investigated. (10)

5. Vul in die regte vorm van die verlede deelw. tussen hakies, en vertaal :—

(verslyt) klere, (aangemaak) medisyne, (bespreek) plekke, (ingevoer) goedere, 'n (gevang) dief, 'n (verafgelê) plek, (opgelei) snelskriftiksters, my (gegee) woord, 'n (bedrieg) persoon, (voltooi) werk, (opgewen) mense, (opgewen) horlosies 'n (gebreek) been, 'n (gebreek) hart, 'n (uitgestel) vergadering.

(10)

6. Skryf voluit :—

4,444,777 ; $\frac{8}{11}$ ; m.a.w. ; i.p.v. ; $33\frac{6}{100}$. (6)

7. Vorm **twee** samegestelde ww., een skeidbaar en een onskeidbaar, van elkeen van die volgende ww., en gebruik die ww. wat u so gevorm het in goeie sinne :—

Hou, soek, dryf, gaan, neem. (10)

## LES VIER-EN-DERTIG.

### WOORDVORMING IN AFRIKAANS.

### WORD-FORMATION IN AFRIKAANS.

The vocabulary of a language continually changes because new words are formed on the one hand, while on the other some old words fall into disuse (become " archaic ") and finally drop out of the language altogether.

As a rule new words are formed :—

(1) By making use of words which already exist in the language. For instance, by compounding the words **stad** and **saal**, we obtain a new (compound) word : **stadsaal.** Similarly, by prefixing **on-** (prefix meaning " not," English **un-**) to **mens,** we get a new word : **onmens** = not a " mens," in other words, monster.

(2) By inventing words which previously did not exist in the language. Such words are for the greater part onomatopoeia, *i.e.* echo-words, which words are formed in imitation of sounds in nature. In Afrikaans we have, *e.g.*, onomatopoeia like **bokmakierie, Piet-my-vrou, Janfrederik,** etc., names of birds imitating as far as is humanly possible, the sounds made by these birds.

In this *lesson* we intend discussing method (1), *i.e.* the formation of new words from old ones.

As we have already noticed, this can be done by compounding words—placing two words together so as to form a new word with a new meaning. In Afrikaans **such compound words are always written as one word** (see Les 21, paragraph (*a*) for compound nouns, and Les 32, paragraph 18 for compound verbs.)

Another method (besides this " compounding " method) of forming new words is the " derivation " method, where we make use of prefixes and suffixes. Thus :—

**on-** + **mens** becomes **onmens** (monster).
**mens** + **-lik** becomes **menslik** (human).

These two methods employed in word-formation are sometimes combined, in other words, we have a compounding as well as a deriving, as for example in :—

**hardnekkig** (hard + nek + -ig), meaning " stubborn " (literally : " hardnecky ").

The three methods used in word-formation are thus :—

(*a*) Compounding words : mensvreter (cannibal).
(*b*) Derivation (prefixes and suffixes) : menslik (human).
(*c*) (*a*) + (*b*) : bowemenslik (superhuman).

## A. COMPOUNDS.

Sometimes the two words which are compounded are simply placed next to each other, as in **stadsaal** (stad + saal); sometimes so-called connection sounds are used to bring about the compound, as in :—

**volkslied** (volk + s + lied)—national anthem
**lewenstaak** (lewe + ns + taak)—life task.

Compound words can be nouns, verbs, adjectives, adverbs, according as the last part of the compound is a noun, verb, adjective, etc. A few examples illustrating how such compounds are formed in Afrikaans are given below:

### 1. Compound Nouns.

The way in which compound nouns are formed in Afrikaans has been discussed in Les 21, paragraph (*a*) (which see).

### 2. Compound Verbs.

As we have seen in Les 32, paragraph 18, these can be compounded either separably or inseparably.

**Verbs separably compounded** are usually formed by compounding a preposition (adverb) and a verb, *e.g.* aanstel, omloop, oppas, insluit, etc. (cf. Les 33, paragraph 22). Instead of a preposition, a noun or an adjective may be used, *e.g.* :—

(Noun + verb) :
asemhaal = breathe ;
skoolgaan = go to school ;
houthak = chop (cut) wood.
(Adjective + verb) :
mooipraat = beg, coax, flatter.

**Verbs inseparably compounded** are likewise compounded, as a rule, of preposition (adverb) + verb, *e.g.* ondergáan, oortréf, omring, voorkóm (cf. Les 33, paragraph 23). Further :—

Adjective + Verb :
voltooi = complete.

### 3. Compound Adjectives can be formed as follows :—

(*a*) Adjective + Adjective :
donkergroen (dark green).
doofstom (deaf and dumb).
(*b*) Noun + Adjective :
bloedrooi (very red).
wonderskoon (wonderfully beautiful).
seesiek (sea-sick).
(*c*) Adverb + Adjective :
oorgroot (" great-great ").
(*d*) Adjective + Past Participle :
goed-gekwalifiseerde (well qualified).
lang-gesoekte (long sought).
volgeloopte (full).

(*e*) Noun + Past Participle :

bosbegroeide (overgrown with bushes).
grasbedekte (covered with grass).

Method (*b*)—Noun + Adjective—is very frequently employed in Afrikaans to form adjectives which denote a very high degree. Such adjectives have as a rule no degrees of comparison, *e.g.* goudgeel, spierwit, sneeuwit, pikswart, stokoud, grasgroen, asvaal, hemelhoog, hemelblou, bloedjonk, etc.; some of these we had in Les 21, G.

4. **Compound Adverbs.**

A very common, and typically Afrikaans, method of forming compound adverbs is by **reduplication.** Such adverbs are always written with a hyphen :—

kort-kort (at short intervals).
gou-gou (very quickly).
sing-sing (singing).
fluit-fluit (whistling).

B. DERIVATION—METHOD.

Prefixes, suffixes and internal vowel-change are methods employed to form :—

1. **Nouns.**

The most common **prefixes** used are :—

**aarts-** (first, most important)—English arch :—
aartsengel (archangel), aartsvyand (arch-enemy).

**af-** (usually with meaning "down," "away," or with a negative meaning) :
afstand (distance), afguns (envy, jealousy), afgrond (precipice).

**ant-** : antwoord (answer).

**ge-**, with a great variety of meanings, *inter alia* :—
(*a*) Collection : geboomte, gebergte.
(*b*) To denote an action : 'n geskree (a shouting).
'n geblêr (a bleating).

This is one way of forming in Afrikaans what are known as "verbal nouns" in English. Sometimes the verb-stem is used without a prefix to attain the same result, *e.g.* :—

Die skep van 'n mark (The creating a market).
Die nagaan van eksamenvraestelle (The correcting of examination papers.)

**oer-** (denoting origin), *e.g.* :—
oermens (primitive man).
oerwoud (native forest).
oertaal (original language ; language of primitive man).

**on-** ("not," "bad"; English **un-, non**) :—
onmens (monster).
onsin (nonsense).
ongeluk (literally "bad luck," *i.e.* accident).
onkunde (literally „no kunde," *i.e.* no knowledge = ignorance).

**oor-** (denotes origin, like **oer-**) :
oorsprong (origin).
oorsaak (the original matter, *i.e.* cause)

**wan-** (like **on-**; English **dis-**) :
wantroue (distrust).
wanorde (disorder).
wanklank (discord).
wanhoop (despair).

The suffixes used to form new nouns are very numerous.

(1) **Concrete nouns** (names of persons and things) are formed by :—

**-aar** (-naar, -enaar) :
(*a*) Persons : leuenaar (liar), Kapenaar (Capetonian), wewenaar (widower).
(*b*) Things : lessenaar (desk).

**-er** : (*a*) Persons : Transvaler, redder (saver), helper.
(*b*) Things : gieter (watering-can), stamper (pestle, crusher).

**-aard** : Persons : luiaard (lazy person, sluggard), grysaard (grey-bearded man).

**-erd** : Persons : stouterd (naughty one), lelikerd (ugly one).

**-ier** (-nier, -enier) :
(*a*) Persons : tuinier (gardener), vlieënier (pilot).
(*b*) Things : skarnier (hinge).

**-ik** (-rik, erik) :
Persons : stommerik (poor blighter).

**-aan** : Persons : Italiaan, Indiaan, Mohammedaan.

**-iet** : Persons : Paarliet, Israëliet.

**-and** : Persons : vyand (enemy), Heiland (Saviour).

**-is** (-nis) : (*a*) Persons : nasionalis, puris.
(*b*) Things : vuilis (dirt).

**-es** : Persons, feminine gender :
dienares, bedelares, onderwyseres (female servant, beggar, teacher).

**-e** : Persons, feminine gender :
presidente, eggenote (wife), sekretaresse.

**-in** : Persons, feminine gender :
boerin, Jodin.

**-ling** : Persons : kleurling (coloured person,) liefling (darling, favourite).

**-ster** : Persons, feminine gender :
bakster, werkster.

**-sel** : Things : maaksel (making), mengsel (mixture), saagsel (saw-dust).

(2) **Abstract nouns** are formed by :—

- **-de** : liefde (love), vrede (peace).
- **-te** : diepte (depth), hoogte (height), lengte (length).
- **-e** : koue (cold).
- **-ing** : lyding (suffering), lesing (lecture).
- **-s** : koms (coming, arrival), wins (profit).
- **-teit** : kwaliteit, kwantiteit, soliditeit.
- **-ment** : dreiement (threat).
- **-isme** : spritisme, spiritualisme.
- **-heid** : (-igheid) : skoonheid (beauty), goedheid (goodness), slegtheid (badness) nuwigheid (novelty), nuutheid (newness).
- **-dom** : mensdom (humanity), rykdom (wealth), ouderdom (age).
- **-skap** : dronkenskap (drunkenness), genootskap (society).

(3) **Diminutives** are formed by :—

- **-ie** : koekie, bankie, rakkie.
- **-jie** : hoedjie, kantjie.
- **-tjie** : stoeltjie, koeitjie.
- **-etjie** : blommetjie, karretjie, ringetjie.
- **-entjie** : waentjie, nooientjie (nôientjie).
- **-pie** : boompie, geheimpie (geheim = secret).
- **-kie** : koninkie, woninkie (woning = dwelling).

Derivation need not necessarily be by means of prefixes and suffixes. It can also be the result of **internal vowel-change**, *i.e.* changing the vowel in the middle of the word. By means of internal vowel change verbs are often changed into nouns, *e.g.* :—

| **Verb.** | **Noun.** | **Meaning of Noun.** |
|---|---|---|
| ly | leed | grief |
| ry | rit | journey, trip |
| wreek | wraak | revenge |
| | wrok | grudge |
| sluit | sloot | ditch, furrow |
| | slot | lock, conclusion |
| | sleutel | key |
| graaf (grawe) | graf | grave |
| | groef | groove |
| buig | boog | bow |
| bind | band | band, tie, tyre, etc. |
| | verbond | agreement |
| | bende | troop, gang |
| gaan | gang | passage |
| drink | drank | liquor |
| spreek | spraak | speech |
| | spreuk | proverb |
| | sprokie | fairy-tale |
| maal | meel | meal |
| ruik | reuk | smell, odour |
| steek | stok | stick |

2. **Verbs.**

Verbs which are the result of derivations are usually formed with the aid of the prefixes **be-, ge-, er-, her-, ont-** and **ver-,** for which see Les 33, paragraph 23.

3. **Adjectives.**

For forming new adjectives the following **prefixes** are used :—

**aarts-** (English : arch) : aartslui (very lazy).
**on-** meaning "not." English : **un, in-, im-,** etc.) : onwaar (not true), onmoontlik (impossible), oninteressant.
**be-** meaning to " provide with ") : beroemd (famous—provided with fame) ; bevlek (soiled).
**ge-** : gekleed (dressed), getrou (true), gesond (healthy).
**oer-** (denoting origin, " very ") : oeroud (very old).

The following **suffixes** form adjectives :—

**-ig** (-rig, -erig, -tig) : moedig (brave), regtig (really), winderig (windy), siekerig (a bit sick).
**-agtig** (-haftig, -eragtig) : reënagtig (rainy), manhaftig (manfully), kinderagtig (childish).
**-s** : Transvaals, kinds (senile), Natals.
**-loos** (English : -less, meaning " without ") : gevoelloos (feelingless), hopeloos, kinderloos, roekeloos (reckless).
**-lik** (-elik. English : -like) : kinderlik (childlike), menslik (human), eerlik (honest).
**-baar** English : -able, -ible) : eetbaar (eatable, edible), onverstaanbaar (incomprehensible).
" Baar " originally meant " bearing," cf. vrugbaar (fertile, literally fruit-bearing).
**-saam** : waagsaam (risky), gehoorsaam (obedient), seldsaam (rare):
**-e** (English : en) : goue (golden), sye (silken).
**-end** : stukkend (broken).

4. **Adverbs** are formed by **suffixes** :—

**-s** : dikwels often), bedags (in the day time), snags, saans, smorens, soggens.
**-lik** : naamlik (namely), eindelik (eventually).
**-liks** : grootliks (greatly), kortliks (shortly).
**-ies** (-tjies) : strakkies (just now), effentjies (a little bit).
**-ling** (-lings) : plotseling (suddenly), mondeling (orally), sydelings (from the side).
**-waarts** English : -ward) : huiswaarts, noordwaarts.
**-toe** (to express " motion towards " ; **toe** is always hyphenated to the noun) : huis-toe (home), skool-toe (to school).

### Oefening 34a.

Vorm samegestelde woorde van die volg. woordpare, en gee die betekenis (b.v. os en wa — ossewa = ox-wagon) :—

Hoof en onderwyser ; lewe en skets ; op en stel (ww.) ; hoog en veld ; asem en haal ; tien en uur ; plat en land ; onder en neem ; debat en vereniging ; deur en staan ; uniwersiteit en kursus ; dood en kleed ; voor en sê ; onder en soek ; see en eend ; kind en storie ; man en moed ; oor en weeg ; eet en eet ; boer en plaas.

### Oefening 34b.

Gebruik in sinne sodat die onderskeid duidelik blyk :—

Kinds, kinderagtig, kinderlik ; draaglik, draagbaar ; wetlik, wettig ; tydig, tydelik ; hoop, wanhoop ; oermens, onmens ; wrok, wraak, wreek ; slot, sloot ; spraak, spreuk.

### Oefening 34c.

Vorm deur middel van voor- of agtervoegsels, **twee** afgeleide woorde van elkeen van die volgende, en gee die betekenis van die woorde wat u so gevorm het :—

Mens, boer, dronk, buig, ly, Transvaal, geluk, trou, lui, nasionaal.

### Oefening 34d.

Toon aan, deur middel van kort sinnetjies, wat die onderskeid is tussen :—

Tienuur en tien uur ; wyer en weier ; lyding en leiding ; ouma en ou ma ; nuutheid en nuwigheid ; spoorwa en waspoor.

### Oefening 34e.

Gee die voor- of agtervoegsels, met hulle betekenisse of funksie, in die volgende woorde (b.v. liefde—**-de**, forms abstract nouns) :—

Heldin, ontkom, wanhoop, herken, kruidenier, onsin, oorsprong, digteres, fatalis, aantreklikheid, oppervlakte, mengsel, ontrou, gebergte, oompie, geskrywe, oertaal, vrede, wandaad, kleurling.

### Oefening 34f.

Vul in die regte woord, en vertaal :—

**Naamlik, naamloos, namens.**

(1) Hy het 'n — brief ontvang.
(2) Een kind is afwesig, — Jan.
(3) — die boere van die distrik wens ek die Minister te bedank.

**Openlik, openbaar.**

(1) Hy het sy skuld — erken.
(2) Dis 'n — biblioteek.

**Vertrou, wantrou, ontrou, getrou.**

(1) Jy kan hom nie — nie, want hy is baie —.
(2) Jy moet hom — want hy is nie — nie.

**Ruik, reuk.**

(1) Ek kan die — van die blom nie verdra nie.
(2) Ek — met my neus.

**Gedrag, bedrag, verdrag.**

(1) Die — is £10.
(2) Jou — is nie wat dit behoort te wees nie.
(3) Hulle het die — van Versailles geteken.

**Aanbod, gebod.**

(1) Sy — kon ek nie aanneem nie.
(2) Jy het die tiende — oortree.

**Gehoor, verhoor, behoor, aanhoor, hoor.**

(1) Die boek — aan my.
(2) Voor 'n groot — het sy gesing.
(3) Ek moes al sy lawwe grappies —.
(4) Tydens die — van die moordenaar kon jy 'n speld — val.

**Nalaat, verlaat, oorlaat, uitlaat.**

(1) Ek moet jou nou —.
(2) Die ryk man het £1,000 aan my —.
(3) Jy het die tweede sin —.
(4) Jy moet dit maar aan ander — wat dit beter kan doen.

## LEESOEFENING.

### DIE VINKNES I.

Hansie was *nukkerig*. Sy *skoenveter* het gebreek toe hy sy skoene aantrek; sy pap was so warm dat hy sy tong byna verbrand het; en boonop het die grootmense hom nog aangeja—asof hy nie self weet dat dit *gevaarlik* is om laat op skool te kom nie!

Brom-brom is hy die huis uit, en die grootpad af wat na die skool op die *naburige* plaas lei. Om op so 'n dag skool-toe te gaan, was darem 'n *skande*! Het dit nou gereën, dan kon 'n mens jou nog daarmee *getroos* het; maar die reën was verby, en die *lente*son het op 'n saggroen wêreld neergelag. Sy warm strale het die jong blaartjies wakkergemaak, en hulle het hulle *kreukels* uitgeskud, soos *skoenlappers* wat uit hulle doppies kruip. Hulle *geur* het met dié van die gras en die veldblomme *gemeng*.

Hansie druk vir Tielman, sy terriër, wat altyd saam stap skool-toe, *ongeduldig* opsy en loop *onwillig* die grootpad af. Waarom is die hond weer so *lastig* vandag? Gewoonlik hou hy baie van Tielman se *geselskap*, en hy sou nooit daaraan dink om sonder sy hond skool-toe te stap nie; want Tielman lê voor die skoolkamer en wag totdat Hansie weer terugstap. Tielman kan nie verstaan waarom sy basie so lank in een kamer bly nie—op hul eie plaas *baljaar* hulle die meeste van die tyd in die veld rond; maar hy lê geduldig en wag totdat Hansie weer *verskyn* want hy weet dat Hansie op pad huis-toe baie *opgeruimder* is en gedurig met hom speel.

sulky; shoelace.
dangerous.
neighbouring.
shame.
comforted.
spring.
crinkles, folds.
butterflies.
scent.
mingled.
impatiently.
unwillingly.
troublesome.
company.
gambol, frolic.
appears.
more cheerful.

Hansie stap al stadiger. Daar is darem nog twintig minute tyd, en die plaasskool lê net oor die *bultjie*. Hy kan nog gou uitdraai en gaan kyk of daar al eiers is in die vinknes wat aan die onderste tak van die peerboom by die dam hang. Eergister was die nes al klaar, en nou waai dit saggies oor die water heen en weer soos die lenteluggie teen die takkie stoot.

> hillock.

Daar moet nou al eiers in wees! En by die gedagte aan die blou vinkeiers verander Hansie *skielik* van *koers* en loop die peerboom op 'n *stapdraffie* by. Hy ken daardie boomstam, en sit een-twee-drie bo in die *mik*; maar nou moet dit *versigtiger* gaan, want hoewel die tak waaraan die nes hang, naby die stam dik is, word dit al dunner tot waar die nes aan die punt nou oor die water ronddans, soos Hansie langs die tak begin *seil*.

> suddenly.
> direction.
> quick walk.
> fork.
> more carefully.
> glide.

As sy moeder hom nou kon gesien het, waar hy soos 'n kat aan die tak vasklou en kop-ondertoe die nes probeer bykom, sou sy seker *flou geval het*; maar Hansie het goed geweet dat sy in die *melkery* besig was, en sy vader was dorp-toe om eiers weg te bring.

> swooned; fainted.
> dairy.

Hansie los die een hand en steek dit versigtig na die nes toe uit. Dis net te ver—hy kan die boonste grassies van die nes bykom; hy gly nog 'n entjie af. Aitsa! Byna is hy in die water; sy een voet het *effens* geglip.

> slightly.

Onder in die waterspieël kan hy sien hoe sy eie gesig net onderkant die nessie hang.

Nou kan hy die nessie bykom; sy hand gly na die mond van die nes net toe die geelslang wat deur die *geskommel* angstig geword het, sy kop daaruit steek!

> shaking.

Kaploemps! Die tak wat deur Hansie se gewig tot by die water gedruk is, skiet so *geweldig* na boontoe dat dit die geelslang, wat nou al halfpad uit die nes *gepuil* het, dwarsoor die dam slinger tot by die *anderkantse* wal, waar hy gou-gou in die bossies verdwyn—seker net so verskrik soos Hansie, wat somar *pens en pootjies* in die water geval het toe hy die slang sien!

> violently.
> shot out.
> opposite.
> neck and crop

Tielman het al die tyd onder die boomstam stilgesit onderwyl sy basie langs die tak afseil; hy het al geleer dat hy nie op sulke *oomblikke* mag blaf nie; maar toe hy die *gedoente* in die water sien, kon hy dit nie hou nie, en *in 'n kits* is hy die dam in om te help.

> moments.
> noise; hubbub
> in a trice.

Hansie het egter van kleins af al geleer om te swem, en het sonder moeite die wal bereik, om uit te klouter en soos 'n nat-gereënde hoender in die son te staan. Hy kyk nog 'n slag om seker te maak dat die slang 'n ander koers *ingeslaan* het.

> ha taken.

*Word vervolg.*)

## LES VYF-EN-DERTIG.

### DIE SKRYWE VAN OPSOMMINGS.

### PRÉCIS-WRITING.

To give the gist of a passage clearly and concisely is an art which few people possess—except when drafting telegrams; their précis then attains a very high standard!

Telegrams are a form of précis: they aim at conveying an idea or ideas in as few words as possible. The wording of a telegram should be perfectly clear, but need not be grammatically complete. In the case of continuous matter, however, the précis, while condensing the original passage to the shortest length that is consistent with the rendering of the exact meaning, **must** be grammatically correct.

### HOW TO SET TO WORK.

Proficiency in précis-writing comes with practice—no amount of theorising will help the student here. All we can do is to give a few general instructions to be carried out in doing the exercises at the end of this lesson.

(1) Be sure that you grasp the meaning of the passage thoroughly before attempting the précis. Read the passage and then try to find a suitable title for it. This will help you to get hold of the main idea.

(2) Read the passage a second time to pick out the most important details.

(3) Write your précis from the notes compiled under (2). It should not be necessary to refer to the original passage.

(4) Compare your précis with the original passage to make sure that no change in meaning has taken place.

### THE VALUE OF PRÉCIS-WRITING.

Generally speaking, a précis should be about one-third the length of the original. Ability to condense passages in this way is of great value, especially in connection with commercial correspondence. The manager of a large firm has neither the time nor the inclination to wade through unnecessary details which so often cloud the meaning of the letters which pour into his office daily, and finds an invaluable asset in the clerk who has developed the power to give in condensed form the essentials of a series of letters dealing with one subject.

## EXAMPLE OF PRÉCIS.

The following passage will serve as an example of the type of précis to be done at this stage :—

„Aan die hoof van elke stam staan 'n kaptein en onder hom, met verantwoordelikheid aan hom verskuldig, kom die hoofmanne of indoenas oor die verskillende hoofmanskappe, terwyl elke kraal onder 'n kraalhoof of familievader te staan kom.

Die Opperste Hoof voer alle mag en gesag oor die nasie, naasteby volgens dieselfde wette en gewoontes wat die Soeloekoning dit sou gedoen het. Deur sy amptenare stel hy die kapteins aan en sit hulle ook af, wanneer hulle hulself aan enige politieke vergryp, waardeur die rus en vrede van die gemeenskap in gevaar mag loop, skuldig maak ; of wanneer hulle onbekwaam is vir die werk en pligte aan hulle toevertrou. Hy het ook absolute mag om van die kapteins in tye van oorlog manskappe vir die inwendige verdediging van die land te eis en kan ook die kapteins self met hulle indoenas en die Kaffers vir sulke militêre diens in die veld roep. Hy het ook die reg om die Kaffers op te roep om op openbare werke te kom werk, teen 'n beloning natuurlik. In die ou dae is van hierdie reg nogal baie gebruik gemaak in verband met die padmakery, maar nou gebeur dit maar selde dat van 'n kaptein verlang word, om mense vir dié doel te verskaf. Net enkele male, wanneer die Kaffers in die reserwes trek om b.v. hutbelasting in te betaal, word die kapteins gelas om te sien, dat die paaie na die verskillende plekke waar opgaaf betaal moet word, rybaar is. Dit word gedoen sonder enige vergoeding, maar dis natuurlik in hulle eie belang en gewoonlik paaie wat nooit andersins gebruik word nie."

1. A first reading of the above passage reveals the fact that its main theme is the Zulu system of government. We may therefore choose as title : "How the Zulus are Governed."

2. The main theme may be elaborated as follows :—
   - (*a*) The system is autocratic ; captains, assisted by indunas and sub-chiefs, being responsible to the nation's chief.
   - (*b*) This Chief—
     - (1) Appoints captains or deposes them.
     - (2) Commandeers them for **internal defence** (inwendige verdediging).
     - (3) Enlists the services of the Kaffirs for public works. Formerly work of this nature was done free of charge. Nowadays, payment is made, although occasionally the Captains still have to provide men under special circumstances.

3. The notes given under (2) may now be expanded as follows :—

### How the Zulus are Governed.

The Zulu system of government is autocratic. The Captains, who are in turn assisted by indunas and sub-chiefs, are directly responsible to the nation's Chief.

Besides appointing and deposing Captains the Chief may commandeer them for purposes of internal defence and may also enlist the services of the Kaffirs for special purposes. In the latter case the Kaffirs are generally paid nowadays, but formerly work of this nature was done free of charge. Occasionally the Captains still have to provide men under special circumstances.

4. A comparison of the précis with the original passage shows that no change in meaning has taken place.

## Oefeninge.

Gee 'n kort opsomming (in Engels) van die volgende stukke :—

(a) 'n Uitlander of vreemdeling wat in ons staat woon, het natuurlik nie die regte en voorregte van onderdane nie. In Engeland, vóór 1870, kon 'n uitlander nie eens vaste goed besit nie, en selfs nie vaste goed vir langer as een-en-twintig jaar huur nie. Dit i nou anders. Hy mag daar nou vaste goed besit al bly hy ook 'n u tlander.

Vóór 'n uitlander die regte van 'n onderdaan of 'n burger kan besit, moet hy eers genaturaliseer word : hy moet eers die onderdaanskap van sy eie land afsweer en as onderdaan van ons staat insweer. Maar dit kan hy alleen doen na hy vyf jaar in die land gewoon het of in die staatsdiens gewees het. Dan nog moet hy 'n verklaring aflê dat hy in hierdie land wil bly, en boonop moet hy 'n sertifikaat van goeie gedrag inlewer. Dan eers kan hy 'n onderdaan word, en daarna eers kan hy stappe doen om die kiesreg te verkry. Ons sien dus dat die staat die regte en voorregte van sy onderdane op prys stel en nie sommer aan iedereen weggee nie.

(b) Die staat bestaan uit 'n owerheid en onderdane. 'n Onderdaan in die moderne staat is elkeen wat aan die staatsgesag gehoorsaamheid verskuldig is en van die staat beskerming mag eis. Die staat waarborg die veiligheid en vrede van elke onderdaan en sorg daarvoor dat aan sy onderdane reg sal geskied. Selfs as 'n onderdaan in 'n ander staat sou onreg ly, kan hy hom op sy eie beroep, en die regering sal dadelik stappe instel om sy onderdane in vreemde lande te beskerm. Ons sien dus dat 'n onderdaan iemand is wat nie alleen pligte het nie maar ook regte besit wat deur sy staat gewaarborg word, nie alleen binne nie, maar ook buite die staatsgebied. En 'n staat is daar baie op gesteld dat sy onderdane in vreemde lande nie sal mishandel word nie. Ja, 'n staat sal so ver gaan as om oorlog te verklaar teen 'n vreemde moondheid wat sy onderdane onreg aandoen. En om dié regte en voorregte te besit hoef jy nie 'n stemgeregtigde burger of kieser te wees nie. As jy maar 'n werklike onderdaan is, het jy die volste reg op beskerming deur jou eie staat.

(*c*) Wat die verskillende diersoorte aanbetref, behoef ons ook seker nie by 'n ander land agter te staan nie. Dit is wel jammer dat ons al so baie van ons mooi diere uitgeroei het, maar in een of ander deel van ons land kan 'n mens nog vandag van die mooiste wild in groot getalle gaan sien. Grootwild soos olifante, renosters, kameelperde, hartbeeste, springbokke, en so mee , kan 'n mens nog in hulle natuurlike staat gaan sien in Noord-Transvaal, Rhodesië, Suidwes-Afrika, en selfs nog hier en daar in die Kaapprovinsie, Natal en Vrystaat. Daar is nog streke waar 'n mens van kan spreek as die jagters se paradys.

Maar dit word al meer die heilige plig van elkeen wat sy land liefhet om die wild te spaar, en nie maar net vir die plesier dié mooi diere van ons land te wil uitroei nie. Daar het al heeltemal te veel vernieling plaasgevind, sodat streke waar dit vroeër van die pragtigste wild gewemel het, vandag geen stuk wild het nie.

Maar wat mak diere betref: van dié kan ons die mooiste in die wêreld aanwys. Dink maar aan die miljoene mofskape, sybokke, beeste, perde, varke en pluimvee van alle soorte—hulle is genoeg om die liefhebber van sy land met trots te vervul. En die Regering help die boer op alle maniere om sy vee te verbeter.

## LEESOEFENING.

### DIE VINKNES II.

Arme Hansie! Sy skoolklere *klou* aan sy lyf *vas* en is *betakeld* van die modder. Hy kyk *mismoedig* na sy hondjie, en wens dat hy ook maar 'n terriër was. Hansie het dit altyd gewens as hy in die moeilikheid kom. Honde is mos altyd gelukkig, behalwe as hul base nie van hul notisie neem nie. Kyk hoe gou word Tielman droog: hy skud hom 'n paar keer, en dan begin sy hare al weer reg lê. Ja, hy moes maar 'n hond gewees het. Sy ouers het hom tog nie lief nie—anders sou hulle hom mos nooit na daardie skool stuur nie!

cling to.
covered.
disconsolately.

Hansie begin baie jammer vir homself te voel. Hy kry darem maar swaar in die wêreld. Alles is *opgeruimd* vanmôre: net hy voel ongelukkig. Hy moes maar onder die water in die dam gebly het; dan sou hulle hom gesoek het—as dit te laat was. Hy sien al hoe hulle op die *werf* rondhardloop as die *tyding* kom dat hy in die dam gekry is; en hoe jammer hulle voel dat hulle hom skool-toe gestuur het.

cheerful.
farm-yard.
news.

[besides. wringing wet.]

Hy kyk na die son : dis mos al lankal negè-uur ! Die skool is al aan die gang—wat sou dit help om nou nog daarheen te gaan ? En *buitendien* is hy *papnat*. Huis-toe durf hy ook nie, want hy weet wat daar sal gebeur. Hulle sal tog nie verstaan as hy van die nessie vertel nie ; en miskien is sy pa al terug van die dorp af !

[buzzed. hubbub. dophou = watch.]

Mismoedig gaan lê hy op die gras in die son. Dit word al warm, en die goggas *gons* oor sy kop. 'n Paar vinke wat na die *gedoente* verskrik uit hul neste gevlieg het, kom terug en gesels in die hoogste takke met mekaar. Hansie *hou* hulle 'n rukkie *dop*, maar hulle is nie vir hom so mooi soos gewoonlik nie. Hy voel alte sleg omdat die wêreld met hom so verkeerd loop. Ja, hy moes maar in die dam gebly het . . . . .

[upright.]

„Hansie ! " verskrik sit hy *orent*, net betyds om sy pa voor hom te sien. Hy is nog deur die slaap, en sien nie hoe bly sy pa is om hom daar te kry nie. Hy wil wegspring, maar word in twee sterk arms vasgevat, en vir 'n oomblik hou sy pa hom styf teen sy bors gedruk.

„Ou seun, jy het jou moeder baie laat skrik ; ons het gedink jy het miskien in die dam geval ! " ; en sy pa se stem was baie vriendelik.

Toe hulle by die huis kom, het Hansie sy kop laat hang, want hy voel nou 'n bietjie skaam oor die gedoente. Sy moeder het 'n uur vantevore die boodskap van die boplaas ontvang dat Hansie nie skool-toe gekom het nie ; en van dié tyd af het hulle orals gesoek totdat hy by die dam gekry is.

Almal was so bly om hom te sien dat hy begin dink dat dit maar beter sou gewees het as hy skool-toe gegaan het . . . . .

[pantry. movement. promised. blossoms. rather angry. canes.]

Hansie sit op sy stoeltjie in die *spens* en eet smaaklik die stuk melktert wat sy ma hom gegee het. Kort-kort breek hy 'n stukkie af om vir Tielman, wat elke *beweging* van sy basie dophou, te gee. Hy het *belowe* om nie weer uit die grootpad weg te draai op pad skool-toe nie—al raas die vinke onder die *bloeisels* van die ou peerboom by die dam ; en dié belofte sou hy hou, want sy pa het net *kwaaierig* gelyk nadat sy skrik verby was. Hansie weet dat peerboom*latte* nie net gemaak is om vinkneste aan te hang nie !

## LES SES-EN-DERTIG.

## DIE SKRYWE VAN OPSTELLE.

## ESSAY WRITING.

In this chapter the student will find general instructions on essay-writing. While success in this section of the work depends largely on natural ability—so that undue stress should not be laid on form or subject-matter—a discussion of certain points may well serve to indicate the best way of setting to work.

The two requirements for essay-writing are :—

(1) Knowledge of the language to be used as a medium of expressing your thoughts ; and

(2) Knowledge of subject-matter.

At this stage knowledge of subject-matter is subsidiary to knowledge of the language. It does not matter so much **what** you write as **how** you write it. In other words, it is your ability to express yourself in the new medium which is being tested.

Now the only way in which to improve your power of expression in any particular language is to **read, think in and speak** that language as much as possible. Cultivate the habit of clothing simple thoughts in the new medium, and make use of every chance of conversing in it.

As regards reading, a careful perusal of the books indicated at the end of this paper will help more than any amount of advice on essay-writing. They have been selected and graded with a view to the requirements at this stage.

### THE FORM.

The actual **form** of your essay depends on the subject-matter and on your own individual style. Some subjects require a purely descriptive treatment; others give scope to the imagination. Your method of dealing with them will vary accordingly; but it will be largely an unconscious adaptation to the needs of the subject. Ability to do this—to adapt the form of your essay to its contents—depends on the flexibility of your individual style.

In general, however, we may say that all essays have a certain general form : an introduction, a body and a conclusion. This must be taken into consideration when forming the framework ; for it would be unwise to plunge into the subject without a logical enumeration of the points to be dealt with. Remember that you are trying to frame your thoughts in a new language ; and that even if, as already stated, the subject-matter is subsidiary, you want to master it thoroughly so as to be able to concentrate on the **way** you wish to express it.

Before actually writing your essay, therefore, draw up a framework, and then base your paragraphs on the points contained in it. Use a paragraph for each point. This is essential to avoid clouded thought. Your paragraphs should be clear as crystal, each one an expansion of a particular thought.

THE FRAMEWORK.

Try to draw up your framework in Afrikaans straightaway. Your thoughts will then be partly moulded in the new medium by the time you set to work on the actual essay.

Let us take an essay on "South African Problems" by way of example —

**Suid-Afrikaanse Probleme.**

1. **Inleiding** (introduction) : **Noodsaaklikheid van instudering** (necessity for studying) van hierdie probleme as ons die wit **beskawing** (civilisation) hier wil **handhaaf** (maintain).

2. **Die Probleme** —

   (*a*) Die **Naturelle** (natives).

   (*b*) Die Asiate—met **verwysing** (reference) na Natal.

   (*c*) Immigrasie.

   (*d*) Die Armblankes.

   (*e*) Irrigasie.

3. Die **oplossing** (solution) van die een probleem van die ander **afhanklik** (dependent).

4. **Slot:** Aansporing om saam te staan as ons hierdie moeilikhede wil te bo kom.

These notes may now be expanded into essay-form :—

**Suid-Afrikaanse Probleme.**

Soos veral met jong lande die geval is, het Suid-Afrika 'n aantal probleme wat op 'n **bevredigende** (satisfactory) oplossing wag. Slaag ons nie daarin om hierdie **struikelblokke** (obstacles) tot ons ekonomiese, politieke en **maatskaplike** (social) vooruitgang uit die weg te ruim nie, dan is dit **twyfelagtig** (doubtful) of die pilare van die Westerse beskawing bestand sal wees teen die bruisende stroom van barbarisme wat hulle tans **bedreig** (threaten).

Hierdie probleme is van 'n baie **uiteenlopende** (diverse) aard : Die koeliekwessie in Natal het aan ons staatsmanne al baie hoofbrekens besorg ; immigrasie, die **armblankevraagstuk** (poor white problem) en **besproeiingskemas** (irrigation schemes **verg** (demand ook die aandag ; en bo almal, soos 'n Hidra-koppige monster, steek die Naturelleprobleem dreigend uit.

Wat gaan in die toekoms die **verhouding** (relation) tussen die naturelle en die blankes wees ? Op die oomblik is daar agt naturelle teenoor een witman in Suid-Afrika, en dit lyk nie of daar veel kans bestaan om dié verhouding gunstiger te maak vir die **verteenwoordigers** (representatives) van die blanke ras nie.

Die naturelle word stadigaan opgevoed en dit kan nie van hulle verwag word dat hulle met die **huidige** (present) stand van sake moet tevrede bly nie. Boonop verskaf hulle goedkoop arbeid, en is hulle daarvan oorsaak, dat die witman in Suid-Afrika nog steeds geneig voel om hande-arbeid as **benede sy waardigheid** (beneath his dignity) te beskou.

**Nou verwant** (closely related) aan die vraagstuk hierbo genoem is die Asiate-probleem, waardeur veral Natal **geteister** (harrassed) word. Die lewensbehoeftes van die koelie is so **gering** (small) in vergelyking met dié van die witman dat eersgenoemde altyd in staat is om sy **ware** (commodities) teen 'n laer prys te verkoop. Dan ook, net soos in die geval van die naturelle, stel hulle die hele **samelewing** (community) gedurig bloot aan **aansteeklike** (infectious) siektes deur hulle **verwaarlosing** (neglect) van **gesondheidsmaatreëls** (hygienic measures).

Sou immigrasie die vurig begeerde oplossing kan verskaf ? In hoe verre sal 'n **instroming** (influx) van gesonde, energieke witmense daartoe bydra om die **bolwerk** (bulwark) van die wit be kawing teen die vyandelike aanvalle te **vrywaar** (protect) ? Dit lyk asof dit baie gewens sou wees om die regte soort van immigrant na ons land uit te lok.

Maar ons moet rekening hou met die **werkloses** unemployed) met wie ons alreeds opgeskeep sit. Die **geledere** (ranks) van die armblankes word nog gedurig aangevul deur mense wat van die 'and na die stede toe stroom. Immigrasie sou dus slegs geregverdig wees as dit gepaard gaan met die **ontwikkeling** (development) van ons landbou en die **uitbreiding** (extension) van ons industrieë.

Saam met hierdie vraagstukke moet ons die besproeiingskwessie **meld** (mention). Duisende morge vrugbare grond moet as gevolg van waterskaarste **onbewerk** (uncultivated) bly lê. Kon hulle onder bewerking kom, dan sou dit in aansienlike mate daartoe bydra om die moeilikhede op te los.

'n **Volledige bespreking** (full discussion) van hierdie probleme kan onmoontlik **binne die bestek** within the bounds) van een opstel plaasvind—hulle kan hier slegs genoem word ; maar dis goed om hulle onder die aandag te bring, want die Suid-Afrikaanse burgers sal soos een man moet staan in hulle **poging** (attempt) om 'n oplossing te verkry.

SUBJECTS FOR ESSAYS.

A list of subjects for essays is appended —

Suid-Afrikaanse Nywerhede (Industries) ; Immigrasie ; Die Naturelle van Suid-Afrika ; 'n Toertjie na die Viktoria-water-

val ; Vrouestemreg ; Die Ontwikkeling van die Vliegmasjien ; My Lieflingskrywer ; Die Mag van die Pers ; Die Voor- en Nadele van Tweetaligheid ; Die Volkerebond (League of Nations) ; Is die Wêreld Sportmal ? ; Die Mooiste Natuurtoneel wat u ken ; Die Invloed van Klimaat op Karakter ; Werkloosheid ; Assuransie ; Musiek.

BOOKS RECOMMENDED.

The student should make a point of reading as many of the following books as possible. Those indicated with an asterisk are more elementary than the others and will serve to introduce the reader to the more difficult matter given towards the end of the list :—

*1. Grimm se Sprokies.
*2. Die Fabels van Esopus.
*3. Gulliver se Reis na Lilliput.
*4. Verhale uit die Arabiese Nagstories.
*5. Die Awonture van Baron von Münchausen.
*6. Bont Beelde (Beeba).
*7. Die Spook van Sluimerhoek.
*8. Die Spook-Bruidegom.
*9. Rip van Winkle.
*10. Jessica se Eerste Gebed (Stretton).

**Note.**—7, 8 and 9 above are cheap and belong to Juta's well-known Kinderbiblioteek series. See also page 99.

11. Die Hut van Outa Tom. (Beecher Stowe).
12. Uit ons Volkslewe. (B. Spoelstra.)
13. Sonde Met die Bure. (C. J. Langenhoven.)
14. Herrie op die ou Tremspoor. (C. J. Langenhoven.)
15. Donker Spore. (C. J. Langenhoven.)
16. Geeste op Aarde. (C. J. Langenhoven.)
17. Die Kleine Maya. (Waldemar Bonsels—Eybers.)
18. Adriaan Hugo, Speurder. (Hendrik Brand.)
19. Waar Spoke Speel. (Leipoldt.)
20. Op Veld en Rante. (Van Bruggen.)

### Oefening 36a.

Vertaal die opstel :—

„Suid-Afrikaanse Probleme," wat in die hoofstuk verskyn, in goeie Engels.

### Oefening 36b.

Skryf 'n opstel van omtrent 35 reëls oor één van die onderwerpe hierbo aangegee (Subjects for Essays).

### Oefening 36c.

Skryf nog 'n opstel van omtrent 35 reëls oor één van die bogenoemde onderwerpe. Kies 'n ander onderwerp as die een wat u in die vorige oefening gedoen het.

## LEESOEFENING.

### THOR EN DIE REUSE.

Net soos die Grieke, het die mense wat in Noord-Europa gewoon het ook hulle eie legendes gehad. Dis mooi om te sien watter invloed die wilde natuur op die *aard* van die legendes gehad het. Die Grieke het daarvan gehou om mooi natuurtonele te *beskrywe*, en baie van hulle legendes was oor die liefde en oor skoonheid. Die Nore, *daarenteen*, het gewoonlik *gevegte* beskrywe. Hulle het groot geword *omring* deur gevare van natuur en wilde diere; en 'n mens lees dikwels in hulle legendes van die stryd om te *bestaan*.

- nature.
- describe.
- on the contrary.
- fights.
- surrounded.
- exist.

Thor was die *Donder*god en hy het die gode baie gehelp om hulle *aartsvyande*, die reuse, te *bedwing*. Die *reuse* het gedurig probeer om die *vesting* van die gode in te neem. Hulle was groter en *liggaamlik* sterker as die gode, maar hulle *towerkrag* was minder en hulle kon die gode nie *baasraak* nie.

- thunder.
- arch enemies.
- subdue.
- giants.
- stronghold.
- physically.
- magic powers.
- overpower.

Thor was die sterkste van die gode. Hy het 'n wonderlike hamer gehad waarmee hy die sterkste reus kon *trotseer*. Al die groot kêrels was vir hom bang en het gesorg dat hulle uit sy pad uit kom.

- defy.

Partykeer het Thor moeg geword van stilsit, as die reuse te lank wegbly, en dan het hy sy hamer *gegryp* en na die land van die reuse gereis om hulle daar in hul eie *gebied* te *tart*.

- seized.
- area ; defy.

Maar Thor het nie altyd sy *sin* gekry nie. Die reuse het hom ten minste eenkeer *lelik op sy neus laat kyk*. Dit het so gekom :

- will.
- made him feel small.

Op 'n goeie dag het Thor naby die *grense* van die Reusewêreld *rondgedwaal*. Hy het hom erg *verveel*, want die reuse het lanklaas 'n *aanval* op die gode gemaak, en dit het gelyk asof hulle *veglus* heeltemal afgekoel het. Thor het dit baie *betreur*, want niks was vir hom aangenamer as om met die hamer *rond en bont* te slaan nie. Hy het die *volste vertroue* in sy hamer gehad en het vas geglo dat hy enigiets daarmee kon doodslaan of *stukkend* breek.

- borders ; wandered round.
- bored.
- attack.
- desire for fighting.
- deplored.
- everywhere.
- fullest confidence.
- to pieces.

Die reuse het dit geweet ; en hulle was bang vir Thor se hamer ; maar hulle het ook geweet dat hy van al die gode die minste towerkrag besit het. Hulle het dus *besluit* om hom 'n goeie les te leer en om sy *vertroue* in sy hamer te skok.

- decided.
- confidence.

Toe hulle vir Thor dus naby hulle grense gewaar, het hulle hul grootste towenaar—want die reuse kon darem ook goed toor—gestuur om te kyk of hy nie die trotse Dondergod 'n bietjie kon skrikmaak nie.

Thor was alte bly toe hy die vyand sien aankom, maar tot sy *teleurstelling* het die reus geen wapen by hom gehad nie en dit het dus gelyk asof hy nie van plan was om te veg nie.

disappointment.

Maar as Thor *verbaas* was om 'n reus so *ongewapend* te sien aankom, kon hy sy ore byna nie glo nie toe die reus by hom aankom en sê : „Ek weet jy is verbaas om my so sonder wapens te sien, maar ek het nou net met 'n paar van my maters 'n *weddenskap* gemaak dat jou hamer, waarop jy so trots is, maar *bloedweinig* beteken as jy werklik 'n sterk man teëkom."

amazed.
weaponless.
bet.
very little.

„Wat !' skree Thor. „Jou *niksnuts* van 'n reus ! Ek sal vir jou gou-gou leer hoe diep my hamer kan *klowe* ! Jy het seker sonder jou wapens gekom omdat jy weet dat ek nie 'n ongewapende man mag seermaak nie . . . ."

good for nothing
cleave.

„Glad nie," antwoord die reus *doodbedaard*. „Ek het hulle tuis gelaat omdat hulle nie nodig is nie. Ek is sterk genoeg om jou swaarste houe te *trotseer*."

quite calmly.
defy.

„Jy *verbeel* jou wat !" sê Thor, nou hoogs *verontwaardig*. „Moenie vir my kwaad maak nie—anders sal jy dit *dalk berou* !"

imagine.
indignant.
perhaps regret.

„Nou goed—laat ons jou krag op die proef stel : ek sal gaan lê—anders kom jy my kop tog nie by nie—dan kan jy drie houe op my kop slaan, net so hard soos jy kan."

Thor kyk die reus verbaas aan. Hy was nou *vas oortuig* dat sy teenstander *'n strepie het* ; en hy wou net wegstap toe die reus weer 'n paar *aanmerkings* maak oor sy geliefde hamer.

firmly convinced.
was mad.
remarks.

Dit was vir die Dondergod te veel.

„Nou ja, as jy dan wil *selfmoord pleeg*, gaan lê dan maar," sê hy.

commit suicide.

Die reus gaan ewe *op sy gemak* lê, en Thor swaai sy hamer in die lug. *Selfs* toe nog het hy verwag dat die reus sou padgee, maar nee—daar lê hy en *glimlag* asof die hele affêre vir hom 'n groot grap is.

at his ease.
even.
smile.

Met 'n *geweldige* slag val die hamer op die reus se voorkop neer. Die hou was hard genoeg om enigeen se kop middeldeur te klowe, maar tot Thor se verbasing het die reus net so *effens* geruk en toe hardop gelag :

tremendous.
slightly.

„Is dit nou die wonderlike hamer waarvan jy gepraat het ?" spot hy. „Dis nie eens genoeg om vir my hoofpyn te gee nie !"

Thor *kners* sy tande en swaai nog 'n keer. Die hamer kom neer met 'n slag wat deur die berge *weergalm* ; maar die reus lê en lag, en voel *blykbaar* niks.

(ground. resound. apparently.)

Nou span die *verwoede* Dondergod al sy kragte in en die derde hou word met 'n krag gelewer wat die hele aarde laat bewe het. Die *uitwerking* is egter dieselfde, en Thor moes skaam-skaam erken dat die reus vir hom te *taai* was.

(infuriated. result. tough.)

*Mismoedig* het Thor na die land van die gode teruggegaan. Sy hamer het hom nooit *vantevore* so *in die steek gelaat* nie. Toe hy daar aankom, staan 'n hele paar van sy maters vir hom en wag :

(disconsolately. previously. failed.)

„Mooi *gefop*, Thor ! " sê een van hulle. „Hierdie keer het die reuse jou darem lekker *beetgekry* ! "

(cheated. got the better of you.)

„Wat weet julle daarvan ? " vra Thor verbaas.

„Ons het die hele affêre *op 'n afstand* aanskou. Jou hamer het niks makeer nie, en jou krag het ook nie verminder nie ; maar die reus het jou so getoor dat jy nie kon sien hoe hy 'n berg tussen jou hamer en sy kop bring elke keer dat jy slaan nie ! Kyk maar na daardie *bergketting* daar ! "

(at a distance. mountain range.)

Thor kyk, en waarlik, daar lê drie diep *kepe* in die bergketting wat voorheen nie daarin te sien was nie. Thor het so hard geslaan dat die berge byna in twee *gesplits* het.

(grooves. split.)

Arme Thor ! Die gode het hom lekker uitgelag ; maar dit het hom goed gedoen, want hy het daarna nie so groot gepraat oor sy krag en sy hamer nie.

## LEESOEFENING.

### JOHANNESBURG.

Daar is maar min stede in die wêreld wat kan praat van so 'n *verbasende ontwikkeling* as die „Goudstad ".

(astonishing, growth.)

Toe President Kruger in 1886 die plaas waarop Johannesburg vandag staan tot openbare *delwerye* geproklameer het, het daar nie meer as vyftig mense in daardie distrik gewoon nie. *Selfs* hierdie mense is daarheen *getrek* geword deur die *berig* dat goud *ontdek* was. Die plek het *spoedig* van 'n mynkamp tot 'n klein stadjie ontwikkel.

(diggings. even; drawn. report; discovered. rapidly.)

Twintig jaar gelede het dit 'n *voorspoedige* moderne stad geword. Vandag—omtrent veertig jaar na sy *stigting*—is Johannesburg die grootste stad in die Unie, en haar geboue, strate en *ruimtes* kan baie *gunstig* met enigeen van die ouer stede in die land *vergelyk* word.

(prosperous. foundation. open spaces; favourably. compared.)

Die *merkwaardige* ontwikkeling van die stad kan *afgelei* word van die volgende *syfers* wat in *verband* staan met haar bevolking.

(remarkable; gathered. figures; relation.)

| | |
|---|---|
| according to.<br>taken.<br>half.<br>police.<br>showed.<br>estimated. | In 1896 was die bevolking *volgens* die sensus wat in daardie jaar deur die Staatsraad *opgeneem* is, omtrent 102,000, waarvan byna die *helfte* Europeane was. In 1902, kort na die Suid-Afrikaanse oorlog geëindig was, het 'n *polisie*-sensus die bevolking aangegee as 109,000. Die sensus van 1904 het *aangetoon* dat die bevolking 156,000 was. Teen 1911 het dit omtrent 237,000 bereik, terwyl die *geskatte* bevolking teen die end van Junie 1925 omtrent 302,000 was, waarvan 163,000 Europeane was. |
| existence.<br>mainly ; due to.<br>agricultural.<br>imagine ; [quantities.<br>foodstuffs | Die *bestaan* en ontwikkeling van Johannesburg is *hoofsaaklik te danke aan* die goudmynindustrie. Die velde waarop Johannesburg staan is nog die rykste en grootste in die wêreld. Met haar groot bevolking het die stad natuurlik 'n groot sentrum vir *landbou*produkte geword. 'n Mens kan hom *voorstel* watter groot *hoeveelhede* beeste, mielies, groente, en ander *eetware* vir so 'n klomp mense gebruik moet word. |
| entirely.<br>dependent.<br>undoubtedly.<br>supported. | Dit kan nie gesê word dat Johannesburg *geheel-en-al* van haar goudmyne *afhanklik* is nie, hoewel 'n groot gedeelte van die mense *ongetwyfeld* direk of indirek deur die mynprodukte *onderhou* word. |
| iron ; [coal regions.<br>convinced.<br>continue ; [expand. | Johannesburg lê naby die *yster*velde en *steenkoolstreke* van die Noorde, en 'n mens kan daarvan *oortuig* wees dat die stad moet *aanhou* om in grootte en bevolking *uit* te *brei*. |
| ceased.<br>present.<br>directions.<br>loss ; [compensate. | Selfs wanneer die goud-produserende streke *opgehou* het om op die *teenswoordige* skaal te produseer, bestaan daar rede om te glo dat ontwikkeling in ander *rigtings* die *verlies* meer dan sal *vergoed*. |
| number ; [increased | Die industriële ontwikkeling van die stad gedurende die laaste tien of twaalf jaar was baie merkwaardig. Die *aantal* fabrieke in die stad het *vermeerder* van 862 in 1915 tot 1748 in 1921, en die aantal werksmense in hierdie fabrieke het vermeerder van 29,050 in 1915 tot 56,076 in 1921. |
| generally [speaking.<br>advantages.<br>in fact.<br>most pro- [gressive.<br>respect ; [absolutely not. | Die stad het baie pragtige geboue en het *in die algemeen* al die *voordele* van enige ander stad van haar grootte. *Inderdaad*, Johannesburg reken dat sy een van die *vooruitstrewendste* stede in die wêreld is. Dit moet onthou word, dat Johannesburg, in hierdie *opsig*, *glad nie* uniek is nie ! |

## LEESOEFENING.

### OOM KOOS.

„Piet, ken jy daardie *skraal* mannetjie wat nou net die hoek van die Poskantoor omgaan?" vra my vriend Jan, toe hy by my uitspan in die dorp. Hy het van die plaas af ingekom om sy weeklikse *inkopies* te doen.

thin. — purchases.

„Ja—dis oom Koos. Daar is maar min mense in die dorp wat hom nie ken nie. Sy *koddige* figuurtjie *draf geduring* heen en weer, en orals word hy met 'n vriendelike *glimlag* begroet. Hy is seker die mees *gewilde* burger in ons dorp. Maar waarom vra jy?"

quaint, odd. — trots; [constantly. — smile. — popular.

„O, uit *blote nuuskierigheid*; ek het by hom verbygery en, hoewel hy my nie ken nie, het hy my so 'n vriendelike *knikkie* gegee dat dit my *opgeval* het—selfs in hierdie vriendelike dorpie van julle waar almal mekaar groet, of hulle mekaar ken of nie. Ek begin my al heeltemal tuis voel, en my hart *trek* nie meer so sterk na die *Bolandse* bergstroompies nie. Ek moet sê ek het soms baie verlang na die koel plekkies op ons plaas, waar die *skuimvlokkies* tussen die ronde klippertjies *heen*dans totdat hulle in stilwater na die kant toe spoel, en daar lê en ogies *knip* in die vriendelike *strale* van die son. . . ."

mere curiosity. — nod; struck. — pulls; Western [Province. — foam bubbles. — away. — wink. — rays.

„Ag kom, Jan, jy word altyd so *digterlik* as jy oor jou ou Bolandjie begin praat. Jy sal *naderhand* maak dat ons Karoboere sê: ‚Maar kyk hoe *stel* so 'n ou Kaapse meneertjie vir hom *aan*!' Maar ons het oor oom Koos gesels. . . .", *val* ek hom haastig *in die rede*, want ek wis dat my vriend, wat om gesondheidsredes hier in die Karo kom boer het, partydae nog maar taamlik verlang na sy *geboorte*plekkie daar teen die berg*helling* van die Paarl.

poetical. — afterwards. — aanstel = put on [airs. — interrupt. — birth; slope.

„Nou ja," sê hy, „vertel my iets van hom: jy sê dat die mense baie van hom hou?"

„Ja—veral die kindertjies; jy sien net ogies *blink* as oom Kotie sy *verskyning* maak. Ek kon nooit verstaan waarom die *kleinspan* so *gek* na hom is nie; maar nou het ek die kans gekry om te sien hoe hy met hulle *omgaan*; en dit het my duidelik geword dat hy 'n ware kindervriend is. Al die kinders van die dorp *sien* verlangend *uit na* die besoekies wat dit hulle *gegun* is om van tyd tot tyd by hom in sy wonderlike huisie *af* te *lê*. Daar hou hy allerhande

glitter. — appearance. — youngsters; [crazy. — associate. — look forward to. — granted. — 'n besoek aflê = to pay a visit.

dingetjies aan waarna 'n grootmens nie tweemaal sou kyk nie, maar wat vir 'n kindjie meer waarde het as pêrels en *robyne.*"

„Maar mag ek vra wanneer jy die kans gekry het om vir oom Koos in sy ware kleure te sien?"

„Ja, ek voel *nogal* trots op die *onderskeiding* wat my te *beurt* geval het, want hy laat nie *sommer* enige grootmens toe om sy woninkie binne te gaan nie. Maar laat ek vir jou vertel: as jy gister dorp-toe gekom het in plaas van vandag, sou jy dadelik bemerk dat daar *iets gaande* was. Die kleinspan was *opgewonde*, want was dit nie oom Kosie se verjaarsdag nie, en het hy nie al die kinders *uitgenooi* om in die namiddag by hom te gaan kuier nie? Hy doen dit elke jaar, en jy kan my glo dat die *volkies* opgewonde was, want dié wat al vantevore daar besoek afgelê het weet dat dit nie 'n gewone kuiertjie afgee nie—nee, *daarvoor* sal oom Kotie wel sorg. Hy weet goed waarmee hy die harte van die *klein woelwatertjies* moet vang: aan soetkoekies, melktert, roomys en gelei *ontbreek* dit nie; en die kleingoed se mondjies water al met die inkomslag, want dié eetkamertjie waar al die *lekkernye ten toon gesprei* word lê regs van die *gangetjie*, en die deur staan gewoonlik by sulke geleenthede *op 'n skrefie* oop."

„Dus was jy ook gister by die partytjie van oom Koos?"

„Ja, hy kry van tyd tot tyd 'n *gier*, en nooi dan een of twee grootmense om aan die *verrigtings* deel te neem. Gister het ek die eer gehad, en daarom is die *gebeurtenis* nog so vars in my *geheue*."

„Vertel my daarvan, Piet."

„*Dis darem* wonderlik hoe *verkeerdelik* 'n mens 'n ander kan *beoordeel* as jy nog nie die kans gehad het om nader kennis met hom te maak nie. Vir my was oom Koos *tot* gister *onverstaanbaar*; ek het *voorheen* nie meer as tien woorde met hom *gewissel* nie. Waarom hy juis vir my gevra het om te gaan kyk hoe hy sy vriendjies en vriendinnetjies *onthaal* weet ek nou nog nie. Ek het hom altyd beskou as 'n *enigsins betreurenswaardige* ou mannetjie wat 'n *eensame bestaan voer* in daardie huisie van hom. Gister het ek egter 'n insig in sy *lewensopvatting* verkry: terwyl hy daar so saam met sy maatjies *baljaar* het ek 'n kans

rubies.
rather; distinction.
turn (lot); just.
something going on.
excited.
invited.
kiddies.
as to that.
restless little mites.
lack.
delicacies; exhibited.
little passage.
ajar.
caprice.
functions.
event.
memory.
Isn't it; wrongly.
judge.
up to; incomprehensible.
previously.
exchanged.
entertain.
somewhat; pitiable.
lonely; lead an existence.
view of life
frolic

gekry om in sy hart in te kyk; en dit was gevul met suiwere liefde vir die jong bloedjies om hom heen. Hy het heeltemal anders gelyk as wanneer 'n mens hom op straat teëkom. Dan groet hy *weliswaar* altyd vriendelik, maar dis of hy *origens afgetrokke* is—en gister! Hy was *jou waarlik waar* een van hulle. Al die speletjies het hy *op tou gesit*, en niemand was *luidrugtiger* as hy nie.

En die kleinspan! Jy kon hulle wie-weet-waar hoor, want nadat hulle *na hartelus* van die soetgoed *gesmul* het, was hulle gereed om enige speletjie *aan te pak*. Dit was komieklik om te sien hoe selfs klein Braampie, die vyfjarige seuntjie van oom Sarel, *manhaftig* probeer het om by te bly. Hy het maar swaargekry, want die *versoeking* om 'n sesde stuk melktert te eet was te groot—en melktert en speletjies gaan nie mooi saam nie. Ek vrees menige moedertjie was vannag *bekommerd* oor haar *koorsige krosie* en het dankbaar gevoel dat oom Koos nie elke dag verjaar nie."

„Dit moes 'n hele *aardigheid* gewees het om die *opgeruimde* oubaas onder sy matertjies te sien."

„Ja—en tog het ek my *verbeel* dat daar nou en dan vir 'n oomblik 'n *weemoedige* trek om sy lippe was, maar dis *begryplik* as 'n mens dink aan die *ramp* wat hom *getref* het."

„Van watter ramp praat jy nou, Piet?" vra Jan *ewe* nuuskierig.

„O, jy weet seker nie daarvan nie. Hy het dertig jaar gelede op punt van *trou* gestaan toe sy *verloofde*—'n liewe nooientjie, ook uit hierdie distrik—op Nuwejaarsdag deur 'n pofadder gebyt is. Dit was vir hom 'n *geweldige* slag. Vóór die tyd was hy reeds *terughoudend* van *aard*, maar daarna kon 'n mens niks uit hom uitkry nie. Hy het hom *toegelê op* sy dorpsboerderytjie en origens baie daarvan gehou om die kinders van die dorp en distrik gelukkig te maak. Al die liefde wat hy aan sy eie *huisgesin* sou gegee het word nou oor hulle *uitgestort*, maar 'n mens kan verstaan dat sy kindervriendjies nie die *gemis aan* 'n ware huis en huisgesin geheel-en-al kan *vergoed* nie."

„Arme kêrel," sê Jan, „nou verstaan ek hom beter."

„Ja, dis 'n *voorreg* om met so 'n persoonlikheid in *aanraking* te kom. Hy het 'n groot *teleurstelling* deurgemaak sonder om daardeur verbitter te word—*inteendeel*, dit

to be sure.
for the rest; absent-minded.
actually.
started; noisier.
to their heart's content; feasted.
to tackle.
manfully.
temptation.
worried; feverish [offspring.
treat; jovial.
imagined.
melancholy.
understandable; calamity; [befell.
quite.
marriage.
fiancee.
tremendous.
reserved; [nature
devoted to.
family.
poured out.
want of.
compensate.
privilege.
contact;
disappointment.
on the contrary.

het sy liefde vir sy medemens helderder laat brand. As 'n mens dink aan jou eie *nietige* moeilikheidjies en teleurstellinkies, en hoe jy *alte* dikwels toelaat dat hulle jou van koers af bring, en jy kom dan 'n man soos oom Koos teë, dan is dit om jou skaam te maak. Ons kan daarop trots voel dat hy 'n burger is van ons eie klein dorpie."

insignificant.
all too.

En my vriend en ek het uitmekaar gegaan met die gevoel dat die gesprekkie vir ons *albei* goedgedoen het. Ons het die voorreg gehad om vir 'n paar oomblikkies ons oë te rig op 'n groot en *edel* persoonlikheid—en sulke oomblikkies doen altyd goed.

both.
direct; noble.

## IDIOME EN SPREEKWOORDE.

| Idioom of Spreekwoord. | Afr. Verklaring. | Eng. Idioom of Verklaring. |
|---|---|---|
| Altyd op dieselfde **aambeeld** hamer. | Altyd dieselfde ou onderwerp weer aanroer. | To harp on the same string. |
| Sy **aand-** en more-praatjies kom nie ooreen nie. | Hy sê teenstrydige dinge. | He only too frequently contradicts himself. |
| Goed (sleg) by iemand **aangeskryf** staan. | 'n Goeie (slegte) naam by iemand hê. | To be in a person's good (bad) books. |
| **Aanhou(er)** wen. | As jy aanhou sal jy slaag. | Perseverance will be rewarded. |
| Dit kom daar nie op **aan** nie. | Dit maak nie saak nie. | It does not matter. |
| Die **aapstuipe** kry. | Woedend wees. | To be furious. |
| 'n **Aartjie** na sy vaartjie. | Net soos sy pa. | Like father like son. |
| Hy praat soos 'n **advokaat**. | Hy kan baie goed praat. | He has the gift of the gab. |
| Hy is op die **afdraand**. | Hy gaan agteruit; hy word oud. | He is on the decline. |
| Met iemand **afmaak**. | Na 'n rusie weer versoen raak. | To kiss and be friends. |
| Daar skuil iets **agter**. | Daar is 'n verborge doel; dis nie alles pluis nie. | There's more in it than meets the eye. |
| Iets **agteraf** doen. | Iets in die geheim doen. | To do something on the sly. |
| Hy is gou op sy **agter-pote**. | Hy vererg hom gou. | He is easily provoked. |
| **Akkoord** gaan. | Eens wees, saamstem. | To agree, be at one. |
| Ja en **amen** sê op alles. | 'n Jabroer wees, met alles saamstem. | To assent to everything. |
| **Amper** maar nog nie stamper nie. | Byna jou doel bereik. | A miss is as good as a mile. |
| Vir 'n **appel** en 'n ei. | Spotgoedkoop. | For a mere song. |
| 'n **Appeltjie** met iemand te skil hê. | Iets hê waaroor jy iemand wil berispe. | To have a bone to pick with somebody. |
| **Arbeid** adel. | Dis edel om te werk. | Work ennobles. |
| Iemand se hand in die **as** slaan. | Iemand by 'n nooi uitsit. | To cut out a person. |
| Iemand op sy **baadjie** gee. | Iemand wen, 'n pak slae gee. | To give a licking or hiding. |
| Iets op die lang **baan** skuif. | Iets onbepaald uitstel. | To postpone indefinitely. |

| Idioom of Spreekwoord. | Afr. Verklaring. | Eng. Idioom of Verklaring. |
|---|---|---|
| Iemand van **bakboord** na stuurboord stuur. | Iemand wat b.v. navraag doen van een plek na die ander stuur sonder dat hy die gewenste inligting verkry. | To send someone from pillar to post. |
| Hy is weer op die **been**. | Hy is weer gesond. | He is well again. |
| **Besin** eer jy begin. | Dink na voordat jy 'n stap doen. | Look before you leap. |
| Hy wil **bloed** uit 'n klip tap. | Hy probeer om iets te doen wat onmoontlik is. | He attempts the impossible. |
| Hy het 'n **blok** aan sy been. | Daar is iets wat sy vooruitgang belemmer. | He is severely handicapped. |
| **Bobaas** wees. | Die beste wees. | To be top-dog. |
| 'n **Bohaai** maak. | 'n Groot lawaai maak oor niks. | To make an unnecessary fuss. |
| Hy is **bokveld-toe**. | Hy is dood. | He is gone to the happy hunting-grounds. |
| Nood **breek** wet. | In die nood doen 'n mens dinge wat jy anders nie sou gedoen het nie. | Necessity knows no law. |
| Om die lewe **bring.** | Doodmaak. | To kill. |
| Daar kom **dadels** van. | Dit sal nie gebeur nie. | It will not happen. |
| Met **dapper** en stapper. | Te voet. | On Shank's pony. |
| **Derdemannetjie** speel. | In die teenwoordigheid wees van twee verliefdes. | To be gooseberry. |
| **Dood** soos 'n mossie. | Morsdood. | As dead as a doornail. |
| **Dood** moet 'n oorsaak hê. | Dis baie maklik om ekskusies te kry. | It is easy to make excuses. |
| So **doof** soos 'n kwartel. | Stokdoof. | Stone-deaf. |
| Hy is kort van **draad.** | Hy word gou kwaad. | He is easily provoked. |
| Alle goeie dinge bestaan uit **drie**. | Die derde probeerslag bring dikwels sukses mee. | The third attempt may be successful. |
| Hy het dit uit sy **duim** gesuig. | Hy het dit self versin. | He has concocted (invented) it. |
| **Eerlikheid** duur die langste. | Op die ou end betaal dit om eerlik te wees. | Honesty is the best policy. |
| **End** goed, alles goed. | Solank soos dit maar goed eindig is dit reg. | All's well that ends well. |

| Idioom of Spreekwoord. | Afr. Verklaring. | Eng. Idioom of Verklaring. |
|---|---|---|
| Dit **gaan** jou nie aan nie. | Dit (t)raak jou nie. | It's none of your business; it does not concern you. |
| **Gedane** sake het geen keer nie. | Wat verby is kan nie verbeter word nie. | It is no use crying over spilt milk. |
| Met iemand **gekskeer**. | Iemand vir die gek hou. | To play the fool with someone. |
| **Genadebrood** eet. | Te oud wees om nog te werk of te verdien. | To eat the bread of charity. |
| **Goedkoop** is duurkoop. | Op die ou end is dit beter om liewer duur maar goed as goedkoop maar sleg te koop. | In the long run it pays to buy expensive, durable articles rather than cheap rubbish. |
| Iets aan die **hand** gee. | Iets voorstel. | To make a suggestion. |
| Die **hand** aan jou eie lewe slaan. | Selfmoord pleeg. | To commit suicide. |
| Met **hand** en tand. | So al wat jy kan. | Tooth and nail. |
| Van die **hand** in die tand leef. | Net genoeg verdien om te kan lewe. | To live from hand to mouth. |
| Hy sit met die **hand** in die hare. | Hy weet nie wat om nou aan te vang nie. | He is at his wit's end. |
| Die **hand** aan die ploeg slaan. | Dadelik met die werk begin. | To put one's shoulder to the wheel. |
| Iemand op die **hande** dra. | Baie van iemand hou. | To make much of someone. |
| Iets van die **hand** sit. | Iets verkoop. | To dispose of something. |
| Iets van die **hand** wys. | Iets nie aanneem nie. | To reject (refuse) something. |
| Op **heterdaad** betrap. | Vang terwyl hy besig is om die misdaad te pleeg. | To catch red-handed. |
| **Heuning** om die mond smeer. | Vlei. | To flatter. |
| Van **hoeka** (toeka) se dae af. | Van vanmelewe se dae af. | From time immemorial. |
| Vir iemand die **hoenders** in wees. | Baie kwaad wees vir iemand. | To be very angry (cross) with someone. |
| Baie **honde** is 'n haas se dood. | As almal help is die werk gou klaar. | Co-operation makes the work lighter. |
| Hy is op die **hoogte**. | Hy weet daar alles van af. | He is well informed. |
| **Hot** en haar. | Deurmekaar; van een plek na die ander. | In confusion; from pillar to post. |

| Idioom of Spreekwoord. | Afr. Verklaring. | Eng. Idioom of Verklaring. |
|---|---|---|
| Dit **hotagter** kry. | Dit moeilik kry. | To have a hard-time. |
| So slim soos die **houtjie** van die galg. | Baie slim (geslepe). | Very cunning. |
| Vol **jakkalsstreke**. | Geslepe. | Cunning. |
| Sy **jas** is in die wiel. | Hy is in moeilikheid. | He is in trouble. |
| 'n **Kat** in die sak koop. | 'n Slegte inkopie doen. | To buy a pig in a poke. |
| Op die **keper** beskou. | Noukeurig bekyk. | To examine carefully. |
| Van sy **kindsbeen** af. | Van jongs af. | Since childhood. |
| Jou **knieë** dra. | Weghardloop. | To skedaddle. |
| Die **kool** is die sous nie werd nie. | Dit is nie die moeite werd nie. | The game is not worth the candle. |
| Met **man** en muis. | Sonder dat iets of iemand gered word. | With all hands on board. |
| Jou **mond** verbypraat. | Te veel sê. | To put one's foot in it. |
| Tussen die lepel en die **mond** val die pap op die grond. | 'n Onderneming, wat skyn suksesvol te eindig, kan op die laaste oomblik nog misluk. | There's many a slip 'twixt the cup and the lip. |
| Die **morestond** het goud in die mond. | As jy vroeg opstaan kan jy miskien 'n geluk tref. | The early bird catches the worm. |
| Iemand te **na** kom. | Iemand beledig. | To insult someone. |
| 'n **Nuusdraer**. | 'n Verklikker. | A tell-tale. |
| Die **onderspit** delf. | Die nederlaag ly, verloor. | To suffer defeat. |
| Uit die **oog**, uit die hart. | As jy eers weg is word jy gou vergeet. | Out of sight, out of mind. |
| Hy is **poot-uit**. | Hy is baie moeg. | He is dead beat. |
| In die **rede** val. | Praat terwyl iemand anders praat. | To interrupt. |
| 'n **Riemtelegram**. | 'n Gerug. | A rumour. |
| Per **slot** van rekening. | Alles in aanmerking geneem. | After all. |
| Hy eet alles vir **soetkoek** op. | Hy glo alles wat hom vertel word. | He is most credulous. |

| Idioom of Spreekwoord. | Afr. Verklaring. | Eng. Idioom of Verklaring. |
|---|---|---|
| Laat **spaander**. | Weghardloop. | To skedaddle. |
| Die **spit** afbyt. | Die moeilikste werk doen. | To bear the brunt. |
| In die **steek** laat. | Nie meer help wanneer jou hulp miskien die nodigste is nie. | To leave in the lurch. |
| Die beste **stuurman** staan aan wal. | 'n Persoon wat nie self die werk doen nie kan maklik baie raad gee. | He knows best who is not doing the job himself. |
| Iemand op sy **tabernakel** gee. | Iemand 'n pak gee. | To give someone a hiding. |
| Die **tering** na die nering sit. | Nie meer uitgee as wat jy verdien nie. | To cut one's coat according to one's cloth. |
| **Tou** opgooi. | Moed verloor. | To lose courage. |
| Van **uitstel** kom afstel. | As jy eers uitstel doen jy dit miskien nooit. | Procrastination is the thief of time. |
| **Voet** by stuk hou. | Gedetermineerd wees, volhou. | To take a determined stand. |
| Iets op staande **voet** doen. | Iets daar en dan doen. | To do something on the spot. |
| **Voor** die voet. | Sonder om uit te soek. | Without making exceptions. |
| Die **voortou** neem. | Die leiding neem. | To take the lead. |
| Hy weet hoe die **vurk** in die hef sit. | Hy weet presies wat die posisie is. | He knows what's what (the ins and outs). |
| Van die **wal** in die sloot. | Van sleg na erger. | From the frying-pan into the fire. |
| Die mens **wik,** maar God beskik. | Ons planne word dikwels nie verwesenlik nie. | Man proposes, God disposes. |
| 'n **Windbuks**. | 'n Grootprater. | A boaster. |
| Hy het deur die **wingerd** geloop. | Hy het gedrink ; hy is dronk. | He is half-seas-over. |
| Meer lawaai as **wol**. | 'n Groot lawaai oor 'n nietigheid. | Much ado about nothing. |
| **Wildewolhaarhondgedagtes**. | Onverantwoordelike gedagtes. | Irresponsible thoughts. |

## ANGLISISMES.

| | Anglisisme. | | Suiwer Afrikaans. |
|---|---|---|---|
| 1. | Ek lyk dit nie. | 1. | Ek hou nie daarvan nie. |
| 2. | Om 'n trein te vang. | 2. | Om 'n trein te haal. |
| 3. | Om koue te vang. | 3. | Om koue te vat, *of* om 'n verkoue op te doen. |
| 4. | Stappe neem. | 4. | Stappe doen. |
| 5. | Die saal was opgelig. | 5. | Die saal was verlig. |
| 6. | Eksamenpapier. | 6. | Eksamenvraestel. |
| 7. | Die papier was styf. | 7. | Die vraestel was moeilik. |
| 8. | Wolgroeiers. | 8. | Wolkwekers. |
| 9. | Jongens Hoër Skool. | 9. | Hoër Jongenskool. |
| 10. | Hy het nie opgedraai nie. | 10. | Hy het nie opgedaag nie. |
| 11. | Sestig merke. | 11. | Sestig punte. |
| 12. | Ek sal jou 'n koppie tee staan. | 12. | Ek sal jou op 'n koppie tee trakteer. |
| 13. | Vir hierdie rede. | 13. | Om hierdie rede. |
| 14. | Meer of min. | 14. | Min of meer. |
| 15. | Ons het vir 'n wandeling gegaan. | 15. | Ons het gaan wandel. |
| 16. | Die resultate is uit. | 16. | Die resultate (uitslae) is bekend. |
| 17. | Wat is aan in die bioskoop ? | 17. | Wat word daar in die bioskoop vertoon ? |
| 18. | Wat is op met jou ? | 18. | Wat makeer jou ? |
| 19. | Hy dra brille. | 19. | Hy bril (dra 'n bril). |
| 20. | 'n Paar skêre. | 20. | 'n Skêr. |
| 21. | Harde lyne. | 21. | Ongelukkig ; jammer. |
| 22. | Hy is by ver die beste skrywer. | 22. | Hy is verreweg die beste skrywer. |
| 23. | Ek sal jou met kos voorsien. | 23. | Ek sal jou van kos voorsien. |
| 24. | Ek is in ontvangs van u brief. | 24. | Ek het u brief ontvang. |
| 25. | Hy het my so 'n kyk gegee. | 25. | Hy het my so (skerp) aangekyk. |
| 26. | Hy sal my huis-toe sien. | 26. | Hy sal my huis-toe bring (vergesel, begelei). |
| 27. | Jy moet 'n dokter sien. | 27. | Jy moet 'n dokter raadpleeg. |
| 28. | Ek wil die bestuurder sien. | 28. | Ek wil die bestuurder spreek. |
| 29. | Hy het my by die stasie afgesien. | 29. | Hy het by die stasie gaan dagsê. |
| 30. | Ek sien wat jy meen. | 30. | Ek begryp wat jy bedoel. |
| 31. | Sover ek kan sien. | 31. | Sover ek kan oordeel. |

| Anglisisme. | Suiwer Afrikaans. |
|---|---|
| 32. Wanneer kom jy ons sien ? | 32. Wanneer kom jy vir ons kuier ? |
| 33. Ek was in 1904 gebore. | 33. Ek is in 1904 gebore. |
| 34. Ek is kwaad met jou. | 34. Ek is kwaad vir jou. |
| 35. Hy was vriendelik met my. | 35. Hy was vriendelik teenoor my. |
| 36. Hy het vir my opgesteek. | 36. Hy het vir my opgekom (my verdedig). |
| 37. Ek neem part in iets. | 37. Ek neem deel aan iets. |
| 38. Dit speel 'n belangrike part in ons lewe. | 38. Dit speel 'n belangrike rol in ons lewe. |
| 39. Vir die grootste part. | 39. In die meeste gevalle ; gewoonlik ; hoofsaaklik. |
| 40. Dit is in die end die beste. | 40. Dit is op die ou-end die beste. |
| 41. Na alles. | 41. Per slot van rekening ; op die ou-end. |
| 42. Net 'n paar lyne. | 42. Net 'n paar reëls. |
| 43. Wanneer kom die konsert af ? | 43. Wanneer word die konsert gehou ? |
| 44. 'n Dokument optrek. | 44. 'n Dokument opstel. |
| 45. In vanmore se papier. | 45. In vanmôre se koerant. |
| 46. Ek kon die man nie staan nie. | 46. Ek kon die man nie verdra nie. |
| 47. Dit het my afgesit. | 47. Dit het my van stryk gebring (uit die veld geslaan, deurmekaar gemaak). |
| 48. Sit op jou jas en hoed. | 48. Trek jou jas aan en sit jou hoed op. |
| 49. Het jy 'n vuurhoutjie aan jou ? | 49. Leen my jou vuurhoutjies, asb. |
| 50. Die nuus breek. | 50. Die tyding meedeel. |
| 51. Waar kom ek in ? | 51. Waar bly ek ? (Watter voordeel het ek daaraan ?) |
| 52. Ek het nat gekry. | 52. Ek het natgereën (nat geword). |
| 53. Dit neem te veel tyd op. | 53. Dit neem te veel tyd in beslag. |
| 54. Ons sal jou vir die nag opsit. | 54. Ons sal jou vir die nag huisves. |
| 55. Ekskuus my. | 55. Verskoon my ; ekskuseer my ; ekskuus. |
| 56. Wat is die tyd ? | 56. Hoe laat is dit ? |
| 57. Die skool breek more op. | 57. Die skool sluit more. |
| 58. Jy staan 'n goeie kans. | 58. Jy het 'n goeie kans. |
| 59. Ek gaan nie vir sport in nie. | 59. Ek lê my nie toe op sport nie. |
| 60. Die verder ek gaan, die moeër ek word. | 60. Hoe verder ek gaan, hoe moeër word ek. |

## HERSIENINGSTOETSE.

### TOETS I.

1. Skryf die volgende woorde oor met die kappie of deelteken waar nodig:—

| | | |
|---|---|---|
| wereldwye | perdesterte | houtwie |
| sooloe | hoeskool | reen |
| ysteree | hoedanigheid | reent |
| houtbrue | waarseery | lydenswee |
| kinderwiee | finansieel | vlermuis |
| primere | finansiele | skere |

2. Gee die teenoorgestelde van:—

(1) Om 'n **nederlaag** te **ly**.
(2) Om jou skuld te **beken**.
(3) Om 'n versoek **toe te staan**.
(4) Om 'n aansoek **aan te neem**.
(5) 'n **Tydelike** aanstelling.
(6) Om iemand te **seën**.
(7) Die kind is **opgeruimd**.
(8) Die see is **kalm.**
(9) Hy **bemoedig** my.
(10) 'n **Halfhartige** ondersoek.

3. Vertaal in idiomaties korrekte Afrikaans:—

(*a*) What is the time? It is exactly ten o'clock.
(*b*) There are six classes, each consisting of more or less twenty students.
(*c*) The more work, the better salary.
(*d*) The results are not out yet.
(*e*) He never turned up when we expected him.
(*f*) No attempt will be made to solve the problem.

4. Verbind die volgende sinne met behulp van die voegwoorde wat tussen hakies aangegee word:—

(1) Ek sal gaan. Dit is nog baie vroeg. (alhoewel).
(2) Ek sal gaan. Dit is nog baie vroeg. (al).
(3) Hy het hard gewerk. Hy het gedruip. (dog).
(4) Hy het hard gewerk. Hy het gedruip. (tog).
(5) Die eksamen was moeilik. Ek het geslaag. (nogtans).
(6) Dit reent. Ek moet tuis bly. (dus).
(7) Ek kan gaan. Ek voel siek. (tensy).
(8) Ek sal gaan. Die reën hou op. (sodra).
(9) Jy ken jou werk nie. Jy moet by die huis bly. (aangesien).
(10) Ek het daar gekom. Hy was besig om te ploeg. (toe).

5. Skryf die volgende sinne oor in negatiewe vorm (b.v. Jan rook—Jan rook nie):—

(1) Hy sê dat hy sal kom want hy wil die Prins sien.
(2) Hy werk.

(3) Werk.
(4) Daar is êrens 'n fout in die som.
(5) As jy hard werk kan jy more gaan.
(6) Ek het gedink hy sou kom.
(7) Weet jy dat tweemaal twee vier is ?
(8) Iemand het die deur oopgemaak toe ek geklop het.
(9) As jy klop sal iemand die deur oopmaak.
(10) Het jy al ooit 'n groter gek gesien ?

6. Gee (*a*) die betekenis ; (*b*) die teenw. deelw. ; en (*c*) die verl. deelw. van die volgende ww. :—

| | | | |
|---|---|---|---|
| hang | sing | doen | loop |
| bestaan | imponeer | slaan | herinner |
| leen | bak | verstaan | hou |
| is | het | teleurstel | |

7 Vul in die regte vorm van die bnw. tussen hakies, en vertaal :

| | |
|---|---|
| 'n (nuut) boek. | 'n (lui) vabond. |
| 'n (glad) vloer. | 'n (wreed) kaffer. |
| 'n (lui) kind. | 'n (bang) soldaat. |
| 'n (breed) plank. | 'n (onbeskof) vent. |
| 'n (interessant) verhaal. | 'n (stout) rakker. |
| 'n (jonk) beginner. | 'n (woes) nasie. |

8. Gee die betekenis en die meervoud van :—

| | | | |
|---|---|---|---|
| vlag | bedrag | bedrog | lied |
| hemp | rebel | gelid | leeu |
| beleg | klip | seën | sog |
| eeu | genot | blad | |
| gebod | lepel | weg | |
| skip | gelid | gebed | |

9. Gebruik in sinne sodat die onderskeid duidelik blyk :—

twee uur
twee-uur

feit
fyt

teenwoordig
teenswoordig

versoek
besoek
aansoek

beroemd
berug

10. Gee die betekenis en die trappe van vergelyking van :—

| | | | |
|---|---|---|---|
| hoog | beroemd | wonderlik | gek |
| skatryk | vas | muf | vroeg |
| baar | bleek | | |

## TOETS 2.

1. Vul in die regte woord en vertaal :—

   (1) Om moord te —.
   (2) Al sy ideale is — (realised).
   (3) Om iemand se belange te —.
   (4) Die regter het die vonnis —.
   (5) Ons het ondersoek —.
   (6) 'n Belydenis word —.
   (7) Doeanebelasting word —.
   (8) Om navraag te —.
   (9) Ek het aansoek — om die betrekking.
   (10) Dit spyt ons dat ons u versoek moet —.

2. Voltooi die volgende sinne :—

   (1) Ek sal gaan, want ....................
   (2) Ek sal gaan, omdat ....................
   (3) Ek sal gaan, terwyl ....................
   (4) Ek sal gaan, mits ....................
   (5) Ek sal gaan, tensy ....................
   (6) Ek sal gaan, maar ....................
   (7) Ek sal gaan, alhoewel ....................
   (8) Ek sal gaan, al ....................
   (9) Ek sal gaan, as ....................
   (10) Ek sal gaan, voordat ....................

3. Vul 'n gepaste voornaamwoord in, en vertaal :—

   (1) Dit spyt — om — te berig dat ons voorraad totaal uitverkoop is.
   (2) Verwonder u—oor al die skoonheid ?
   (3) Dit kan — nou absoluut nie skeel of jy — vergis het of nie.
   (4) By geleentheid van sy Wellingtonse toespraak het die Minister — lelik verspreek.
   (5) As die studente — goed voorberei sal hulle — nie hoef te skaam oor die uitslag nie.

4. Gebruik die regte vorm van die woorde tussen hakies en vertaal :—

   Op (maatskaplik) gebied ; 'n (vernederend) versoek ; 'n (diep) sloot ; 'n (hewig) gekerm ; (rein) water ; 'n (moeilik) onderneming ; 'n (vriendelik) woord ; 'n (heerlik) vooruitsig ; 'n (dood) koei ; 'n (laag) karakter.

5. Vorm deur middel van agtervoegsels één byvoeglike naamwoord van die volg. woorde, en gebruik die bnw. dan in 'n gepaste sin :—

   Buig, kind, mag, betaal, gerief, gees, twyfel, vertrou, sarkasme, nasie.
   (b.v. wind—winderig : Gister was 'n baie winderige dag.)

6. Gebruik die volgende woorde in goeie volsinne :—

Betrap, verlig, beskrywing, houding, verreweg, uitbrei, oorspronklike, pronk, toevoeging, begeerte.

7. Vul in die ontbrekende voorsetsels en vertaal :—

(1) — graagte deel ons u mee dat ons die goedere, wat u vanoggend — tienuur bestel het, — goederetrein versend het.
(2) Met verwysing — u skrywe van 10 deser, spyt dit ons dat ons u nie kan voorsien — kruideniersware nie.
(3) Ek het dit — ongeluk gedoen, nie — opset nie.
(4) Die stig van 'n plaaslike tak — die S.A.O.U. was — bespreking, en nou hang alles — van die lede self.
(5) Ons maak staat — die tesourier en bekommer ons glad nie — finansiële sake nie.

8. Elkeen van die volgende woorde het twee meervoude. Gebruik elkeen in 'n kort sinnetjie om die verskil in betekenis aan te toon :—

las, goed, saal, maat, drif.

9. Gee die **teenoorgestelde** van (b.v. ooit—nooit) :—

| | | | |
|---|---|---|---|
| Immer | hier | noord | hierheen |
| vorentoe | menigmaal | vroeg | vanmelewe |
| boontoe | oos | voor | waarskynlik |

10. Skryf voluit en gee die ooreenkomstige Engelse afkorting :—

L.V. ; L.P.R. ; p.a. ; p/a ; snw. ; d.w.s. ; a.s. ; des. ; Des. ; D.O.A.

## TOETS 3.

1. Skryf waar nodig aanmekaar (met of sonder 'n koppelteken) :—

Die voor en na dele ; drie honderd drie en dertig duisend vier honderd vier en veertig ; Adjudant Generaal ; Suid Wes Afrika se naturelle stamme ; die Malmesbury se afdelings raad ; sewe agstes van vier en sestig is ses en vyftig ; mee eet ; kaffer water lemoen ten toon stelling ; Jan van Riebeeck paneel in Suid Afrika Huis ; Tafel Baai dokke ; Lang mark straat ; die Kaapse Tegniese Kollege se goeie debats vereniging.

2. **Vertaal :—**

(1) I shall regard it as a favour if I could be transferred to a branch business in a drier climate.
(2) Enclosed you will find a copy of our latest price-list, to which we can refer you for all particulars in regard to fashions, prices, terms, etc.

(3) He would not guarantee the goods, consequently I did not buy.
(4) Enclosed please find cheque to the amount of £16 in settlement of my account.
(5) Did he give you a receipt when you paid your account ?

3. (*a*) Skryf die volgende sinne oor maar begin in elk geval met die vet-gedrukte woord(e) :—

(1) Die mense werk hard **in die tuin**.
(2) Hy het **vroeg** die volgende more gekom.
(3) Jy mag nie raas **terwyl** ek slaap nie.
(4) Ek was in die Kaap **toe** jy met vakansie was.
(5) Ek sal nie kom **as** dit reent nie.

(*b*) Skryf die volgende sinne oor, maar begin met die woorde tussen hakies :—

(1) Hy het gister met die trein gekom. (Hy sê dat.....)
(2) Hy is skuldig aan diefstal. (Ons glo nie .....)
(3) More sal ek vroeg op kantoor moet wees. (Ek sê dat .....)
(4) Hy mag nooit in sy eie huis rook nie. (Hy het my nie vertel dat .....)
(5) Gert het gistermiddag voetbal gespeel. (Dis Gert wat .....)

4. Vul in die regte vorm van die verl. deelw. tussen hakies :—

(1) Piet het hom eers baie daaroor (bekommer), maar nou lewe hy (onbekommer) voort.
(2) (Verwonder) jy jou oor al die skoonheid ?
(3) Ek was baie (verwonder) om dit te hoor.
(4) Daardie man is baie (beroem).
(5) Hy het hom (beroem) op sy verlede.
(6) Piet is altyd ewe sedig en (bedaar).
(7) Die reën het nou 'n bietjie (bedaar).
(8) Jan het nie sy les (geleer) nie.
(9) Professor S. is baie (geleer).

5. Vul in die regte vorm van die verlede deelw. van die ww. tussen hakies, en vertaal :—

'n (buig) tak ; 'n (verag) persoon ; 'n (sak) kandidaat ; (stoof) patats ; (braai) vleis ; (verlaat) huise ; 'n (lap) broek ; (skeur) klere ; (radbraak) Afrikaans ; (kap) hout ; (steel) vrugte ; 'n (strand) skip ; (sif) meel.

6. Vul in die ontbrekende voorsetsel en vertaal :—

(1) Ek is kwaad — Jan, jaloers — Piet en getrou — Gert.
(2) Dit behoort — my.
(3) Jy kan reken — hom.
(4) Van der Stel het baie — stand gebring.

(5) Ons moet die goeie instellings van ons voorvaders — stand hou.
(6) Baie jare — arbeid — die rug hê.
(7) Jan speel — sy tol — die straat.
(8) Ek verkies melk — water.
(9) Vertrou — God.
(10) Vertel my iets — jou reis.

7. Gebruik één bnw. i.p.v. die woorde tussen hakies en vertaal; b.v. 'n (wat nie moeilik is nie) som :—

'n maklike som—an easy sum :—

(1) 'n (Wat 'n mens nie kan sien nie) vyand.
(2) (Wat oor die see kom) modes.
(3) 'n (Wat 'n mens nie kan verstaan nie) taal.
(4) 'n (Wat 'n mens nie kan beskryf nie) verwarring.
(5) 'n (Wat nie beskryf is nie) wet.
(6) (Wat nog nie betaal is nie) skuld.
(7) 'n (Wat getrek is) tand.
(8) 'n (Wat toegetrek is) lug.
(9) 'n (Wat geskep is) mens.
(10) (Wat geskep is) water.

8. Gebruik in sinne sodat die verskil in betekenis duidelik blyk :—

óordryf, oordryf; óorweeg, oorweég; vóorkom, voorkóm; vóorsê, voorsê (aksent op sê); ónderdruk, onderdrúk.

9. Vul gepaste snw. aan :—

'n onsimpatieke —, 'n smaakvolle —, 'n smaaklike —, 'n noodlottige —, 'n leersame —, 'n leergierige —, 'n geesdriftige —, 'n wispelturige —.

10. Gee die **meervoud** van :—

Fransman, staatsman, Boesman, Engelsman, werksman, buurman, gebed, gebod, aanbod, verbod.

## TOETS 4.

1. Vul in die regte ww. en vertaal :—

(1) Die probleem is nog nie — nie.
(2) Hulle het ondersoek —.
(3) Om 'n oorwinning te — is beter as om 'n nederlaag te —.
(4) Ek het die goedere by die handelaar —.
(5) Met graagte deel ons u mee dat u aansoek — is.
(6) Ek kon die aanbod nie — nie.
(7) Dit spyt ons dat ons u versoek moes —.
(8) Hy het 'n poging — om uit te vind deur wie die moord — is.

2. Voltooi die volgende sinne :—

(1) Toe ek tuis kom ........................

(2) Ek sal my bes doen, mits ..................

(3) Al het hy hard gewerk, tog ...............

(4) Die Kaffer het nie weggeloop omdat.........

(5) Hoe verder hy loop .....................

3. Vul in die ontbrekende voornaamwoorde :—

(1) Daardie twee vriende groet ........

(2) Hier is die vrou ........ ons gepraat het.

(3) Die generaal ........ onlangs aangestel is het ........ deerlik misgis.

(4) Die berg ........ ons gestaan het was hoog.

(5) 'n Mens hoef ........ nie te skaam as ........ nie altyd weet hoe om te werk te gaan nie.

4. Gee die betekenis en die trappe van vergelyking van :—

| | | |
|---|---|---|
| moeg | teer | gebroke |
| droog | suf | vroeg |
| woes | asvaal | fluks |
| doof | sag | wreed |
| oud | breed | jonk |
| hoog | vlug | sensasiewekkend |
| vaag | nuut | |

5. Voltooi die volgende sinne met 'n selfst. naamwoord wat van die ww. afgelei is :—

(b.v. Iemand wat studeer is 'n student.)

(1) Iemand wat lieg is 'n —.

(2) Iemand wat fabriseer is 'n —.

(3) Iemand wat bedrieg is 'n —.

(4) Iemand wat moor is 'n —.

(5) Iemand wat dirigeer is 'n —.

(6) Iemand wat beoordeel is 'n —.

(7) Iemand wat kritiseer is 'n —.

(8) Iemand wat in Indië woon is 'n —.

(9) Iemand wat in Italië woon, is 'n —.

(10) Iemand wat aan politiek deelneem, is 'n —.

6. Skryf voluit in woorde :—

$\frac{5}{9}$ ; $8,888,777\frac{4}{14}$ ; $44\frac{13}{100}$.

7. Gebruik in sinne sodat die onderskeid duidelik uitkom :—

Gier, guur ; blyk, bleik, bleek ; wie, wîe, weë, wieë.

8. Vul in : **te, om te** of niks :—

(1) Ek het gekom — bly.
(2) Jy behoort jou — skaam.
(3) Hy kan dit nie — doen nie.
(4) Dit begint al — reent.
(5) Hy besluit — bly.
(6) — werk is goed.
(7) Hy moet dit — doen.
(8) Hy skyn alles — weet.
(9) Hy is — goed — bly.
(10) Ek eet — lewe.

9. Sê wat onmoontlik is in die volg. sinne en waarom :—

(*a*) Die man kom te perd oor die bultjie aangestap.
(*b*) Middernag was die son op sy warmste.
(*c*) Hy het 'n skaap en twee bokke in sy sak.
(*d*) Hoe verder hy van my weg is, hoe groter word hy vir my.
(*e*) Vertel my wat jy more gedoen het.

10. (*a*) Gee die **meervoud** van :—

wig, weg, wieg, ploeg, eg, reg, sog, voog, bog, oog.

(*b*) Gee die **vroulik** van :—

voog, prins, reun, swaer, eggenoot, burgemeester, beer (2), skrywer, inspekteur.

## TOETS 5.

1. Vul in die nodige lees- of skryftekens en verdeel in paragrawe :—

ja jan ek kan jou verseker dat ek vir piet net goed ingeklim het se abdol met blykbare tevredenheid ryperd se jan ja nee vervat abdol terwyl sy oe blink hy moenie dink hy kan maak net wat hy wil nie en wat het piet se pa te se gehad vra jan die ou dink mos sy seun is volmaak volmaak is hy ja antwoord abdol volmaak sleg.

2. **Verklaar :—**

k.b.a. ; k.m.b. ; k.a.v. ; M.A. ; j.l. ; i.s. ; v/h ; n.m. ; nl. ; h/v.

3. **Voltooi** die volg. sinne :—

(*a*) Toe Jan tuis kom, ..................
(*b*) Ek sal my bes doen mits ............
(*c*) .................... maar hy wou nie.
(*d*) Al het hy hard gewerk, tog ..........
(*e*) Die Kaffer het weggeloop omdat ......

4. Vul in die regte vorm van die verl. deelw. tussen hakies en vertaal :—

'n (bederf) seun ; 'n (onbestry) mosie ; (geneem) besluite ; (gesweer) vriende ; 'n (geval) vrou ; (beskryf) wette ; (verslyt) klere ; (gesing) liedere ; 'n (geslyp) dief ; 'n (geslyp) mes

5. Gee die **teenoorgestelde** van die volgende woorde :—

| | | |
|---|---|---|
| brandmaer | bloedjonk | vooruitgang |
| te perd | dapper | pikswart |
| morsdood | vriendelik | |
| goedkoop | armoede | |

6. **Skryf voluit :—**

632 ; 9,577 ; 8,440,344 ; $\frac{7}{8}$ ; $33\frac{2}{100}$.

7. Wat is die onderskeid tussen :—

suur lemoen en suurlemoen ; groot vader en grootvader ; twaalf uur en twaalfuur ; klein kinderskool en kleinkinderskool ; skoon seun en skoonseun ; bere en bêre ?

8. Beantwoord die volgende vrae ontkennend (b.v. Het Jan gekom ? Nee, Jan het nie gekom nie) :—

(1) Het Jan gister iets opgemerk ?
(2) Het jy al ooit 'n seereis onderneem ?
(3) Het jy 'n bietjie geld ?
(4) Kon jy sy boek êrens vind ?
(5) Weet jy waar Jan gister was ?

9. Gee **sinonieme** (b.v. botanie—plantkunde) :—

Distansie, satisfaksie, impressie, filosoof, objeksies, filologie, pos, sillabe, resultaat, konklusie, presenteer, probleem, poëties, area.

10 (*a*) Gee die **meervoud** van :—

piano, orrelis, betoog, oorlog, hotel, vlag, vlaag, knie,

(*b*) Gee die **vroulik** van :—

spreker, monnik, tesourier, sekretaris, speler, akteur, reun, voorsitter.

## TOETS 6.

1. Voltooi die volgende sinne met 'n verlede deelwoord wat pas en vertaal :—

| | |
|---|---|
| (1) 'n Plan word — | (6) 'n Poging is — |
| (2) Moord word — | (7) Ondersoek is — |
| (3) Hy het aansoek — | (8) Ons het stappe — |
| (4) 'n Versoek word — | (9) Hy het 'n eed — |
| (5) Hy het my 'n besoek — | (10) 'n Voorstel word — |

2. Voltooi die volgende sinne :—

(1) Hy het gesê hy sou kom mits ......
(2) Hoe meer jy eet ......

(3) Ek sal nie gaan nie, omdat ......
(4) Ek sal nie gaan nie, want ......
(5) Ek sal nie gaan nie, of ......
(6) Ek sal nie gaan nie, ofskoon ......
(7) Eers het hy geraas, daarna ......
(8) Hoewel ons op hom gewag het, ......
(9) Ek was siek, nogtans ......
(10) Maak gou, eerdat ......
(11) Hy het nie gesê ......
(12) Toe ek daar kom ......

3. Vul in die regte voornaamword :—

(*a*) Wat kan — my skeel of jy in — eksamen slaag of nie ?
(*b*) Kinders, — betaam — nie om — heeldag te soen nie.
(*c*) 'n Mens moet gereeld oefening neem as — — gesondheid wil behou.
(*d*) Die student moet — goed voorberei vir — eksamen as — bekommerd voel oor — toekoms.
(*e*) U vergis —, Meneer, dis nie — boek nie, dis — (mine).
(*f*) Sal jy — dan nie oor — (her) toestand ontferm nie ?
(*g*) — spyt my om te verneem dat — — nie geluk het om in jou eksamen te slaag nie.
(*h*) Meneer, is dié hoed — ?
(*i*) Mag ek — verstout om u te vra of — — nog herinner hoe — die man was — ons altyd vertrou het ?
(*j*) Jy vergis — as — dink die berg — ons staan is Tafelberg.

4. Skrywe die regte vorm van die verlede deelwoord van die ww. tussen hakies en vertaal ;—

'n (buig) tak.
met (buig) hoof.
'n (slyp) kalant.
'n (slyp) mes.
'n (verslaan) leër.
(breek) Afrikaans.
'n (breek) been.
'n (waarborg) artikel.
(skep) water.
'n (afslaan) voorstel.
'n (ly) onreg.
'n (skep) mens.
(beloon) eerlikheid.
'n (bedrieg) persoon.
'n (voltooi) taak.

5. Vul in die ontbrekende voorsetsels, en vertaal :—

(*a*) — betrekking — u brief — 5 j.l.
(*b*) — verwysing — u brief.
(*c*) — antwoord — u brief.
(*d*) — aanleiding — u advertensie.
(*e*) — andere woorde.
(*f*) — andere.
(*g*) — referte — u brief.
(*h*) — verband — u brief.
(*i*) — behoewe — die armes.
(*j*) — slotte.
(*k*) — inleiding.
(*l*) — gunste — die voorstel.
(*m*) — opsigte —.
(*n*) — insage.
(*o*) — nagedagtenis — my vader.

6. Vorm, deur middel van voor- en agtervoegsels, twee afgeleide woorde van elkeen van die volgende, en gee die betekenisse van die woorde wat u so gevorm het :—

   Werk, Transvaal, mens, dra, berg, buig, oud, wreek, nasionaal, wens.

7. Gebruik in sinne sodat die onderskeid in betekenis duidelik blyk :—

| | | |
|---|---|---|
| erken | aanvaar | bewusteloos |
| herken | gevaar | onbewus |
| | | |
| ontken | lyding | uitgawe |
| verken | leiding | opgawe |
| | | |
| bedrag | aanbod | bestel |
| bedrog | verbod | aanstel |
| | gebod | veronderstel |

8. 'n Ander manier om te sê : **Ek kry swaar**, is : **Ek trek noustrop**. Skryf nou idiome en uitdrukkings neer waarin die inhoud van die volgende weergegee word :—

   (1) Sy is 'n oujongnooi.
   (2) Hy is baie geslepe.
   (3) Iemand kul.
   (4) Jan is baie dom.
   (5) Dit gaan swaar.
   (6) Hy het my gevlei.
   (7) Jy moet dadelik begin.
   (8) Van die begin af.

9. Voltooi met 'n snw. wat pas (b.v. 'n klomp **mense**) :—

   'n treksel —, 'n broeisel —, 'n kooksel —, 'n baksel —, 'n swerm —, 'n bondel —, 'n versameling —, 'n vergadering van —, 'n trop —, 'n paar —.

10 (*a*) Gee die **verkleinwoord** van :—hoed, stokroos, besembos, besem, droom, drom, mandjie, woning, verloofring, nuusblad.

   (*b*) Gee die **meervoud** van :—giraf, graf, hof, hoof, meelsif, sprinkaangif, doeanereg, dag, nag, fee.

## TOETS 7.

1. **Vertaal in Afrikaans :—**

   (*a*) With a view to.
   (*b*) By goods train.
   (*c*) On foot.
   (*d*) In stock.
   (*e*) On appro.
   (*f*) To grant a personal interview.
   (*g*) In the course of time.
   (*h*) The money has not yet been collected.
   (*i*) Current prices.
   (*j*) Current account.
   (*k*) As per invoice.
   (*l*) As a result of.
   (*m*) Your immediate attention
   (*n*) To furnish with full particulars.
   (*o*) Attached hereto please find cheque to the amount of £60.

2. Skryf die volgende stukkie oor en vul die nodige leestekens en hoofletters aan :—

Pa pa roep jannie 'n seuntjie van vyf jaar skielik uit kyk daar loop 'n tamaai groot bobbejaan uit die mielielande rivier se kant toe sal ek die geweer gaan haal sodat pa hom kan skiet voor hy op oom hans se grond is nee my kind hy is nou al te ver vir die haelgeweer en ons het nie meer koeels in die huis nie antwoord sy vader terwyl hy sy lee koppie op die tafel wat langs hom staan sit.

3. Vul in die korrekte vorm van die ww. en vertaal :—

(1) Ek (gelukwens) jou met die aanstelling.
(2) Gert (misskiet) die voël.
(3) (Antwoord) my vraag, asseblief.
(4) Jan (liefhê) sy ouers.
(5) Die son (opkom) soggens en (ondergaan) saans.
(6) Ek het sy kop (ónderhou).

4. Gee die teenoorgestelde van :—

'n **Letterlike** vertaling ; 'n **lewendige** seun ; 'n aansoek word **aangeneem** ; **vars** melk ; **vars** blomme ; **vooruitgang** ; die **winste** van die besigheid ; die **letterlike** betekenis ; 'n **betroubare** seun ; die **uitgawes** het **vermeerder** ; hy het dit **bevestig** ; die trein **vertrek** ; 'n **beroemde** man ; 'n **moontlike** oplossing.

5. Skrywe één bnw. i.p.v. die woorde tussen hakies, b.v.

'n (Wat nie maklik is nie) som— 'n **moeilike** som :— .

(1) (Wat bederf is) kinders.
(2) 'n (Wat die dood as gevolg het) wond.
(3) 'n (Wat ek baie geniet het) vakansie.
(4) 'n (Wat jou verveel) boek.
(5) (Wat die doel tref) maatreëls.
(6) 'n (Wat nie gehou is nie) vergadering.
(7) 'n (Wat ander mense baie maklik kan kry) siekte.
(8) 'n (Wat elke dag verskyn) koerant.
(9) My (wat ek elke maand kry) salaris.
(10) (Wat verberg is) skatte.

6. Gebruik in goeie volsinne, sodat die betekenis duidelik uitkom:—

Betreffende, namens, ondanks, tydens, volgens, volledig besonderhede, verwant, oorspronklike, in rep en roer.

7. Gebruik in sinne :—

**in** (1) as voors., (2) as ww., (3) as byw.
**as** (1) as voegw., (2) as snw. in twee betekenisse.
**lig** (1) as ww., (2) as snw., (3) as bnw. in twee betekenisse.

8. **Voltooi :—**

(1) Alhoewel die man nie betyds gekom het nie, ....
(2) Jan het die hele jaar hard gewerk ; dus ....
(3) Ek voel jammer vir jou ; nogtans ....
(4) Ek sal die werk doen mits ....
(5) Jy kan nie slaag nie tensy ....

9. Toon duidelik aan wat die onderskeid is tussen die volgende sinne :—

(*a*) Hy het nie gister met die trein gekom nie.
(*b*) Hy het gister nie met die trein gekom nie.
(*c*) Hy het gister met die trein nie gekom nie.
(*d*) Nie hy het gister met die trein gekom nie.

10. In plaas van : **'n klomp skepe**, sê ons : **'n vloot**. Gee nou die versamelnaam vir die volgende :—

'n klomp voëls, 'n klomp visse, 'n klomp soldate, 'n klomp skape, 'n klomp mense, 'n klomp ingerygde krale, 'n klomp osse (voor 'n wa), 'n klomp eiers (waarop 'n hen sit en broei).

## TOETS 8.

1. Voltooi die volgende uitdrukkinge en gebruik dan elkeen in 'n sin sodat die betekenis duidelik uitkom :—

(b.v. Dis bo my — : Dis bo my vuurmaakplek.
Hoe jy dit reg kry om nooit oefening te neem nie en tog gesond te bly, is bo my vuurmaakplek.)

(*a*) Die kat in die donker —.
(*b*) Ou koeie uit die sloot —.
(*c*) Iets op prys —.
(*d*) Alles vir soetkoek —.
(*e*) Die onderspit —.
(*f*) Lepel in die dak —.
(*g*) Van die os op die —.
(*h*) Hoe later —.
(*i*) Jan het stokkies —.
(*j*) Om witvoetjie te —.

2. Vul 'n gepaste voornaamwoord in :—

(1) — staan — vry om — te vestig waar — — behaag.
(2) Daardie swaksinnige verbeel — hy is 'n mieliepit ; gevolglik haas hy — om uit die bereik van die hoenders te kom.
(3) — betaam — nie om — nie te bekommer oor ons bure nie.
(4) Hoewel — hard gereent het, het — — nie geluk om al sy bome nat te lei nie.
(5) Ek herinner — nog die dae toe 'n mens — plig getrou moes nakom.

3. Gee die betekenis en die verl. deelw. van die volgende samegestelde w.w. :—

vóorspel, voorspél, glimlag, begaan, herhaal, verstaan, aanraai, oppas, óordryf, oordryf, bedra, erlang, voorsien, aanneem, opvoer, gebeur, herinner, vrystel, ònderdruk, onderdrúk.

4. Gebruik in sinne sodat die onderskeid duidelik blyk :—
   Bygelowig, liggelowig ; bevorder, invorder ; ontstaan, bestaan, verstaan ; waas, wa-as, vaas.

5. Vul in die ontbrekende voorsetsels en vertaal :—
   (1) Alles hang — die weer —.
   (2) Ek het — trein gegaan, Jan — voet.
   (3) Moet jou nie — my bekommer nie.
   (4) Die hele stad was — rep en roer en alles was — die war.
   (5) — drie — was almal teenwoordig.
   (6) Die saak wat gister — bespreking was, is nou weer ope — bespreking.
   (7) Die hond is so geheg — sy baas dat hy — hom verlang.
   (8) Dis — jou te danke dat ons nie almal — die lewe gekom het nie.
   (9) Ons het die vakansie — volle geniet.
   (10) Wat hy gesê het sal ek — harte neem want ek vertrou — hom.

6. Iemand wat baie vet is, is 'n vetsak.
   Iemand wat baie bang is, is 'n —.
   Iemand wat baie waag, is 'n —.
   Iemand wat baie lieg, is 'n —.
   Iemand wat baie eet, is 'n —.
   Iemand wat baie drink, is 'n —.

7. Skryf die volgende sinne oor maar begin met die woorde tussen hakies :—

(*a*) Die man, wat gister deur die polisie gevang is, het verlede week diefstal gepleeg. (Jan vertel dat ....).
(*b*) Sal ek jou nie weer sien voor die posboot vertrek nie ? (Die matroos het gevra ....).
(*c*) Moenie daardie perd losmaak voor sy baas terugkom nie. (Die kaptein beveel my ....)
(*d*) Ons sal nie te laat kom nie. (Die man verseker hulle dat ....)

8. Verbeter die volgende sinne :—
   (1) Wat is die tyd ?
   (2) Jy sal koue vang as jy nie pasop nie.
   (3) Ek het probeer om die trein te vang.
   (4) Hy het die bal, wat ek het vir hom gegooi, nie gevang.
   (5) Die polisie het die dief rooihandig gevang.

9. Vorm samegestelde woorde (b.v. ink + pot — inkpot) :—
   laag + water, laag + veld, hoog + oond, hoog + veld, rib + been, volk + lied, volk + bond, kalf + vleis, kalf + hok, mee + eet, onafhanklikheid + oorlog, pen + punt, pen + vrug, eeue + oue, jakkals + streke.

10. Verduidelik wat die verskil is tussen :—

(*a*) Hy is op skool **en** Hy is op die skool.
(*b*) Hy is getrou aan haar **en** Hy is getroud met haar.
(*c*) Dis tabakrook **en** Dis rooktabak.
(*d*) 'n Halfvrot peer **en** 'n Halwe, vrot peer.
(*e*) Hy is beenaf **en** Sy been is af.

## TOETS 9.

1. Verklaar die volgende uitdrukkings :—

(*a*) Die man se Moses is dood.
(*b*) 'n Nuwe besem vee skoon.
(*c*) My buurman leef op alte groot voet.
(*d*) Daar sal geen haan na kraai nie.
(*e*) Hy sal maar die kat uit die boom kyk.

2. (*a*) Vorm samegestelde ww. van die volg. enkelvoudige ww. ;
(*b*) Gee die betekenis van die samegest. ww. ; en
(*c*) Die verl. deelw. van die samegest. ww. :—
**bring, kom, gaan, staan, sien, lei, neem, dryf, weeg, haal.**

3. Gee die trappe van vergelyking van :—

Baie, weinig, lank, vas, naby, goed, beroemd, sleg (byw.) graag, dikwels, baar, dood, onjuis, berug, agter.

4. Vul in die ontbrekende voorsetsels :—

(*a*) Hoewel hy veel — stand gebring het, het sy nakomelinge dit nie alles — stand gehou nie.
(*b*) Vertaal — Engels — Afrikaans.
(*c*) — slotte net 'n paar woordjies.
(*d*) Ons is almal geneig — sonde en nie bestand — versoekings nie.
(*e*) Die man is — die regter — dood veroordeel.
(*f*) Ek sal jou nie langer — kos en klere voorsien nie, want ek moet darem — my eie behoeftes ook voorsien.
(*g*) Hy het hom aangespoor — groter dade.

5. **Gebruik in goeie volsinne :—**

Ter vereffening ; in stand hou ; in die wiele ry ; op swart en wit ; voorwaar ; uit die aard van die saak ; wat betref ; dit het broekskeur gegaan ; die verbasende ontwikkeling ; beenaf wees op iemand.

6. **Voltooi** en gebruik dan in goeie volsinne :—

Iemand b- en b- slaan, hy b- en b- soos hy wil, pimpel en —, nòg v- nòg v-, dis k- met K-, sonder om te b- of te b-, nie b- of b- sê nie, met huid en —.

7. **Voltooi** die volg. sinne :—

(*a*) Al het ek eers so gesê, tog ....
(*b*) Hy sal vooruitgaan want ....
(*c*) As gevolg van sy verlies ....
(*d*) Hoe verder hy loop, ....
(*e*) Tensy ek siek is, kan ....
(*f*) .... dat ek net eenmaal jonk is nie.

8. Skryf oor, bring aan die nodige lees- en skryftekens en verdeel in paragrawe :—

O sy sal darem in haar pasoppens bly se hy ewe kalm eensklaps egter klink die krassende stem oor hulle rowers help help hulle berowe my jou dikke lummel wat het jy met my buit te doen moet nou nie opgewonde raak nie mevrou se koert ek mag tog seker 'n bietjie met my vriendin gesels as jy nog een woord durf se verskeur ek jou hele net vir jou waarom is jy dan nou meteens so tjoepstil ek is 'n swaarbeproefde sug die spinnekop.

(Junior A, Junie 1931.)

9. **Maak ontkennend :—**

(1) Ek het daar iets moois gevind.
(2) Hy vra my of ek die pen wil hê.
(3) Daar is êrens 'n fout.
(4) As jy dit soek sal jy dit vind.
(5) Het jy al ooit opgemerk hoe blou ons berge is ?

10. Gebruik die volgende versamelname in goeie volsinne :—
Menigte, trop, boel, skare, reeks, paar, vloot, familie.

## TOETS 10.

1. Voltooi met 'n ww. wat pas :—

(*a*) Om 'n oorwinning te —
(*b*) Om 'n nederlaag te —
(*c*) Getuienis word —
(*d*) 'n Probleem word —
(*e*) 'n Vergadering word —
(*f*) Hy het inligting —
(*g*) Hy het my aanbod —
(*h*) 'n Voorreg word —
(*i*) Tradisies word —
(*j*) Om 'n ooreenkoms te —

2. Vorm, met behulp van voorvoegsels, **drie** samegestelde ww. van elkeen van die onderstaande enkelvoudige ww., en gee die betekenis en verlede deelwoord van die ww. wat u so gevorm het.

**Bly, hou, druk, skryf, gee.**

3. (*a*) Gee die teenoorgestelde van :—

'n **Spekvet** hond ; **sterk** koffie ; die meisie is **hoogmoedig** ; 'n **tydelike** aanstelling ; 'n **opgeruimde** man ; die saal was **propvol** ; **billike** pryse ; 'n **wyse** man ; alles was **in orde**.

(*b*) Gee die trappe van vergelyking van :—

Droog, helder, lig, graag, kwaad, baie, dof, dwaas, nuut, besete.

4. Wat is die onderskeid tussen :—

Onverstaanbaar en onverstandig ;
vergeetagtig en onvergeetlik ;
bang en bangerig ;
olielamp en lampolie ;
vars en fris ;
begin en beginsel ;
suur lemoen en suurlemoen ?

5. Vertaal in goeie Afrikaans :—

(1) Put on your hat and coat.
(2) I put you this question.
(3) Don't put the blame on me.
(4) You must put your hand to the plough.
(5) You must put it off till to-morrow.

6. Verbind met behulp van die voegwoorde tussen hakies :—

(i) Die man het hard gewerk — hy het gedruip (**dog**).
(ii) Jan vertel my — hy het dit nie gedoen nie (**dat**).
(iii) Die eksamen was moeilik — hy het geslaag (**nietemin**).
(iv) Die student kan nie kom nie — hy word genooi (**al**).

7. Vul in die ontbrekende vnw. :—

Die man — daar loop is iemand — jy nie kan reken nie ; hy kan — dalk in die steek laat. So 'n man — jy reken is soos 'n slegte stok — jy leun.

Die man — jy daar sien het my vertel dat — vrou — been gebreek het en dat — kinders nie in — eksamen geslaag het nie.

8. Gee **ses** idiomatiese uitdrukkinge vir : **Hy is dood.**

9. Vul in 'n geskikte snw. :—

(1) 'n — ontbind.
(2) In die — verbind.
(3) 'n — aflê.
(4) 'n — oplê.
(5) 'n — uitlê.
(6) — behartig.
(7) die — delf.
(8) die — behaal.
(9) — stil.
(10) — les.

10. **Skryf voluit :—**

(1) $\frac{4}{7}$ ; 22 $\frac{6}{25}$ ; $\frac{33}{100}$ ; 7,343,656ste.
(2) Tydsbepalinge : 10.35 v.m. ; 9.15 n.m. ; 7.45 v.m. ; 10 v.m. ; 6.30 n.m. ; 9 v.m.

## TOETS 11.

1. Gee die teenoorgestelde van :—

   (1) Dis 'n **algemene** verskynsel.
   (2) Hy kom **dikwels** hier by ons.
   (3) Die verhaal is **boeiend**.
   (4) Hulle het ons **hartlik** ontvang.
   (5) Hy is 'n **beroemde** skrywer.
   (6) Dit was 'n **geskrewe** ooreenkoms.
   (7) Ek het sy aanbod **aangeneem**.
   (8) Ons het u versoek **toegestaan**.
   (9) Hy is **ernstig** gewond.
   (10) Hy is 'n baie **ernstige** man.

2. Verbind die volgende sinne met behulp van die voegwoorde tussen hakies :—

   (1) Ek sal gaan. Ek is nie genooi nie (hoewel).
   (2) Ek sal gaan. Ek is nie genooi nie (al).
   (3) Jan kom. Ek sal bly wees (as).
   (4) Dit reent. Ek sal maar tuis bly (dus).
   (5) Jy gaan weg. Jy moet eers groet (voor).
   (6) Hy sê nie. Die man is al gesond (of).
   (7) Hy was kwaad. Hy het dit gehoor (toe).
   (8) Hy het nie gewerk nie. Hy het gesak (daardeur).
   (9) Ek is siek. Ek sal gaan (dog).
   (10) Ek is siek. Ek sal gaan (tog).

3. Sit die deelteken of kappie (waar nodig) op die regte letter in die volgende woorde :—

| | | |
|---|---|---|
| Oujongkerel | dae | hoer |
| ruens | oe | wereld |
| teenspoed | beinvloed | perd |
| teespoed | liefhe | koeie |
| opgetoe | sooloe | geillustreer. |
| verskalf | lae | |

4. Maak die volg. sinne negatief :—

   (*a*) Hy sal more kom want hy het belowe.
   (*b*) Maak die deur agter jou toe.
   (*c*) Hy sê hy het baie verlang.
   (*d*) As ons werk, kan ons eet.
   (*e*) Werk.
   (*f*) Iemand het oopgemaak toe ek geklop het.
   (*g*) Jy is òf siek òf moedswillig.

5. Vul in die regte vorm van die samegestelde ww. tussen hakies :—

   (1) (Afhou) jou hande van my of ek sal jou (oorgee) aan die polisie-agent.

(2) Die trein (aankom) om sesuur; jy moet nie vergeet om (uitkyk) nie.
(3) Ons het die nodige veranderings (aanbring) en toe die hele brief (oorskryf).
(4) Aan ons is (opdra) die verantwoordelikheid om die geld aan die regte persoon (afgee).
(5) (Afhaal) die prent van die muur.
(6) Aan die Kaapse Tegniese Kollege word studente (oplei) om later in die sakewêreld belangrike betrekking (inneem).
(7) Ek sal die medisyne (aanmaak); (vashou) jy die bottel sodat dit nie (afval) nie.
(8) (Afsien) van die feit dat ek toe net van 'n lang vakansie (terugkeer) het, het ek al gretig (uitsien) na die volgende een.

6. Vul in die regte voorsetsels en vertaal :—

(*a*) — betrekking — u skrywe — 6 des., spyt dit ons om u — te deel dat ons, met die oog — 'n moontlike styging — die pryse, u geen gunstiger notering — rys kan gee nie.
(*b*) — verwysing —.
(*c*) — opsigte van.

7. Gebruik in sinne sodat die verskil in betekenis duidelik blyk :—

Seldsaam, selde; kinds, kinderlik, kinderagtig; siekerig, sieklik; draagbaar, draaglik; Indiër, Indiaan; nuwigheid, nuutheid; wetlik, wettig; eerlik, eerbaar; verkieslik, verkiesbaar, verkiesing.

8. Vul in die regte vorm van die verl. deelw. van die ww. tussen hakies :—

'n (verbaas) gesig; 'n (droom) droom; 'n (styf) boordjie; 'n (ploeg) land; 'n (beroem) man; 'n (boor) gat; 'n (slyp) vent; (meng) tabak; (gis) wyn; (ag) heer; (kartel) hare; die (maai) koring.

9. Een woord vir: **'n persoon wat geld skuld**, is: **skuldenaar**. Gee nou een woord vir :—

(*a*) 'n Persoon aan wie geld geskuld word.
(*b*) Iemand wat nie kant kies nie.
(*c*) Iemand wat tennis speel.
(*d*) 'n Persoon wat eksamenvraestelle opstel.
(*e*) Die persoon wat die Koning in Suid-Afrika verteenwoordig.

10. Gee die **vroulik** van: eksaminator, lektor, onderwyser, bibliotekaris, na-aper, regent, markies, minnaar, reus, stryker.

## TOETS 12.

1. Gee samegestelde bnw. wat 'n baie hoë graad uitdruk (b.v. **wit—spierwit**) :—

   Groen, blou, rooi, vaal, geel, goed, ryp, soet, bitter, dun, dik. fyn, oop, stil, lam, skraal, vas, gek, vry, moeg.

2. Gebruik die volg. bnw. eers attributief en dan predikatief (b.v, Die mooi boek is weg. Die boek is mooi.) :—

   doof, oud, nuut, groter, opreg, lang, vermaard, juis.

3. Verbind, met behulp van voegwoorde, die volg. groepe enkelvoudige sinne tot samegestelde sinne :—

   (b.v. Jan kook kos. Dit is lekker kos. Jan kook kos wat lekker is.)

(1) Daar loop die man. Hy sal more weer kom.
(2) Dis te laat. Ek sal nie kom nie.
(3) Moenie jou suster slaan nie. 'n Mens slaan nie 'n meisiemens nie.
(4) Bring my die boek. Die boek lê op die tafel. Ek het dit nodig.

4. Vul 'n **gepaste vnw.** in :—

   Hierdie twee kinders het — baie lief want hulle soen — dikwels. 'n Mens moet — werk goed doen as — wil slaag. Dis die man — ons gepraat het. Die onderwerp — ons gepraat het was sprinkane. Met — trein gaan jy ? Die trein — ek nou sit is nie dieselfde as die een — ek gister gehaal het nie.

5. Skryf die regte vorm van die verlede deelw. tussen hakies :—

| | |
|---|---|
| 'n (gegee) belofte | (genees) wonde |
| 'n (bekrimp) uitsig | (gedoen) sake |
| (ondergaan) operasies | die (betrek) departement |
| (gely) onreg | (betrek) wild |
| die (bery) skutters | (uitgestaan) pyn |
| 'n (ontslaap) profeet | 'n (aangeneem) voorstel |
| (geskend) eer | 'n (verwerp) voorstel |
| (geskei) vriende | (verloor) kanse |
| 'n (welgeskep) kind | (gedwing) maatreëls |
| (opgeskep) kos | 'n (verhef) gedagte |

6. Vul in woorde wat pas :—

(*a*) Die speelgoed lê — en — op die vloer.
(*b*) Gedurende 'n droogte trek die boere —.
(*c*) My vader se broerskinders is my — of my —.
(*d*) Die skip het met — en muis —.
(*e*) Geld wat ek lank voor die tyd —, is —

7. **Skryf voluit :—**

L.U.K. ; S.A.S. & H. ; 5.35 v.m. ; V.D.M. ; l.n.r. ; $33\frac{7}{44} \times 86$ ; $88 - 77 = 11$.

8. **Gebruik in goeie volsinne :—**

Aan die hand gee, van die hand sit, van die hand wys, op hande, op die hande dra, handgemeen raak, hand en tand beveg, hande uitruk, ter hand, byderhand.

9. Vul in die regte woord en vertaal :—

**Meesterlik, meesteragtig.**

(1) Hy speel die viool —.
(2) 'n —, dominerende kêrel is hy.

**Sedelik, sedig.**

(1) Die predikant sorg vir ons — belange.
(2) Sy is so — soos 'n predikant.

**Tydig, tydelik.**

(1) Ek is — aangestel as lektor.
(2) Ek het die nuus — gekry : more sou dit te laat gewees het.

**Vyandig, vyandelik.**

(1) Die — leër het naby ons verbygetrek.
(2) Hy is — gesind teenoor my.

**Vertrou, ontrou, wantrou, getrou, getroud.**

(1) Jy kan hom nie — nie, want hy is baie — ; dus moet jy hom — omdat hy nie — is nie.
(2) Hy is met mej. Theron —.

**Begin, beginsel.**

(1) Piet is 'n man van —.
(2) Hy het 'n — met die werk gemaak.
(3) My seun het — rook.

**Lieflik, liefderyk.**

(1) Hiervandaan kry jy 'n — uitsig.
(2) Sy het my baie — behandel.

**Hoogte, hoogheid.**

(1) Wat is die — van die boom ?
(2) Sy Koninklike — die Prins.

10. (*a*) Gebruik die regte vorm van die byvoeglike naamwoord :—

(grof) hande, (breed) rivier, (opreg) vriend, (dood) perd, (wetenskaplik) aanleg, (suur) ondervinding.

(*b*) Gee die trappe van vergelyking van :—stil, skeel, rof, teer, skaars.

## TOETS 13.

1. Verklaar die volgende idiome in u eie woorde :—
   (1) Oë vol sand skop.
   (2) Hy eet my ore van my kop af.
   (3) Van die os op die esel.
   (4) Hy is gou op sy perdjie.
   (5) Pêrels voor swyne werp.
   (6) Hy is platsak.
   (7) Nou sal die poppe dans.
   (8) Iemand in die rede val.
   (9) Daar is 'n slang in die gras.
   (10) Stokkiesdraai.

2. Skryf oor in die lydende vorm :—
   (*a*) Aardbewings het Japan al vir etlike eeue geteister.
   (*b*) Waarom het u u werkgewer kennis gegee ?
   (*c*) Ek sal aansoek doen om die vakante betrekking.
   (*d*) Ek bedank u hartlik vir al u vriendelikheid jeens my.
   (*e*) Jan sal seker die pampoene stuur.

3. Gebruik die volg. voegwoorde in goeie volsinne :—
   al, alhoewel, eerdat, opdat, mits, bowedien, indien, ingeval.

4. Skryf die volg. stuk oor en bring aan die nodige lees- en skryftekens en verdeel in paragrawe :—

Maar die waterjuffer vra heel vriendelik my kind wat makeer jou dan laat los hom skree maja weer terwyl daar trane in haar oe kom sy naam is hans christoffel die naaldekoker glimlag en vra waarom moet ek hom dan loslaat kleintjie maja stamel hulpeloos ag hy is tog so 'n netjiese fyn kereltjie en het aan jou vir sover ek weet geen leed gedoen nie. (Junior B, Junie 1931.)

5. Skryf die volgende sinne oor :—
   (*a*) In die teenwoordige tyd, en
   (*b*) in die verlede tyd.
      (1) Ek (voorneem) my om vroeg op te staan.
      (2) Hy (opsê) sy les.
      (3) Die son (ondergaan) saans vroeg.
      (4) Hoeveel geld (saambring) jy ?
      (5) Die kind (uitval) uit die trein.

6. Gee **vyf** Afrikaanse idiome vir : **Hy is mal.**

7. Skryf die volgende sinne oor en vul 'n passende voorsetsel in :-

(*a*) Ek is verwonderd — die saak.
(*b*) Ek luister — die musiek.
(*c*) Ek kerm — die pyn.
(*d*) Ek is bekwaam — my vak.
(*e*) Ek herinner hom — sy belofte.
(*f*) Ek is jaloers — daardie kêrel.
(*g*) Ek verlang — my moeder.
(*h*) Ek is siek — verlange.
(*i*) Ek is moeg — die loop.
(*j*) Ek verkies water — melk.

8. Vorm deur middel van agtervoegsels bnw. van (b.v. **kind—kinderlik**) :—

regter, masjien, koning, erwe, patriot, optimis, stad, sarkasme, meester (2), professor, periode, intellek, Europa, parlement.

9. Vul die ontbrekende woorde in :—

Die Duitsers woon in — en praat — ; Duitse bier.
Die — woon in Italië en praat — ; — lëers.
Die — woon in — en praat Grieks ; — tabak.
Die — woon in Japan en praat — ; — artikels.
Die Afrikaners woon in — en praat — ; — vlaktes.

10. Gebruik in goeie volsinne om die onderskeid in betekenis aan te toon :—

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| bewusteloos | gebroke | tussenin | naamloos | wyer |
| onbewus | gebreekte | intussen | nameloos | weier |

## TOETS 14.

1. Vul in o.s. sinne die ontbrekende ww. aan (met die nodige voorvoegsel) en vertaal :—

**Staan.** Hy praat so onduidelik dat ek niks kan — nie. Ek het vanmore vroeg —. Alle goeie dinge — uit drie. Hoe het die brand — ? Hy wou geen pennie vir dié doel — nie.
**Ken.** Hiermee wens ek die ontvangs van u skrywe van 10 des. te —. Vroeër het ons mekaar goed —, maar hy het so verander dat ek eerlik moet — dat ek hom nie dadelik — het nie. Hy sê hy het dit nie gedoen nie, met andere woorde, hy — sy skuld. As jy skuld het, is dit 'n goeie ding om dit maar dadelik te —. Dis pynlik as jou vriende jou altyd —.
**Hou.** Jan het bo op Piet gesit en hom lank —. Sy moeder was arm, daarom het hy haar —. Ek kan nie — waar ek hom ontmoet het nie. Hy het later maar — omdat hy nie langer kon — nie.
**Gaan.** Jy het 'n fout — ; jy moes nie nou al die operasie — het nie. Wie die man is wat saam met my — het, is my nou heeltemal —. Die son het — voordat die skip — het.

2. Gebruik onderstaande idiome in sinne wat hulle betekenis verduidelik :—

(1) Hy is hoog in die takke.
(2) Twee vlieë in een klap slaan.
(3) Dis water op sy meul.
(4) Hy is soos die vyfde wiel aan 'n wa.
(5) Iemand in die wiele ry.

3. **Voltooi :—**

(*a*) As jy nie kom as ....
(*b*) Hoewel hy sê dat ....
(*c*) Jy kan niks glo ....
(*d*) Ek sal gaan as ....
(*e*) Hy leer sy les terwyl ....
(*f*) Hoe meer ek hom sien ....
(*g*) Dit was al laat ; nogtans ....
(*h*) Hy het hard gehuil ; dus ....
(*i*) Ek het hom geslaan omdat ....
(*j*) Ek het hom geroep dewyl ....

4. Gebruik in goeie volsinne sodat die onderskeid duidelik blyk :—
mee, met ; selde, seldsaam ; daarom, darem ; ander, anders, andere ; sing-sing, sing ; soet, soetjies ; netnou, nou net.

5. Gebruik die kappie en deelteken waar nodig in die volg. woorde, en gee die betekenis :—

Sekondere, goeie, droe, vetkers, vlermuis, moee, kommersiele, finansieel, ryperd, ruens, werd, sooloe, teenspoed, teespoed, kooperasie, leuen, wereldwye, liefhe, wyer, vroeer, nouer, bele, oudiensie, intellektuele, finansiele.

6. Gebruik die regte vorm :—
'n (breed) straat, 'n (dof) lig, 'n (waaksaam) soldaat, (onverskillig) mense, 'n (eg) diamant, 'n (vas) aanbod, 'n (sag) kussing, (doen) sake, (sweer) vriende, (bedrieg) klante.

7 (*a*) Gee die **meervoud** van :—
vlag, gebod, blad, genot, graaf, lied, pad, jas.
(*b*) Gee die **verkleinwoord** van :—
naam, pad, lewe, vat, blad, tou, kram.

8. Vorm bnw. van die woorde tussen hakies :—

'n (kritiek) tydperk ;
'n (kritiek) beskouing ;
(provinsie) bestuur ;
(wysgeer) argumente ;
'n (argitek) wonder ;
(konvensie) drag ;
(dwing) onderwys ;
'n (nasie) ramp ;
'n (bos) omgewing ;
'n (sensasie) gebeurtenis.

9. **Voltooi :—**

So doof as 'n —
So arm as 'n —
So dun as 'n —
So lig as 'n —
So skelm as 'n —
So maer as 'n —
So vet as 'n —
So reguit as 'n —
So vinnig as —
So geduldig as 'n —

10. **Skryf neer :—**

(1) Watter dag :—eergister, naasoormore, vandag oor 'n week.
(2) Die vier jaargetye.
(3) Die twaalf maande.

## TOETS 15.

1. **Vertaal in Afrikaans :—**

   (*a*) We are in receipt of your letter of the 10th ultimo.
   (*b*) Don't rely upon the advice of a porter in regard to the validity of your ticket.
   (*c*) These trains do not convey passengers from Capetown for Woodstock.
   (*d*) Property found at a station will be forwarded to the lost property office.
   (*e*) We endeavour to arrange freight at lowest rates.
   (*f*) See your own country first.
   (*g*) Some of the chief exports of the Union of South Africa are gold, wool, and diamonds.
   (*h*) The recently instituted road-motor services have proved a great success.
   (*i*) During June, July and August there is very little rain on the Central Plateau.
   (*j*) On Tuesdays and Saturdays a train leaves Postmasburg at 8.30 a.m. and arrives at Douglas Station at 5.40 p.m.

2. Vul in o.s. sinne die ontbrekende ww. aan (met die nodige voorvoegsels) :—

   **Soek.** Ek was op pad om jou te gaan —, maar, hoewel ek lank na jou huis — het, kon ek dit nie kry nie. Hiermee wens ek u vriendelik te — om tog nie te rook nie. Ons het die hele saak deeglik —.

   **Stel.** Het jy die goedere al — ? Na sy siekte het hy baie gou —. Moet jou nie daaroor — nie. Hy is as voorsitter —.

   **Haal.** Met die eksamen het hy die hoogste punte —. Sal jy asb. — wat jy gesê het ? Hulle het ons baie vriendelik —. Hy het — hoe hulle na drie dae die vyand — het. Ek het my vriend by die stasie gaan —. Hy was so siek dat hy nie eers die huis — het nie.

   **Neem.** Ek het sy voorstel nie — nie. Hy het hom — om nooit te veel dinge tegelyk te — nie. Ons het — van u onlangse siekte wat al u kragte — het. Wie het my boek — ?

3. Skryf die volgende paragraaf oor :—

   (*a*) in die teenwoordige tyd,
   (*b*) in die toekomende tyd.

   Toe die student in die kamer kom en al die pakkies sien, wis hy nie wat hy moes dink nie. Nieteenstaande die feit dat dit nie sy verjaarsdag was nie, het daar 'n groot aantal pakkies gelê. Met gefronste wenkbroue het hy die boel gadegeslaan, hulle betas, en weer gepeins, sonder dat die pogings wat hy aangewend het om agter die waarheid te kom enige vrugbare resultaat afgewerp het. En toe, skielik, het hy hom herinner dat dit sy kamermaat se verjaarsdag was.

4. **Gebruik in goeie volsinne :—**

Sonder aansien des persoons
te kus en te keur gaan
van nul en gene waarde
ter bekwamer tyd
met snaar en tamboer
ter ruste lê
tot niet maak
ten hemel styg
ter ore kom
te hore kom

5. **Voltooi :—**

Hy vloek soos 'n —.
Hy swem soos 'n —.
Hy slaap soos 'n —.
Hy is so koppig as 'n —.
Hy is so plat soos 'n —.
Hy skop soos 'n —.
Hy loop soos die —.
Hy praat soos 'n —.
Hy is so styf as 'n —.
Geld is so volop soos —.

6. Gee die teenoorgestelde van :—

(1) 'n Kind is **soet** of —
(2) 'n Lemoen is **soet** of —.
(3) Wyn is **soet** of —.
(4) Koffie is **soet** of —.
(5) **Spekvet** of —.
(6) **Propvol** of —.
(7) Die see is **kalm** of —.
(8) Die man is **kalm** of —.
(9) **Opgeruimd** of —.
(10) **Openlik** of —.

7. Skryf neer : (*a*) **Vyf** idiome waarin die woord **jakkals** voorkom : (*b*) **Vyf** uitdrukkinge vir : **Pak gee**.

8. Vul in die ontbrekende voorsetsels :—

(1) Ek wy my aandag — my werk.
(2) Ek vestig sy aandag — die fout.
(3) Ek bepaal my aandag — my werk.
(4) Ek bestee my aandag — my werk.
(5) Ek bekommer my — hom.
(6) Ek verkies 'n reis — trein — 'n uitstappie — voet.
(7) Ek neem deel — sport.

9. Sê in 'n goeie volsin wat elkeen van die volgende is (b.v. 'n Skuldenaar is 'n persoon wat geld skuldig is) :—

'n Argivaris, 'n dirigent, 'n makelaar, 'n masjinis, 'n beroepspeler, 'n notaris, 'n testateur, 'n reisgesellin, 'n penningmeester, 'n sukkelaar.

10. (*a*) Gee die **teenoorgestelde geslag** van :—

waarsêer, swaer, teef, weduwee, meid, meisie, peetoom, markgraaf, heidin, klong.

(*b*) Die volg. snw. het elkeen **twee meervoude** met verskillende betekenisse. Gebruik elkeen in 'n goeie sin :—

ruit, gas, bas, las, wig.

## ONDERWERPE VIR SAKEBRIEWE.

(Uit ou eksamenvraestelle.)

[N.B.—In elkeen van die volgende vrae moet u ook die antwoord gee.]

1. Skryf 'n brief van omtrent 15 reëls sonder byrekening van aanhef en slot om u werkgewer kennis te gee dat u sy diens gaan verlaat en om hom te bedank vir die wyse waarop hy u behandel het.
2. Skryf 'n saaklike brief aan die S.A. Spoorweë om inligting te vra omtrent 'n toer wat u voornemens is om te onderneem.
3. Bespreek losies vir uself en gesin by 'n hotel.
4. Vra u werkgewer verlof om tweemaal per week gedurende werksure Tegniese Klasse of Handelsklasse by te woon (omtrent 10 reëls).
5. Doen aansoek om die volg. vakante betrekking :—

   Applikasies word gevra vir die betrekking van boekhouer in 'n prokureurskantoor. Vorige ondervinding en kennis van tik- en snelskrif sal 'n aanbeveling wees. Doen aansoek voor 30 Junie by F. le Roux, Strandstraat 116, Kaapstad.
6. Vra u werkgewer om drie dae buitengewone verlof.
7. Vra om na 'n takbesigheid verplaas te word.
8. Herinner u hoof daaraan dat hy beloof het om u van hierdie maand af 'n verhoging van salaris te gee.
9. U bestel 'n kissie vrugte van 'n boer wat dit per vragtrein stuur. Met die oopmaak vind u dat meer as helfte van die vrugte gesteel is. Skryf 'n brief aan die spoorweë waarin u skadevergoeding eis.
10. Doen aansoek by 'n tegniese kollege of uniwersiteit om as student ingeskryf te word. Meld die vakke wat u wil neem, u kwalifikasies, ens.
11. Vra 'n boer of u op sy plaas kan gaan jag.
12. Vra 'n uitgewer of hy gewillig is om 'n sekere boek, wat u geskryf het, uit te gee.
13. Doen aansoek om verhoging van salaris.
14. Vra die redaksie van *Die Burger* of hulle bereid is om af en toe stukke van u te plaas.
15. Deel die spoorwegoutoriteite mee dat u 'n reissak in die trein laat agterbly het en wil weet of hulle dit nie gekry het nie.
16. Dien klagte in teen 'n kaartjiesondersoeker van die S.A.S.

17. Die Administrasie van die S.A.S. het besluit om die treindiens tussen Driefontein en Sterkstroom op te hef. Die stadsklerk van Driefontein word opgedra om die Administrasie te versoek om die besluit te herroep. Hy moet minstens drie redes gee. Skryf die brief.

18. Skryf die brief waarin die firma Le Roux en Seuns die ontvangs erken van goedere deur die here Katoen en Kie. gestuur, maar kla oor 'n deel van die besending.

19. Herinner 'n goeie klant daaraan dat sy rekening al lank agterstallig is.

20. Skryf 'n laaste maanbrief aan 'n klant wat u geld skuld en van wie u op twee vorige maanbriewe geen antwoord ontvang het nie.

21. U wil 'n takbesigheid in 'n ander stad stig. Skryf 'n brief aan 'n korrespondent aldaar waarin u hom versoek om u noukeurige inligting te verskaf.

22. Bestel goedere by 'n kruideniers winkel.

23. Kla by die munisipaliteit oor eentalige opskrifte in openbare plekke.

24. Vra 'n dominee vir 'n getuigskrif wat u om een of ander rede nodig het.

25. Bedank 'n oud-onderwyser vir al sy moeite en hulp in verband met u studies in Afrikaans.

## ONDERWERPE VIR OPSTELLE.

(Uit ou eksamenvraestelle.)

1. Biblioteke.
2. Ons goudmyne.
3. Die huurkoopstelsel.
4. Die mooiste boek wat ek gelees het.
5. My vernaamste moeilikhede by die aanleer van Afrikaans.
6. „Eerlikheid duur die langste."
7. Die waarde van persoonlikheid.
8. 'n Toer per trein of per motor deur 'n interessante deel van ons land.
9. Die uitvoer van Suid-Afrika.
10. Lente in my distrik.
11. Drome.
12. 'n Ongeluk waarvan ek ooggetuie was.
13. Ons spoorweë.
14. Hoe ek my Saterdae deurbring.
15. Die klimaat van Suid-Afrika.
16. Die waarde van tweetaligheid.
17. Hoe om gesond te bly.
18. Wat die draadloos vir ons beteken.
19. Suid-Afrikaanse riviere.
20. 'n Besoek aan 'n tandarts.
21. Werkloosheid.
22. Skuld.
23. Wat die maan alles sien.
24. Ons binnelandse handel.
25. 'n Verjaarsdagpartytjie.
26. Bygelowe en bygelofies.
27. Ons parlement.
28. Vrouestemreg.
29. Die waarde van tentoonstellings.
30. Droogte.
31. 'n Donderstorm.
32. 'n Rit per vliegmasjien van Kaapstad na Londen.
33. Oorlog in die toekoms.
34. My geliefkoosde Afrikaanse skrywer.
35. „Arbeid adel."

36. Die naturellevraagstuk.
37. Wat Tafelberg kan vertel.
38. Byna bokveld-toe.
39. Die mag van die pers.
40. Die plek van die vrou in die maatskappy.
41. „Sien Suid-Afrika eers."
42. Die beskerming van ons nywerhede.
43. Behoort vrouens dieselfde salaris as mans te ontvang?
44. Die minerale rykdom van S.A.
45. „Aanhou wen."
46. 'n Aangename vakansie.
47. As ek die Prins van Wallis was.
48. 'n Besoek aan 'n groot winkel.
49. 'n Maanligaand.
50. Waarom ek Afrikaans leer.

*Printed by* CAPE TIMES LTD., KEEROM STREET, CAPE TOWN.—U.4374

Estd. 1853.
JUTA
& Co. Ld.